


SOLANK JY STAANDE BLY

BRAND SMIT



Solank jy staande bly

BRAND SMIT

© 2018 Barend J. L. Smit

Alle regte voorbehou
Eerste uitgawe 2018

Buiteblad: *Die Skilder Op Pad Werk Toe, deur Vincent van Gogh* (1888)

INHOUD

<u>INLEIDING</u>	7
<u>Notas uit 'n paar plekke</u>	9
<u>Emosionele probleme, of inhibisies</u>	17
<u>Twee plus een belangrike opmerkings</u>	19
<u>Die kriteria vir oorlewing (raak strenger by die dag)</u>	20
<u>Oor die tegniese aspekte van plek en lidmaatskap</u>	24
<u>Storm voort met 'n brandende viool</u>	28
<u>Dis steeds lewe, en steeds jou toewyding waardig</u>	31
<u>[DIE GROOT ONGETITELD]</u>	32
<u>Beginsels, stellings, en 'n vraag</u>	48
<u>Eindkontemplasie III</u>	50
<u>Die enkeling en die gemeenskap</u>	51
<u>Verligte gees</u>	53
<u>Ek weet wie ek is, deel twee</u>	54
<u>Nuwe benadering Toewyding Aanvaar jouself</u>	57
<u>Net sodat die skare weet Die lewe is 'n plesier-rit</u>	59
<u>Resultate van 'n lewe</u>	61
<u>Dis net 'n spel, en die reëls is ontsyferbaar</u>	62
<u>Die formule wat lei tot resultaat</u>	64
<u>Aangetrokkenheid tot stilte</u>	66
<u>Verveling, en aksies wat kompenseer (en my Engelse klas op 'n Maandagmiddag)</u>	68
<u>'n Kronkelgedagte</u>	70
<u>Geloof, hoop, en liefde – en die noodmaatreëls om op te maak vir die afwesigheid van hierdie dinge</u>	73
<u>Enkele punte op Maandag 18 Oktober 2004</u>	75
<u>Om te word wat jou sal bring waar jy moet wees</u>	78
<u>Waar in mens moet glo</u>	81
<u>Poging en beloning Persoonlike realiteit</u>	83
<u>Stem van die Anderkant</u>	86

<u>Jy wen, al is daar chaos</u>	88
<u>Triomf! Ten spyte van my veronderstellings</u>	89
<u>'n Lewensbeskouing om oor verleë te voel</u>	93
<u>Tyd weg uit die plek wat ek ken</u>	95
<u>“Brand Smit” en 'n beter lewe</u>	98
<u>Waarde _____ gemanifesteer _____ _____ Natuurlike bestaanstoestand</u>	101
<u>'n Vry man se persoonlike stryd</u>	103
<u>Veg vir die Vegtende Gees</u>	107
<u>Gereed vir nog 'n dag se reis</u>	110
<u>Solank ek nog staande is</u>	111
<u>Om meer te doen, of minder</u>	113
<u>Notas in die Januarie van nog 'n jaar</u>	114
<u>Jou getroue dienskneg, Amper Man</u>	116
<u>Dink aan kerk, en wees soos water</u>	121
<u>Die pad wat agter my lê</u>	122
<u>Geld en selfrespek</u>	124
<u>Ek probeer om radikaal te wees, sonder my blou kitaar</u>	126
<u>Selfs wanneer jy besig is om te verloor, kan jy wen</u>	128
<u>Die noodtoestand is verby</u>	130
<u>Elke man het sy plafon</u>	132
<u>Nota nommer 517 aan myself</u>	135
<u>Tyd om op te gee</u>	136
<u>Meetstok van jare se wegry van dieselfde plek af</u>	137
<u>Resultaat, Proses, Identiteit en Geluk</u>	139
<u>Hou jouself staande, anders sál jy stof byt</u>	140
<u>Kersdag is 'n bietjie soos die lewe</u>	142
<u>Slaan hard met dit wat jy die beste doen</u>	143
<u>Middelmatigheid of steek jouself aan die brand</u>	146
<u>Jy beter opstaan as jy getel wil word</u>	147
<u>Jy bou nog so lekker aan jou kaarthuis ...</u>	148
<u>Geluk en blydskap is die eerste muur, en die laaste boom</u>	149
<u>Enkele aangename en onaangename waarhede</u>	150
<u>Een alternatief om voor 'n trein in te stap</u>	151

<u>Net genoeg projekte, en goeie stelsels om dit te behartig</u>	153
<u>Neem eienaarskap van jou mislukkings</u>	155
<u>Die winsgewende periode 2006 tot en met die begin van 2011</u>	156
<u>Was dit die tyd en geld werd omdat jy iets geleer het oor jouself?</u>	158
<u>'n Goeie en suksesvolle dag word opgebou laag vir laag</u>	159
<u>Slaan die drom met oorgawe, of laat sak jou kop in skaamte</u>	161

INLEIDING

Wie is die skrywer?

Gebore op 29 Junie 1971 in Pretoria, in die Republiek van Suid-Afrika.

Spandeer twee jaar in Suid-Korea as Engelse onderwyser tussen 1996 en 1998.

Werk in Johannesburg vir ses maande in 1998.

Vertrek na Kaohsiung, in die suide van Taiwan, in Januarie 1999.

* * * * *

Waaroor gaan hierdie bundel?

Op Maandag 19 Desember 2005 het ek geskryf, as jy nie opstaan en verder loop nadat jy gestruikel het nie, sal jy “opeindig plat op jou gesig. Mense – vriende, familie, en ’n paar vreemdelinge – sal jou help tot op ’n punt. Maar na ’n ruk sal ook hulle hul eie reise voortsit. Dit is eenvoudig hoe die lewe is.”

Op Donderdag 2 Junie 2011 het ek geskryf oor my eie lewensmaat: “As jy nie gelukkig is nie, sal sy jou help om die hindernis uit die weg te ruim, om jou probleem op te los. Sy sal *aandring* daarop – selfs, as dit nodig is, ten koste van haar eie geluk. Maar as jy nie saamwerk nie, as jy nie jou deel bybring om jouself gelukkig te maak nie, dan kan jy in jou moer in vlieg.”

Daar is ’n hele paar vriende, familieledes, en selfs ’n paar vreemdelinge wat ek kan bedank vir bystand oor die jare, maar een feit bly staan: As jy dit wil maak deur nog ’n dag, is dit jou verantwoordelikheid om te doen wat jy moet doen om op

jou voete te bly, en wanneer jy struikel, moet dit jou vaste voorneme wees om weer op jou voete te kom en die reis voort te sit.

Die notas en essays in hierdie versameling is geskryf tussen 1994 en 2017. Dit getuig van my eie beskeie pogings oor die jare om staande te bly, en die reis enduit te sien.

Notas uit 'n paar plekke

APRIL 1994

“Ons soek voortdurend na iets waaroor ons seker kan wees. Soms vind jy dit in 'n intieme verhouding met 'n ander persoon. Soms vind jy dit in die godsdienstige sisteem wat jy kies om aan te hang, in jou geloof in die god wat jy aanbid. Ek vind my sekerheid in drie dinge: Geboorte, Lewe en Dood. Die mens word gebore. Die mens leef. Die mens sterf. Dis onwrikbare bakens van die mens se bestaan.”

* * *

“Hoeveel waarde moet mens heg aan die idee dat daar nie iets soos 'n volmaakte lewe is nie? Dat dit wat jy het, miskien die beste is wat jy gaan kry; dat daar nie 'n volmaakte lewe is wat nagestreef moet word nie; dat daar met ander woorde nie 'n teiken is wat gemis kan word nie. Is dit 'n vals aanname dat jou lewe beter en beter gaan word hoe nader jy aan 'n teiken van veronderstelde 'volmaaktheid' kom?”

* * *

“Daar word gesê die mens is basies 'n dier. Die verskil is dat die mens geleer het hoe om instrumente te gebruik en vuur te maak, en toe paaie en geboue en motors en fabrieke en banke en skole en universiteite en hawens en parlamente en sportstadia en tronke en hospitale gebou het. As deel van 'n geslag wat gebore is in 'n tyd toe al hierdie dinge reeds gevestigde bakens van menslike beskawing geword het, en waar daar van jou verwag word om net in te val, om te konformeer aan die standaard van hierdie samelewing, help dit jou nie veel om te wens jy kon in eenvoud leef soos jou broers en susters in die natuur nie.

Ons samelewing is te groot, en te onpersoonlik. Ons, en dié voor ons het 'n monster geskep wat lank reeds buite beheer geraak het, wat 'n lewe van sy eie gekry het. En as jy nie voor die monster neerbuig nie, word jy verslind en jou oorblyfsels eenkant uitgespoeg.”

* * *

“Ons leef op 'n planeet waarvan daar miljoene is. Ons staan geen kans teen die kosmiese magte nie. Ons het lankal ons oorspronklike habitat verlaat waar ons soos ander diere net moes sorg vir kos en skuilplek en net gehoop het op gemeenskap met ander soos ons. En ons is almal aan die einde bestem om te sterf, om soos plante te vergaan. So, presies waaroor gaan hierdie komplekse moderne samelewing waarbinne ons gebore is, en wat ons gedoem is om in stand te hou?”

OKTOBER 1997

“Miguel de Cervantes het gesê hy sou eerder 'n korsie brood en 'n ui alleen in 'n hoek eet, as om 'n vet kalkoen te eet by 'n ander man se tafel waar hy verplig sou wees om stadig te kou, min te drink, sy mond af te vee elke minuut, nie te nies of te hoes nie, of ander dinge wat die voorregte is van vryheid en alleenheid.”

* * *

“Een ding wat ek sover in my lewe geleer het, is hoe belangrik dit is om keuses te hê, en om oor die vermoë te beskik om te kan oorgaan tot aksie nadat jy jou keuse gemaak het. Daar is altyd mense wat dit kan doen, en mense wat dit nie kan doen nie. Dié wat nie veel keuses het nie, is in baie gevalle, direk of indirek, die diensknegte van mense wat wel keuses het én hierdie keuses kan uitvoer. As jy dit wys geraak het, staan jy onwillekeurig voor 'n keuse: Aan watter kant van die lyn wil

jy staan? As jy nie daadwerklik kies om getel te word onder dié wat keuses maak én keuses uitoefen nie, sal jy noodwendig getel word onder die ander groep.”

NOVEMBER 1997

“Ek het nog agt maande oor van my kontrak [in Suid-Korea] voor ek teruggaan Suid-Afrika toe. In plaas daarvan om te dink aan nog agt, lang maande ... begin ek eerder te dink daaraan dat ek nog agt maande lank ’n werk het, ’n salaris verdien, en ’n plek het om te woon. Wanneer ek terug is in Suid-Afrika, sal ek aanvanklik werkloos wees, ek sal nie ’n inkomste verdien nie, en ek sal nie ’n plek van my eie hê nie.

Dit is soos ’n kloof wat agt maande voor my in die toekoms lê. Ek kan my ore plattrek, my oë toemaak, en net hardloop – en hoop die tyd gaan gou verby, net om dán te besef ek weet nie hoe om die kloof oor te steek nie; dat ek teen ’n reguit krans afstaar.

[...]

Feit is, die agt maande sál verbygaan, en dit hang af van niemand anders nie as myself hoe die prentjie gaan lyk wanneer ek terugkyk. Gaan ek verspeelde kansse sien, en vorentoe kyk en besef ek is in die moeilikheid? Of gaan ek op die lughawe in Singapoer sit voor my vlug Suid-Afrika toe, en dink aan alles wat ek die vorige agt maande vermag het, goed voel oor myself, en met selfvertroue en hoë verwagting uitsien daarna om die kloof oor te steek?

Dit hang alles van myself af – nou. Ek het, hopelik, nog agt maande om voor te berei.”

MAART 1998

“Ek kan die gedagte om te verloor nie verduur nie – nie as ek verwag het om te wen nie. Ek raak obsessief daarvoor om te wen, om my verwagte punt van sukses te bereik. As ek dit nie bereik nie, maak niks vir my sin nie, en my wêreld verkrummel: ‘Hoe is dit moontlik dat ek nie kon wen nie?!’

Ek moet leer om tevrede te wees met minder, en om laer verwagtinge aan myself te stel.

In *Ten Things to Do in Denver When You're Dead* praat die hoofkarakter van 'n lys wat mens moet opstel van tien dinge wat jy die graagste in die lewe wil doen. Volgens hom sal jy heel waarskynlik nooit al tien gedoen kry nie, maar al realiseer jy net vyf of ses daarvan, het jy goed gedoen vir jouself.

Dis kak. As ek so 'n lys moet opstel, verwag ek om al tien te doen. Nege uit tien sal beteken ek het misluk.

Hoe gaan ek te werk om hierdie destruktiewe houding te verander?"

* * *

“Alles wat ek nog altyd gesê het oor vryheid, finansiële skuld, my ideale, my ambisies, my drome, die strewe om my potensiaal te bereik, en om te leef soos ek graag wil leef, kristalliseer rondom een enkele, noodsaaklike voorvereiste. Ek het al genoeg gesien, ervaar, gelees en gehoor om te verstaan hoe belangrik mag is: Mag om keuses te kan maak, en keuses te kan uitoefen. ‘Kto kgo?’ het Lenin gevra. ‘Who (masters) whom?’

As jy nie vir die res van jou lewe die rol wil speel van die dienskneg, die skuldenaar, die persoon in selfopgelegde ekonomiese ballingskap nie, moet jy ophou hardloop en begin werk, doelgerig, daadwerklik, met 'n enkele doelwit voor oë: om te bekom wat jou vry gaan maak – van skuldeisers, van balju's, van armoede en 'n onbeduidende bestaan, en vry van ekonomiese meesters wat oor jou baas wil speel.”

* * *

“Wag 'n bietjie ... ek het jou dopgehou van daai rots af,” sê hy toe hy by die ou aankom, “en ek het gesien hoe jy hier arriveer. Ek het gesien hoe jy die lug snuif, en sommer net 'n rigting instap. Ek sit al hier vir jare lank. Ek weet alles van al

die paaie af. Ek het al baie mense gesien kom en gaan, en ék kan nog steeds nie met sekerheid sê watter pad die beste is vir my nie. Meeste mense huiwer ten minste 'n dag of twee voor hulle 'n pad kies. Maar jý? Jy snuif die lug en begin net te stap! Hoe kan jy so seker wees van jou keuse?!”

Die ou kyk na die sitter, sug dan, en sê: “Jy sit nou al vir jare op daai rots. Jy’t al die opsies oor en oor bedink, heel moontlik al boeke vol aantekeninge gemaak. Maar wat het jy van al die jare se sit en dink? 'n Rots, en dis nie eens jou eie nie!

“Soos jý weet ek daar’s struikelblokke in hierdie pad wat ek gekies het. Daar wag mooi dae ... en daar wag heel waarskynlik onweersdae, omstandighede wat my sal laat twyfel of ek die regte pad gekies het. Elke pad het hierdie elemente van onsekerheid.

“Die idee,” gaan die ou voort, “is nie om die pad te kies met die minste struikelblokke nie. Die idee is om jouself toe te wy aan 'n pad ongeag die struikelblokke, ongeag die risiko’s, ongeag mooiweer of onweer. Om jouself toe te wy aan 'n pad tot jy die einde van daai pad bereik het.

“As jy jouself toewy aan 'n pad, aanvaar jou medereisigers jou. Dan weet jy: jy hoort op daai spesifieke pad, op daai spesifieke tyd.

“By elke kruispad sien ek mense soos jy, mense wat vir jare lank op 'n rots sit en met hulleself argumenteer oor watter pad die ‘regte’ een is. Daar is nie 'n absolute ‘regte pad’ nie! Wat daar is, is toewyding. En dít kan enige pad die regte pad vir jóú maak.”

Die sitter laat sak met die hoor van hierdie woorde sy kop, en staar peinsend voor hom in die stof. Toe hy weer opkyk, is die ander ou reeds oor die eerste heuwel.

JUNIE 1998

“Ek is op hierdie stadium gereed om myself te verbind aan dinge – en dis 'n moerse erkenning, in ag genome my ou weersin aan die idee. Ek het 'n geweldige sterk behoefte om

êrens te behoort, om betrokke te wees by organisasies en by mense, en myself te verbind aan verhoudings, en aan planne, en idees. Die dinge waaraan ek myself wil verbind is hier – in Suid-Afrika. As ek nou weer oorsee moet gaan, moet ek weer die vervulling van hierdie behoeftes op die langtermyn skuif, 'n paar *tapes* en 'n paar boeke en 'n paar ander los items in my rugsak gooi, en myself weer tydelik elders anders gaan vestig. Dit is teenstrydig met alles wat ek hierdie laaste paar maande gedink en besluit het. Verder is daar geen waarborg dat ek meer geld sal kan maak oorsee as wat ek op die medium- en langtermyn kan maak in my eie land nie. Laastens, wat presies wil ek oorsee doen? Ek is nie juis ekstaties oor die moontlikheid om weer English Teaching te doen in die Verre Ooste nie.”

JULIE 1998

“Watse behoeftes kan ek hier, in Suid-Afrika, vervul? Die behoefte om deel te wees van 'n gemeenskap, om êrens te behoort, om 'n rol te speel, om betrokke te raak, om 'n herberg op eie turf op te bou, steen-vir-steen, boek-vir-boek, stoel-vir-stoel, mat-vir-mat, en een aandenking op 'n slag.

Ek het maande gelede al die insig gehad dat ek nie sommer net een dag in 'n middelklas voorstad wakker gaan word nie, dat ek nie hulpeloos ingesuig gaan word in die middelklas in nie. Die waarheid is, selfs al werk jy doelgerig daaraan vir jare om 'n Voorstedelike Kleinburger te word, is daar geen waarborg dat jy een sal word nie, siende dat jy omtrent 'n vlekvrre kredietrekord moet hê voor jy op die uitnodigingslys kan kom vir 'n tee-party in die gemiddelde voorstad. Selfs al kwalifiseer jy, hang dit steeds van jou af – wil jy werklik hierdie lewe hê?”

AUGUSTUS 1998

“Die Situatie: Ek woon nou al sewe weke lank in Johannesburg. Ek werk in 'n kantoor in 'n administratiewe

kapasiteit. Ek verdien tussen R1500 en R2000 per maand. Ek huur 'n kamer in Norwood vir R500 per maand. Ek het nie 'n kar nie. Ek het nie 'n behoorlike posadres nie. Ek moet R2000 per maand aan my studieskulde afbetaal. Ek woon in iemand anders se huis. Ek kyk in die aande iemand anders se TV. Ek moet op vriende staatmaak om buite 'n 3-kilometer-radius van my huis af te beweeg (behalwe wanneer ek werk toe gaan, gelukkig). Ek kan nie die sosiale aktiwiteite bekostig van die kring waarin ek beweeg nie. Ek sit nou al ses weke lank met 'n gebreekte tand, omdat ek nie geld het om iets daaraan te doen nie.

Die Probleem: Siende dat die geld wat ek van Korea af terugbring het amper op is, moet ek binnekort my inkomste met ten minste 250% verhoog om te verhoed dat my huidige strategie van skulddeging skipbreuk ly. Ek is afhanklik van ander mense vir woonplek, vervoer, en selfs vir goeie kos. Dis nie 'n gewenste situasie nie. Alles in my lewe is onseker. Ek moet dringend iets daaraan doen.”

DESEMBER 1998

“Maar, dit is om 'n mooi prentjie te skets ter wille daarvan om nie spyt te wees nie. Ter wille van eerlikheid, moet ek ook die anderkant van die verhaal skets.

In terme van mag – wat ek oudergewoonte definieer as die vermoë om keuses te kan maak, keuses te kan uitoefen, en om nie afhanklik te wees van ander nie – was ek 'n big time loser die afgelope sewe of agt maande. Big time. Ek stel myself inderdaad in die verleentheid om steeds te probeer om terug te baklei, om steeds my waardigheid te wil verdedig.

Die waarheid is dat ek tans meer magteloos is as wat ek ooit tevore in my lewe was. Vir al die belangrikheid wat mag, onafhanklikheid, waardigheid en trots vir my gehad het agt maande gelede, is dit ironies dat ek soveel verloor het op al hierdie terreine! Vir hierdie rede, en hierdie rede alleen, sou

ek kon sê dat ek spyt is dat ek nie reeds einde Junie probeer het om weer 'n teaching job te kry in die Ooste nie.

Maar, daar's geen sin in spyt nie, so ek gaan nie tyd daarop mors nie. Ek het gedoen wat ek gedoen het. Ek het 'n paar dinge geleer, en ek was 'n paar keer neergevel teen die grond. But at least I came out for the fight, of hoe? Al was dit half teësinnig, en al lyk ek nie exactly soos 'n held op die oomblik nie.

Wat's volgende?

Ek het gesien, vir as ek vergeet het, hoe lyk finansiële magteloosheid. Nie weer nie. Nie as dit van my afhang nie. Hierdie jaar was na alles een van die verrykendste jare van my lewe, al gaan ek dit gewond en beseerd, en swak gewapend uit. (Mens kan amper sê ek het die jaar ingegaan soos 'n Duitse soldaat in 1939, en ek gaan dit uit soos 'n Russiese soldaat in 1917.) 'n Verlore jaar was dit nie, daarvoor het ek veels te veel baklei, en te veel skermutselings oorleef. Die res van die duisend myl reis wat ek begin het, sal voortgaan. Two steps forward, one step back. Maar ek sál voortgaan.”

JULIE 1999

“Sukses volg nie altyd 'n chronologiese orde van gebeure nie. In vele gevalle is dit twee treë vorentoe en een-en-driekwart treë terug. Maar uiteindelik het jy die belangrikste plekke op die reis aangedoen, en as jy weer kyk, bevind jy jouself in 'n meer aangename situasie.

Moenie bekommerd wees daaroor as jy nie altyd 'n goed uitgewerkte plan volg nie. Om net te begin êrens, en dan van een afgehandelde taak te beweeg na 'n volgende, is beter as om aksie uit te stel tot 'n volmaakte plan geformuleer is.

Laaste punt: As jou gemoed reeds aan die bleek kant is, maak dit saak as jy ten minste skoon onderklere het.”

Emosionele probleme, of inhibisies

Maart 2000

Ek was nog nie eens behoorlik wakker gisteroggend toe ek besef ek het nog steeds dieselfde hang-ups as die vorige aand nie. Dis soos as 'n mens gaan kamp saam met 'n groep mense. Sodra almal wakker word in die oggend, herken almal mekaar as dieselfde mense wat hulle die vorige dag was. So is dit met my hang-ups. Die oomblik as my wakker afgaan en ek besef dis nie 'n nagmerrie of 'n flou grap nie, dan's dit asof iemand ook my hang-ups wakker maak. And what do you know! Daar's hulle almal, op hulle plek, gereed vir nog 'n dag se diens!

Waarvan praat ek? Wat presies, is my probleem? Hoofsaaklik die feit dat ek dink ek nie veel van 'n indruk maak op mense wat ek ontmoet nie. Ek wens altyd ek kan 'n beter vertoning lewer – 'n sportiewe ou wees vir die sportiewes, 'n amateur musikant vir die wannabe rock stars, 'n ervare traveller vir die travellers, 'n kapitalis vir die kapitaliste, en 'n kommunist vir die kommuniste. Ek wens ek het meer geweet van meer dinge, sodat ek kon saampraat langs meer vure. Ek wens ek het al meer ervaar, en meer gesien. Ek wens ek kon meer dinge doen, op so 'n wyse dat mense ánder verwys na my, of na my verwys in hulle gesprekke.

Toe verander alles. Ek dink toe, wie is hierdie mense wat ek so graag wil beïndruk? Wie is hierdie mense met wie ek myself so onderdruk? Daar's ses biljoen mense op hierdie planeet, duisende kulture, miljoene subkulture, 'n ontelbare hoeveelheid agterkamers en gaatjies en hoeke in donker en halfverligte gange. Daar's kelderverdiepings, soldertvertrekkers; amper soveel spasies as wat daar mense is. Hoekom, op aarde, onderdruk ek myself so met 'n paar mense wat eintlik fokkol vir my beteken?

Bevry jouself, wil 'n mens amper sê.

* * * * *

Ek is 'n leërmag van een.

Tog, as ek daaraan dink, is ek deel van 'n leërmag van duisende, honderdduisende, selfs miljoene. Die enigste ding is, ons almal kruip weg in ons huise of woonstelle, of in studeerkamers, buitekamers, gastekamers, spaarkamers, karavane, of in inrigtings van een of ander soort. Sommige van ons hou wag in die nag, en gaan slaap eers wanneer ander mense wakker word. Sommige van ons hou meer gereelde ure. Soms herken ons mekaar op straat, soms nie. Party van ons het baarde; ander se hare is net deurmekaar. Ons is mans, en ons is vrouens. Sommige van ons is ryk; ander van ons sal altyd arm wees. Sommiges besit huise, en sommiges besit net die klere aan hul lywe. Sommiges is bekend aan miljoene; ander onthou nie eens altyd hulle eie name nie.

Ons – is die Leërmag van Een.

* * * * *

Twee plus een belangrike opmerkings

Woensdag 10 September 2003

Mense, ek ingesluit, is te ernstig. Vat die hele storie van om te moet trek na 'n ander woonstel toe. Jy woon in 'n plek vir amper vyf jaar, en dan kry jy 'n oproep een nag. Jy word vertel dat die eienaar die woonstel wil verkoop, en jy moes eintlik gister al uit gewees het. Jy voel effens angstig oor die plek wat eersdaags jou nuwe tuiste sal wees, die nuwe omgewing, nuwe paaie wat jy sal moet verken. Wat ek hier wil voorstel, is dat hierdie aangeleentheid, soos soveel ander in die lewe, nie naastenby soveel erns regverdig nie.

Dit was die eerste opmerking. Die tweede opmerking is dat die eerste opmerking 'n pot stront is. Goed, sekere dinge is nooit so erg soos wat mens aanvanklik jouself verbeel het dit gaan wees nie. Maar as jy eerlik moet wees, moet jy erken dat die lewe 'n redelike ernstige besigheid is. As jy lag vir elke tweede ding wat gebeur met jou, of vir elke derde persoon wat paaie met jou kruis, gaan jy beslis jou gat sien.

* * *

Die lewe is beslis geen grap nie, maar buiten die groot waarhede soos “Oliebolle maak vet” en “Die aarde is rond” is daar min dinge wat so waar is soos dat jy kan vergeet om te oorleef in hierdie wêreld sonder 'n goeie sin vir humor.

Om te lag vir dinge wat “nie regtig snaaks is nie” gooi ook ons somme omver. Want is een plus een dan nie twee nie? En as dit die geval is, dan's ons mos nie veronderstel om te lag vir driekwart van die dinge waaroor ons lag nie. Tog is dit presies wat ons doen, en op die kosmiese sakrekenaar is dit presies wat ons in staat stel om voort te gaan ten spyte van wat omstandighede soms dikteer.

Die kriteria vir oorlewing (raak strenger by die dag)

Dinsdag 16 September 2003

Die kriteria vir oorlewing raak strenger by die dag. Soos gewoonlik is persepsie van my persoon een van die grootste probleemareas – maar nie noodwendig hoe ander my sien nie; ek oordeel myself. As ek myself te lig bevind, dra ek dit soos 'n advertensiebord om my nek. Dan's ek een groot moraal- en selfbeeldkrisis gereed om in 'n onskuldige omstander se gesig te ontplof.

Vat my vriend L. as voorbeeld. Toe ek vyf jaar gelede vanaf Korea teruggegaan het Suid-Afrika toe, het hy saam met 'n groep ander werkende twenty-somethings 'n huis gedeel in Johannesburg. Hy was op daai stadium die publishing editor van 'n tydskrif wat hy grootliks op sy eie begin het (ander mense het ook 'n bydrae gelewer, maar dit was hoofsaaklik sy idee, en sy verantwoordelikheid).

Dit was die situasie toe ek teen Julie van daai jaar as glorified sekretaresse by sy onderneming aangesluit het. Teen Oktober van daai jaar het L. 'n huis gekoop in 'n goeie deel van die stad. Die kantoor het ook geskuif na die nuwe huis toe. Siende dat dit effens te ver was vir my om te bereik per fiets elke dag, het ek sy uitnodiging aanvaar om die buitekamer in sy agterplaas my tydelike hoofkwartier te maak.

Bietjie meer as 'n jaar later was L. op die punt om die volgende fase van sy lewe binne te gaan – huwelik. Ek was toe al elf maande terug in Noordoos-Asië. Ek het 'n hele drie slaapkamer woonstel vir myself gehad. Ek het voltyds gewerk, en ek het genoeg geld verdien om redelik goed te leef. (Vae veronderstellings oor presies wat ek doen het my altyd goed gepas, want dan het ek nie nodig gehad om vir enige iemand te verduidelik dat ek vir kleuters die alfabet leer terwyl ek my hande ritmies klap nie.)

Dis amper vier jaar later. My vriend het intussen sy tydskrif verkoop aan 'n groot maatskappy, wat ook vir hom 'n posisie aangebied het wat hy “nie kon weier nie”. Hy en sy vrou woon deesdae in 'n groter, luukser huis, en soos ek reeds genoem het in die vorige stuk, het hulle onlangs ouers geword van 'n babaseun. Hy is dus volgens die gemeenskap se kriteria suksesvol in alle opsigte – hy's 'n huiseienaar, hy's 'n getroude man, 'n pa, en hy't 'n werk wat baie van hom vra, maar die monetêre beloning maak dit die moeite werd.

Ek, aan die ander kant, huur steeds dieselfde woonstel by 'n vriendin van een van my werkgewers (hoewel net tot die einde van hierdie maand). Ek ry deesdae weer fiets want ek wil nie die bromponie wat op my stoep staan en olie drup vervang met 'n nuwe een nie (en omdat die fietsryery in elk geval beter is vir my gesondheid). Ek gee nog steeds 'n paar Engelse klasse elke dag. Ek werk ook aan 'n paar projekte wat hopelik eendag 'n langtermyninkomste sal genereer. En ek skryf. En studeer Chinees. Solank ek dus hier in Taiwan bly kan ek een keer per jaar 'n draai by my vriend gaan maak, in sý kar ry na 'n Italiaanse restaurant, en selfs bekostig om R200 of so uit te virk om die rekening te delg.

Maar waar gaan ek staan as ek terug is in Suid-Afrika? Die dae is verby wat ek 'n kamer kan huur by 'n vriendin van universiteitsdae. Die dae is verby wat ek op 'n stuk spons kan slaap in 'n vriend se buitekamer. Die dae is verby wat dit vir my goed genoeg sal wees om in 'n administratiewe kapasiteit in 'n kantoor te werk. Die dae is ook verby wat dit oukei is om vir my pël te sê ek sal saam met hom 'n dop gaan drink, solank hy my kan kom optel – en moontlik nog vir my drankie kan betaal ook. Dit is dus ooglopend dat die kriteria vir oorlewing – ten minste vir myself – strenger raak by die dag.

Moet ons almal dan ons lewens vergelyk met dié van ou vriende om uit te werk hoe goed of hoe sleg ons doen? Dis nie my bedoeling nie. Maar ek onderskryf sekere kriteria vir 'n goeie bestaan, en ek is bewus van hoe ek, op hierdie stadium, sou gevaar het in 'n wêreld soortgelyk as die een waarin my vriende in Suid-Afrika hulle bestaan slyt.

My identiteit as 'n skrywer wat alleen woon in 'n vensterlose woonstel êrens in die Verre Ooste, wat Chinees leer praat, en geleer het hoe om 'n paar vrae te vra oor die lewe, is stewig geanker in die realiteit waarin ek myself bevind het die afgelope vyf jaar. Die visie van myself as 'n entrepreneur wat hoop om “volgende jaar” geld te maak in Suid-Afrika, terwyl ek van tyd tot tyd my Chinese boeke sal afstof om te kyk of ek nog iets daarvan verstaan, is geanker in geloof. Ek weet nie of dit sal uitwerk nie. Ek mag dalk faal. En as ek misluk, voel ek ellendig.

Ek kan sekerlik sê dat ek nie myself met enige iemand hoef te vergelyk nie. Ek kan sê dat ek nie na ses maande of 'n jaar 'n huiseienaar hoef te wees nie. Ek kan sê dat ek nie na 'n jaar of agtien maande getroud hoef te wees nie. En ek kan byvoeg dat ek nie hoef te werk volgens 'n skedule nie. My lewe is immers nie 'n reeks tonele uit 'n vooraf uitgewerkte draaiboek nie.

Die probleem is dat ek bepaalde idees het van hoe sukses lyk. In die wêreld van die konvensionele middelklas lyk sukses soos my vriend, L., se lewe. Wat betref die wêreld van die vrydenkende, alleenloper skrywer, voldoen my huidige lewe aan die veel meer beskeie kriteria.

Maar is dit genoeg?

Ek voel soms lus om te vlug – Mainland China toe. Om my rugsak te pak vol boeke en 'n paar kledingstukke, en die res van my besittings te laat stof opgaan in my woonstel. Ek sal in Beijing gaan woon vir drie maande, en elke dag op foto-uitstappies gaan. Ek sal Chinees studeer in parke en teewinkels, en dit oefen in klein eetplekkies in nou agterstrate, en by eertyds verbode paleise.

Ek wil soms vergeet van Bronkhorstspuit, besigheid, betekenis van die lewe, trou en kinders kry, sukses voor 35, plek in die wêreld, en my plek op die rand van die sosio-ekonomiese middelklas. Ek is lus om my baard te laat groei en te werk aan 'n projek getiteld, “Lotusblomme van Rooi China”.

En ek is lus om op te hou om stukke te skryf soos “Die kriteria vir oorlewing raak strenger by die dag”.

Ek is ook lus om op te hou om te probeer. Want maak nie saak hoe hard ons daaraan werk nie, dinge werk nie altyd uit nie. En partykeer mis ons die punt, omdat ons te hard probeer om dit uit te sorteer.

Oor die tegniese aspekte van plek en lidmaatskap

[Aan die begin van September 2003 is ek ingelig dat die eienaar van die woonstel wat ek teen daai tyd al amper vyf jaar lank gehuur het, die woonstel wou verkoop, en dat die plek ontruim moes wees teen die einde van die maand. Hierdie stuk is geskryf na 'n paar weke van bokse inpak en die nuwe plek voorberei vir bewoning.]

Donderdag 25 September 2003

Dit was 'n uitsonderlike ervaring aan die einde – hierdie besigheid van om na 'n ander plek te verhuis. Dit het 'n interessante, en verhelderende lig gewerp op dinge wat ek besig was om te bepeins voor ek die oproep om te skuif, gekry het. Ek verwys natuurlik – geen verrassings hier nie – na die onderwerpe van identiteit en plek. Die verskil is dat die ervarings van hierdie maand konkreet was, met die akademiese waarde 'n vervelige byvertoning.

Ek is hierdie maand gekonfronteer met die baie werklike feit dat ek nie meer behoort nie – vir tyd en wyl, en relatief tot 'n spesifieke omgewing.

Soos ek deur my woonstel gedwaal het die afgelope paar dae, kon ek nie ignoreer dat ek nie meer hoort nie in 'n plek wat sinoniem geword het met die daaglikse werklikheid dat ek hóórt, vir nou, op hierdie eiland. Hierdie struktuur, hierdie bouvallige mure, die vier vensters wat nooit genoeg vars lug in my lewe ingelaat het nie, die voordeur wat skuur teen die ongepolitoerde marmervloer, die voorstoep met ou sigaretstompies en onooggemaakte pos in die een hoek, die oorbekende paadjie tussen die voordeur, my “kantoor”, die sitkamer, my slaapkamer, die badkamer, die kombuis, en terug na die voordeur, was waar ek gehoor het die afgelope amper vyf jaar. Ek het nie gehoor by die bure nie. Ek het nie gehoor by die 7-Eleven, of by enige ander plek in hierdie stad,

hierdie land, of hierdie wêreld meer as wat ek gehoor het in hierdie bedompige, dofverligte woonstel nie. (Ek oordoen dalk die “donker woonstel”-ding ’n bietjie ter wille van literêre effek. Natuurlike sonlig hét soms die binnerruim gepenetreer. Ek het ook verskeie elektriese ligte gehad wat die goed uitgetrapte paadjie sigbaar gemaak het. En het ek nie aan die einde talle oomblikke van intellektuele verligting ervaar in hierdie plek nie?)

Die feit bly staan dat ek nie meer hier hoort nie. En dit het niks uit te waai met identiteit, godsdiens, of ’n vae begrip van die kosmos nie. (Of het dit?)

Nodeloos om te sê het ’n onaangename sensasie my aan die strot beetgehad vanweë hierdie opgeskortte bewussyn van plek. En ek reken dis waar begrip ’n verskil maak. As iemand jou tromp-op loop en kla oor ’n onaangename sensasie in die deel van sy anatomie waar jy weet sy maag geleë is, sal dit vir jou ’n plesier wees om aan hierdie idioot te verduidelik dat hy net sy mond vol diepgebraaide seekat moet gaan prop: honger is die probleem, kos is die antwoord. (Tensy jy natuurlik verkeerd is en hy eintlik kla oor ’n meswond in sy laer buik.)

In die geval van my eie onaangename sensasie kon ek myself gerusstel met die verduideliking dat ek slegs ’n verminderde sin van my plek in die wêreld ervaar, en dat dit ’n normale reaksie is op ’n tydelike situasie. Ek kon verder gaan en sê dat ek reeds ’n ander plek het, en dat my sin van waar ek behoort, spoedig herstel sal wees.

Nog steeds, ek kon nie toelaat dat so ’n rare, konkrete manifestasie van onsekerheid wegkom sonder om dit te melk tot die laaste druppel angs nie ...

MYSELF: “As jy sê ‘ander plek’ verwys jy natuurlik na die woonstel in Benewelde Lig, reg?”

EK: “Ja. Jy sal môre al jou goed soontoe skuif, en teen volgende week sal jy heeltemal tuis voel.”

MYSELF: “Hoekom?”

EK: “Omdat al jou goed daar sal wees! En jy sal weer jou eie voordeur hê, en meer vensters as wat jy kan tel!”

MYSELF: “Daar’s sestien vensters. Ek het hulle getel.”

EK: “Wel, daar het jy dit! Jou sin van waar jy hoort sal herstel wees voor jy ‘eksistensiële angs’ kan sê. Jy sal selfs ’n uitsig op die bure se kombuis hê.”

MYSELF: “Dis nie my woonstel nie. Dit behoort aan iemand wat my werkgewer ’n guns doen deur die woonstel aan my te verhuur.”

EK: “Ja, ek weet. Maar dit sal joune wees vir alle praktiese doeleindes, ten minste vir ’n paar maande.”

MYSELF: “Maar ek hóórt nie daar nie. Nie soos mens hoort op jou eie lappie grond, as jy kan slaap tussen jou eie koolkoppe nie.”

EK: “Dis waar ... Maar hoort ons ooit op enige plek vir ’n onbepaalde periode van ons bestaan? Of is ons vreemdelinge meeste van die tyd, wat hardloop van die een plek na die ander – dan hoort ons hier, dan hoort ons nie daar nie? En aan die einde van die dag haas ons ‘huis’ toe want dis waar ons dink ons hoort – tussen ons eie mense? Wat gebeur as dit nie uitwerk nie? Wat gebeur as die verhoudings by die ‘huis’ disfunksioneel is tot so ’n mate dat ons voel ons hoort ook nie dáár nie? Hou ons aan om te swerf soos die diere wat ons is? Veg ons net voort vir ons daaglikse oorlewing, vir ons reg tot ’n waardige lewe? Hou ons aan om rond te snuif in ’n desperate poging om ’n vaag bekende reuk op te tel? Ons is weerlose diere, magtag! Wat meer wil jy hê?”

MYSELF: “Miskien wou ek net dít gehoor het. Miskien wou ek net gehoor het dit werk nie altyd uit nie. Dat mens dankbaar moet wees wanneer dinge wél uitwerk, en wanneer jy wél voel

jy hoort êrens. Want jy weet dit hou nooit vir altyd nie, en as jy die goeie dinge van die lewe kan geniet vir net één dag, en dan nog een ... dan's dit beter as om dit nooit te kon hê nie. Liefde hou nooit vir ewig nie. Die lewe hou ook nie vir altyd nie. Op een of ander tyd in jou lewe gaan jy noodwendig verlies ervaar, en 'n verminderde sin van jou plek in die wêreld. Hoe jy dit hanteer wanneer dit na jou toe kom ... dít, dit is wat vir jou 'n gevoel van sekuriteit gee.”

EK: “Maak die meeste van wat jy het, terwyl jy dit het?”

MYSELF: “Ja. Dis seker waarop dit neerkom. Om die kraag teen die wind te hou. Om te stry vir oorlewing, en wanneer jy oorleef, om voort te stry vir die beste wat jy kan kry. En wanneer dinge vir jou uitwerk, om die goeie wat jy het, te deel met ander mense. Andersins, wat is die punt?”

EK: “En moet nooit vergeet dat die lewe delikaat is nie? Dat die dood aan die einde alles oorwin? Dat ons almal aan die einde sal terugkeer tot stof?”

MYSELF: “Wel ... as jy die mens beskou as bloot 'n versameling vleis en been wat rondsnuffel vir 'n plek om sy kop neer te lê aan die einde van die dag, kan jy jouself seker herinner aan al daai goed.”

EK: “En ... jy moet ook nog 'n paarmaat probeer vind saam met wie jy 'n bydrae kan maak tot die voortbestaan van hierdie ellendige spesie, of hoe?”

MYSELF: “Hmm ... is daar nie nog 'n paar bokse wat ons kan rondskuif nie?”

En so val nog 'n paar druppels in die emmer ...

Storm voort met 'n brandende viool

Saterdag 11 Oktober 2003

Daar is 'n gewilde gesegde wat lui dat ons begin om te sterf die oomblik wat ons gebore is. Ons selle begin verouder soos hulle groei, en selfs al herstel beskadigde selle tot min of meer volle funksionering, en vernietigde selle word vervang, is die pas van hernuwing en kwaliteit van nuwe selle nooit voldoende om ons vir ewig aan die lewe te hou nie. Dan is daar die feit dat ons lewens beëindig kan word deur onnatuurlike oorsake sodra ons dit waag buite ons kotte. Kan enige iemand geblameer word as hulle ernstige eksistensiële angste vertoon elke keer wat hulle uitgaan?

'n Paar jaar gelede, in daardie heerlike jaar net toe ek veronderstel was om aan te sluit by die hoofstroom van lewe, was ek gelukkig genoeg om 'n klassieke film te sien op my geleende swart-en-wit TV. Ek was nog nooit entoesiasies oor cowboy films, of films oor Wilde Weste boewe nie, maar hierdie spesifieke flik het my gegee 'n bepaalde perspektief op die lewe en 'n houding wat geblyk het uiters bruikbaar te wees.

Die flik, *Butch Cassidy and the Sundance Kid*, vertel die verhaal van twee skurke in die Ou Weste. Nadat die twee hulleself in die moeilikheid in gesteel het, vlug hulle Suid-Amerika toe. Teen die einde van die film is hulle vasgekeer in 'n klein dorpie in die Boliviaanse platteland, met op hulle spoor 'n paar plaaslike geregsdienaars. Waarvan hulle salig onbewus is, is van 'n peloton soldate wat ook toevallig in die buurt is. Butch en die Kid sit toe in 'n gebou, rûe teen 'n muur, en bespreek die kanse dat hulle lewendig uit die situasie kan kom. Omsingel deur die plaaslike burgermag, onbewus van dosyne soldate wat ook reeds stelling ingeneem het, reken hulle hul kanse is skraal. Tog, besluit hulle uitdagend, sal hulle probeer om weg te kom. Buite, op die dorpsmure, wag dosyne gelaaide gewere op hul poging. Die twee rampokkers

gaan hulle rewolwers na, prewel 'n laaste paar woorde, en storm uit al koestend vir honderde koeëls. Hoewel dit net gesuggereer word deur slim kamerawerk, weet almal wat die enigste moontlike resultaat is: Hulle het gesneuwel, maar – met hul eie rewolwers al skietende in alle rigtings.

Toe die fliëk verby is, staar ek eers woordeloos na die naamrol, betower deur die diepgaande implikasie vir my eie lewe. Ek onthou toe van 'n skermgreep in die koerant wat geadverteer het dat die fliëk op TV sou wys daai aand. Ek het die koerant opgespoor, die prent uitgeknipt met 'n stomp skêr, en besluit om dit prominent te vertoon in elke plek wat ek van toe af sou bewoon. Dit was geplak teen die badkamerdeur in die munisipaliteitswoonstel wat ek met my jonger suster gedeel het op daai tyd, teen 'n kasdeur in Suid-Korea, en teen meer as een muur nadat ek teruggekeer het na Suid-Afrika. Dit was ook die eerste prent waarvoor ek plek gevind het in die sitkamer van my eerste woonplek in Taiwan, en op hierdie oomblik is dit geplak langs die voordeur van my tweede woonstel in hierdie stad, om te verhoed dat ek vergeet waar ek vandaan kom, of waarheen ek op pad is.

Dit het geword die naaste aan 'n persoonlike slagspreuk, 'n lewensfilosofie buiten “leef en laat leef” waarmee ek redelik tevrede kan wees.

Soos ek vanmiddag my woonkamer betree na my Chinese klas, trek die prentjie weereens my aandag. Ek was besig om te dink aan my onlangse planne om Taiwan te verlaat – 'n belangrike gedagtegang wat gewoonlik voorrang geniet bo enige ander vrag idees, maar die prentjie het my aandag daarvan afgelei. Ek het gedink oor hoe die prent verduidelik wat ek gedoen het die afgelope dekade, en veral gedurende my tyd in Taiwan. My voortdurende pogings om myself besig te hou, is my eie manier om na die spreekwoordelike stof terug te keer met wapens wat vuur in alle rigtings. Dis nie juis heldhaftig of dapper nie, maar dit is my manier om te sê, “As ons in elk geval die stof gaan byt maak nie saak wat ons doen nie, dan gaan ek liever uit terwyl ek myself produktief besig hou tot die finale asemteug.”

Ek het wel begin dink dat my siening van hierdie slagspreuk en die gepaardgaande houding teenoor lewe op aarde dalk pessimisties kan voorkom, miskien selfs 'n bietjie morbied, en nogal redelik vervelig. “Is daar nie plek vir 'n bietjie sinnelose vermaak nie?” vra ek myself. Ek het peinsend by die kombuisvenster uitgestaar, en toe besef ek: Nero het viool gespeel terwyl Rome gebrand het. Hy – of ten minste die mitiese Nero – het die verskriklike feite op die grond geïgnoreer, en homself eerder vermaak met 'n bietjie musiek.

Veel kan ook gesê word oor hierdie houding, maar dit het beslis 'n sekere mate van styl – uitdagend op die rand van waansin. Om jouself te vergryp aan vermaak in die tyd waarin óns leef, is nie soveel anders as dronk Nero se flambojantheid terwyl vlamme die marmerpilare van sy stad swart gelek het nie. Om 'n sepie op TV te kyk terwyl mense doodgaan van die honger kwalifiseer dalk nie as uitdagend in baie mense se gedagtes nie, maar dit beteken nie dat daar geen regverdiging is vir 'n bietjie pret en plesier nie.

Elkeen van ons se lewens sal uiteindelik sy konklusie bereik. Om uit te gaan met al jou wapens wat vuur, ongeag presies wat dit beteken vir elke persoon wat hierdie slagspreuk aanhang, is een manier om te gaan. As jy daarin kan slaag om 'n bietjie pret te hê terwyl jy op pad is na die uitgang, dan soveel beter.

Butch en The Kid het 'n stortvloed van 'n duisend koeëls binnegestorm, hul eie wapens vurend tot die stilte op hulle neergesak het soos 'n swaar gordyn, totdat hulle leweloze vingers van die snellers afgegely het. Nero het probeer om die gille van brandende burgers stil te maak deur te pluk aan sy viool. Ek doen my huishoudelike take, leer 'n paar Chinese karakters, skryf 'n paar reëls poësie, maak my fiets reg wanneer dit nodig is, verf my mure en deure effens verskillende variëteite eierdopwit, en beplan my repatriasie uit ballingskap. En ek is redelik seker daarvan as ek hard genoeg soek daarvoor, ek weer daai middel “C” op my goedkoop elektroniese klawerbord sal kan vind.

Dis steeds lewe, en steeds jou toewyding waardig

Vrydag 13 Februarie 2004

Ek is besig om teks te redigeer wat ek geskryf het in Suid-Korea. Een stukkie dateer van Saterdag 14 Maart 1998: “Ek is bang om te commit tot enige iets waar sukses nie gewaarborg is nie. Om die waarheid te sê is ek onwillig om te commit tot enige iets waar mislukking net ’n vae moontlikheid is.”

Hoe voel ek nou daarvoor?

Ek het sover vyf jaar in Taiwan gespandeer as ’n Engelse onderwyser, in ’n stad wat geen rang het in die wêreld nie. (Ek praat van Fengshan, nie die groter omgewing van Kaohsiung nie, wat die vierde grootste verskepingshawe in die wêreld is.)

Ek sou waarskynlik nie op 14 Maart 1998 aan so ’n lewe gedink het as iets waaraan ek myself kon toewy nie, en indien miskien so ’n lewe, beslis nie op hierdie plek nie. Tog kan ek kategorieer verklaar dat, ten spyte van die prys wat mens betaal en die onvolmaaktheid daarvan, dit die tyd werd was. Of soos ’n karakter opmerk in die flik *Breakfast for Champions*, “It’s all life.”

Die alternatief is om ouer te raak by die jaar en jouself nooit aan enige iets toe te wy nie, omdat jy wag vir die ontwykende “volmaakte” projek, of “ideale” lewe. En wat gaan gebeur? Jy gaan te laat besef jy’t oud geword, jy beteken niks vir niemand nie, en jy’t niks gedoen met jou lewe nie.

Raak besig met enige iets wat naastenby aan jou vereistes voldoen. Dis ’n miljoen keer beter as om jou lewe te laat verbygaan terwyl jy wag op “iets beters”.

[DIE GROOT ONGETITELD]

Dinsdag 24 Februarie 2004

(16:50)

Ons almal word gebore in 'n bepaalde era, in 'n samelewing wat volgens bepaalde reëls regeer word, in 'n kultuur met bepaalde waardes, konvensies, en idees van wat 'n goeie lewe is. Dit is altyd 'n ope vraag hoe elke individu gaan reageer op die wêreld waarin hy of sy gebore is en grootgeword het. Gaan hy die reëls aanvaar en meeste van die tyd daarvolgens speel? Gaan sy sommige reëls aanvaar en ander verwerp? Gaan hy soveel van die reëls verwerp dat hy in sy kort, ellendige bestaan konstant in konflik gaan wees met alles en almal om hom? Gaan hy of sy oorgelewerde waardes en konvensies, en idees oor wat 'n goeie lewe is, grootliks aanvaar en 'n eie lewe daarvolgens bou? Indien nie, wat is die alternatiewe?

Ekself hang tussen die boom en die gras. Ek wil nie 'n "goeie job" – 'n vaste betrekking – hê nie. Ek weet ek moet geld maak, maar ek glo daar is talle maniere om dit te doen. Ek heg ook waarde aan die edel ambisie van 'n lewe toegewy aan studie, liefdadigheid en kreatiewe werke. Aan die ander kant hoop ek dat ek kan opeindig in 'n drie slaapkamer huis in 'n rustige voorstad of 'n groterige dorp, met 'n kleinerige tuin, 'n kar, en miskien 'n hond of twee. Ek hoop ook dat ek 'n vrou sal vind wat my sal bemin en my sal aanvaar soos ek is, vir wie ek kan lief wees, en saam met wie ek miskien twee of drie kinders kan produseer en grootmaak.

Soms dink ek my weergawe van 'n goeie lewe is te idealisties. Dit is nie.

Soms reken ek ook dat veral die "middelklas" deel van die storie moontlik nie vir my beskore is nie. Maar dalk is so 'n gedagtetrant net die gevolg van 'n paar persoonlike ervarings, en 'n vermoede dat ook dit my nie gelukkig sal maak nie.

Wat is die alternatief vir my weergawe van 'n goeie lewe?

Die alternatief is 'n mik-en-druk, 'n notaboek, 'n paar penne, en 'n liniaal (iets moet netjies gedoen word); geen besittings nie, geen huis nie, en geen intieme verhoudings nie. Ek sal reis van plek tot plek – in my eie land, want om oorsee te gaan kos geld, en jy't 'n paspoort en visums nodig. Ek sal hier tyd spandeer, daar oornag, en uiteindelik my veertigste verjaarsdag vier op 'n bus of 'n trein êrens heen.

Geen plek nie, toegewyd aan niks en niemand behalwe 'n swerwersbestaan.

(17:32)

Sal 'n swerwersbestaan my gelukkig maak?

Nie volgens my eie oortuigings nie.

Ek streef nou al vir jare na die mees volmaakte lewe wat ek kan vind ten einde myself daaraan te kan toewy. ('n "Ronin", terloops, is 'n "masterless samurai, one who's master had died". Was ek die afgelope meer as tien jaar 'n swerwende ronin, opsoek na 'n nuwe meester om te dien?) Hoe sou 'n volmaakte lewe lyk? Ek het al 'n bietjie tyd afgeknyp in die gejaag na daaglikse oorlewing om hierdie aangeleentheid te bepeins, en sover het ek vorendag gekom met drie moontlikhede (reeds genoem): toewyding aan ander – familie, liefdadigheid; die vryheid om vrye kreatiewe uitdrukking na te jaag; en die tyd, geleentheid en hulpbronne om jouself te kan toewy aan 'n lewe van studie.

Gedurende die afgelope vyftien jaar het ek myself tot 'n groot mate toegewy aan laasgenoemde twee. My familie was nog altyd belangrik vir my, maar liefdadigheid is 'n saak wat ek tot dusver sover as moontlik ontwyk het. Hoekom? Ek weet nie. Maar ek glo wel dat 'n lewe van vrywillige, onbaatsugtige diens aan ander een van die edelste maniere is om jou bestaan te spandeer, en dat om jou eie lewe te verloor ter wille daarvan dat ander kan leef, die hoogste uitdrukking van hierdie toewyding is.

Dit laat my met 'n vraag: Die lewe wat ek nou al vir jare probeer vermy, naamlik dié van die "gewone ou" wat trou,

kinders kry en elke dag werk toe gaan, is dit nie aan die einde 'n pragtige manifestasie van toewyding aan ander nie?

Miskien geniet die man (of vrou) die werk wat hy (of sy) doen, miskien nie. Maar hulle weet plesier in die werksplek is nie wat werklik saak maak nie; vir die werkende, getroude man of vrou is dit aan die einde van die dag hulle huwelik en kinders. Hulle is dus bereid om soms groter ambisies op te offer ter wille van toewyding aan dit wat “werklik” saak maak – naamlik hulle verhoudings met mekaar, en met hulle kinders.

Hierdie is natuurlik 'n oorvereenvoudigde prentjie. In werklikheid is daar ambisie wat getroude mans en vrouens verhoed om tyd saam met hulle gesinne te spandeer; daar's buite-egtelike verhoudings en egskeidings; mans en vrouens wat 'n konvensionele gesinslewe agterlaat na 'n paar jare om ander dinge na te jaag – of dieselfde dinge, maar saam met iemand anders.

Kom ons keer vir die oomblik terug na 'n meer ongekompliseerde beeld van toewyding aan huweliksmaat-en-kinders, en inkomste-genererende aktiwiteite wat ten minste tot 'n mate geniet word. In beginsel blyk dit goed te wees, reg? Die beginsel is dan dat die volwasse man of vrou se lewe aan die einde van die dag toegewy word aan die *volgende* geslag – hulle seuns en/of dogters.

Moet dit so aanvaar en die saak hier gelaat word?

Dalk moet 'n addisionele vraag gevra word: Wátse tipe lewe word moontlik gemaak deur toewyding aan die volgende geslag?

Ek wil dit waag om te sê meeste volwasse mans en vrouens knyp nie genoeg tyd af in hulle daaglikse lewens om hierdie aangeleentheid te bepeins nie. En selfs as hulle dit doen, met watse antwoorde kom hulle vorendag? Word die een geslag se lewens na die ander opgeoffer vir 'n lewe wat almal uitstel vir 'n volgende geslag om te definieer? Hou te veel mense verbete vas aan die ou leuses, “Ons doen maar net die beste wat ons kan” en “Alles sal uitwerk soos dit moet”?

(22:47)

Of weet niemand van beter nie, so almal kyk maar om hulle rond en doen soos meeste ander van hulle tyd en kultuur? Is dit goed genoeg om te sê, “Ek het nie tyd om te dink aan sulke dinge nie, want ek is te besig by die werk (of by die huis) om alles aan die gang en kop bo water te hou”?

Meeste volwasse mans en vrouens wat trou en kinders kry wy hulle lewens daaraan toe sodat hulle seuns en dogters ’n vae “beter” lewe kan lei; of indien dan nie beter nie, sodat hulle ten minste self as volwassenes kop bo water kan hou, en miskien van tyd tot tyd gelukkig kan wees.

Is dit voldoende? Vir baie mense van my tyd en kultuur is dit.

Kan dit genoeg wees vir my?

Ek het nog nooit in my murg ervaar hoe dit voel om toegewyd te wees aan ’n volgende geslag van my eie bloed nie. Kan ek derhalwe regtig die vraag beantwoord? Watse waarde sal my antwoord in elk geval hê? Na vyf jaar van so ’n lewe vra ek myself dalk een Saterdagoggend of dit alles “die moeite werd” is? Moontlik gee ek ’n positiewe antwoord. As dinge so eenvoudig kan wees, sal dit die saak beslis vir die oomblik. Vra ek myself tien, of twintig jaar later weer die vraag, en ek antwoord weer dieselfde, wel ... dan móét dit seker die “moeite” werd wees. Gestel ek gee dié keer ’n negatiewe antwoord, hoeveel gewig sal hierdie antwoord dra? Moontlik kon iets gebeur het wat my geloof ’n knou toegedien het, en my bitter gemaak het teenoor my vroeër oortuiging. Selfs in hierdie geval sal die antwoord slegs vir myself geldig wees.

Ek gooi ’n klomp bestanddele in die pot, maar iets smaak nog steeds nie reg nie. Die pruttende dis is eetbaar, maar ’n essensiële bestanddeel is nog afwesig. Ék skryf hierdie woorde. Ék dink hierdie gedagtes. Ék vra hierdie vrae. Ék, nie die muskiet wat my ’n minuut gelede gebyt het nie, nie die hond wat ’n uur gelede my fiets se agterwiel wou verskeur nie.

Hoekom dink ék oor hierdie dinge, en skryf ék hierdie woorde neer? Omdat daar iets is wat nie in plek is nie; omdat daar 'n antwoord is wat my bly ontwyk.

* * *

Sê die man op die fiets op pad terug van die Carrefour (Woensdag 25 Februarie, middag): “Write up what you can, and leave. To think that you too could lead a normal, happy life is ridiculous. Serve your purpose, and leave the show with your dignity in tact. To try and gain more out of life, is to lose your life.”

Hoekom voel dit so reg?

Slim gespreksgenote sou dalk vra: “Hoe kan jy so seker wees wat jou doel is? Miskien word dit eers oor tien jaar aan jou geopenbaar! En wat bedoel jy met ‘leave the show’?”

Ek dink soms aan opgee. Ek reken ek sal die stof byt binne 'n jaar, en siende dat dit so sal gebeur, kan dit net sowel in my eie land wees. Beskikbare fondse, en liefdadigheid van familie en vriende (voor hulle geduld opraak) sal my aan die gang hou vir 'n paar maande. Daarna sal dit parke en strate wees tot die einde toe. Notaboeke en uitgedrukte materiaal sal gelaat word by 'n betroubare vriend.

Dit tref my altyd tussen die ribbes as ek dink daaraan. Dit is my voorland as ek ophou probeer. Die feit dat ek nie gisteraand op 'n leë maag in 'n park aan die slaap geraak het nie, is te danke daaraan dat ek nie, sê nege maande gelede, opgehou het om te probeer nie.

Nietemin, hoe doen mens dit, in praktiese terme? Hoe gee mens op?

Jy hou op was. Jy hou op skeer. Jy hou op werk. Jy strek jou fondse uit tot op die laaste sent, en dan gaan staan jy bakhand voor vriende en familie tot ook hulle die deur beleefd in jou vuil, bebaarde gesig toedruk. Daarna is jy oorgelaat aan die elemente, kriminele karakters, siektes, en 'n vinnig verslegtende fisieke toestand. Jy behoort die vertoning te kan

verlaat binne moontlik nie veel meer as twaalf tot agtien maande nie – tensy jy natuurlik moed verloor met die opgestorie, of weer moed kry vir die lewe.

(Nuwe notaboek)

Ons staan elke oggend op, gaan deur die gewone roetine, en as ons gelukkig is maak ons dit terug by die huis aan die einde van die dag. Slaap tot slaap. Meeste van ons weet nie werklik hoekom nie. Ons klou vas aan vae idees oor ’n “goeie lewe”, “gelukkig wees” en “vertrou en glo”.

Ek doen dit ook: Staan elke oggend op, sit water op die gasstofie, spoel my twee asbakkies uit, gooi ’n teelepel kitskoffie in my geel beker, meng my vier ontbytpappe ... en die volgende oggend doen ek presies dieselfde.

Miskien is dit nie so maklik om op te gee nie. Miskien verhoed die waardestelsel waarmee ons grootgeword het ons om daadwerklik stappe te doen om op te gee. Daar’s dalk geluide uit ons onderbewussyn wat ons ontmoedig; of dalk aanmoedig om voort te gaan met ons bestaan. Daar is wel selfmoord ... maar dit is onmiddellik, met geen kans op rehabilitasie nie – soos in die geval van iemand wat op ’n tyd opgegee het, en na maande (of jare) weer ’n aktiewe poging aanwend om te bly lewe.

Die Duitse filosoof Arthur Schopenhauer het gesê, “Death is the true result and to that extent the purpose of life.” George Orwell het gesê, “Keep the aspidistra flying.”

Ek glo albei is reg. Tussen hierdie twee stellings lê die menslike bestaan opgesluit. Die waarheid is dat ieder en elk van ons se lewens sal eindig in fisiese dood, en dit kan enige dag gebeur. Tot dan moet jy elke dag opstaan, jou gesig was, miskien skeer, water kook, ontbyt maak, en hoop op ’n goeie nagrus aan die einde van nog ’n lang dag. As jy slim is, tref jy dalk maatreëls soos om ’n huis te koop en geld te spaar en jy kry dalk ’n vaste betrekking om te verseker dat hierdie proses kan voortgaan vir so lank as moontlik. As jy minder gelukkig

is, hoop jy net om elke dag te oorleef. Die alternatief is om op te gee, langpad of kortpad.

Donderdag 26 Februarie 2004

(12:06)

Ek ken die waarheid, maar my daaglikse lewe bestaan daaruit om maatreëls te volg om dit te vermy. Ek het nie geloof nie. Ironies genoeg word gebrek aan geloof gewoonlik verstaan in die konteks van geloof in God, maar dit is nie noodwendig die geval met my nie. My probleem is dat ek nie geloof het in die wêreld nie. Ek kan nog glo dat God my liefhet. Die wêreld, aan die ander kant, gee nie veel om of ek leef of sterf nie. En ek het begrip hiervoor, in dieselfde asem as wat ek dit kritiseer. Ek is deel van die wêreld wat nie veel omgee nie. Ek is beide 'n pleger van hierdie misdaad, en tot 'n mate 'n slagoffer daarvan.

Ek het geen geloof in die mensdom nie. Volgens my is 'n groot persentasie van die mense op hierdie planeet niks meer as diere in klere nie. Nou, ek het niks teen diere nie, dis net dat ek glo die mens is – in beginsel, indien dan nie altyd in die praktyk nie – meer ontwikkel as ander spesies. Maar wat beteken dit? Wat maak my meer as 'n stegiekat, of die rot wat wegskarrel van eersgenoemde? Onder andere my intelligensie, my vermoë om die omgewing te kan manipuleer (veel meer as enige dier), en vrye wil om óf te skep óf te vernietig (hoewel ook “vrye wil” aangehits en soms geïnhibeer word deur instinkte en vrese).

Nietemin, ek bejeën die wêreld met agterdog, en het min vertroue in my medemens.

* * *

Ek kontempleer deesdae alternatiewe. Een is om my hare te skeer, 'n oranje rok te koop en by verkeersligte te gaan staan

met my ontbytakkie in die hand. As dit nie uitwerk nie, kan ek aansluit by 'n Boeddhistiese sekte.

Benewens bogenoemde opsies is daar twee ander wat hulleself sporadies by my opdring as van die min moontlikhede wat werklik werd is om te oorweeg: 1) om 'n bebaarde, alleen reisende voltydse skrywer te wees; en 2) om genoeg geld te maak om 'n vrou te kan oortuig om as my metgesel haar dae in gemak te slyt.

(12:46)

As onverfynde wysheid en pittigheid geruil kon word vir geld, was ek dalk 'n ryk man. As 'n sekere moegheid vir die wêreld gemaak het dat vrouens vleierende skinderstories oor 'n man versprei, en dat ander mans hulle koppe respektvol vir hom knik in die straat, sou ek heel moontlik meer rede gehad het om te glimlag. Maar nou sit ek met 'n sterk vermoede dat ek óf die res van my dae in toenemende armoede en eensaamheid gaan deurbring, óf dat ek myself gaan “regruk”, een plus een bymekaar gaan tel, en hoop twee is goed genoeg vir 'n paar jare se geluk.

Ek dink te veel, en doen te min. Ek vermoed te veel, en glo te min. Oorlog is een ding, vrede is 'n ander saak. O ja, en ek is 'n lafaard wat nie genoeg maatreëls tref om my lewe te verskans vir so lank as moontlik nie, maar wat die dood net-net meer vrees as middelklas geluk.

(16:32)

Jy weet, as jy 'n hond gehad het vir, sê twee of drie jaar, en jy ken die hond, jy weet wat hom kwaad maak, waar sy irritasie drumpel lê. Dan eendag sê jy iets vir die hond, of jy doen iets, en skielik grom hy vir jou. Miskien voel jy effens seergemaak, moontlik verontwaardig. “Ek het gedink ek ken die hond,” sal jy sê.

* * *

Mense wat nie opgee nie, het iets om voor te leef. Wat het ék om voor te leef? Finansiële stabiliteit met 'n vrou en kinders? En dis as ek my dobbelstene reg gooi en ek het geluk aan my kant! Alternatiewe vir hierdie toekoms-scenario bestaan ... as kompensasies en as maatreëls om eksistensiële angs onder beheer te hou.

“Jy verwerp dinge nog voor jy weet hoe gelukkig dit jou sal maak,” sou iemand dalk sê.

“Jy’s reg,” sal ek antwoord. “Maar wat sê jy? Finansiële stabiliteit plus huwelik plus kinders is gelyk aan geluk? Dan ís die lewe mos wiskunde en wetenskap! Dan ís my huidige toestand bloot die resultaat van vermiste mense en gebroke kontantvloei.”

“Jy laat toe dat huidige omstandighede jou geloof en hoop ondermyn,” sal die persoon terugkap. Dan sal hy die sigaret teen die rand van die asbakkie tik.

“Huidige omstandighede werp lig op sekere aangeleenthede,” sal ek reageer, en trek aan die sigaret.

Dan sal ek 'n eenvoudige versoek maak. “Dis Donderdag 26 Februarie om 4:49 in die namiddag. Sê my nou, op hierdie oomblik, wat die waarheid is.”

“Ek weet nie,” sal my gespreksgenoot antwoord. “Of miskien weet ek, maar ek kan nie onthou nie. Of miskien kan ek onthou, maar ek is nie lus om te sê nie.”

En die sigaret word doodgedruk.

Vrydag 27 Februarie 2004, twaalf minute na middernag.

Ek ken die waarheid al vir meer as vier en 'n halwe ure lank. Dit was aan my geopenbaar terwyl ek op die mat van 'n vertrek in 'n naskoolsentrum gesit het, besig om 'n sesjarige Taiwanees tweekling 'n paar Engelse sinne te leer. Die klein gesiggies, die onskuld, die woeligheid, die warmte van handjies wat jou vinger vasgryp as jy na 'n flitskaart wys ... het my amper hardop laat uitroep: “Dít, om jou eie kinders

groot te maak, om hulle te sien grootword elke dag, om hulle onvoorwaardelike liefde te ervaar, en onvoorwaardelik vir hulle lief te wees, dit moet tog alles die moeite werd maak!”

En toe tref dit my: Dis ál waarna ons soek, moontlik die beste waarvoor ons ooit kan hoop! Liefde, kuns, vermaak, seks, geld, vakansies, kreatiewe vryheid, studie, samesyn – alles dinge wat ons najaag om die lewe die moeite werd te maak!

Ons almal weet hoe weerloos ons is, hoe die dood soos ’n duisend peste in ’n duisend verskillende manifestasies orals rondkruip. En selfs al vermy ons dit sover vir twintig of dertig of tagtig jaar, kry sal dit ons kry!

Maar as dit net die dood was wat ons gevrees het, was dit nog een ding. Tussen geboorte en dood wag daar pyn, hartseer, honger, siekte, armoede, leed, onvervulde begeertes, verlange, vernedering, skete, en ouderdom wat hare laat uitval, vingers laat kromtrek, oë laat verdof, ore doof maak en harte laat oppak.

As dit moontlik kon wees om tyd te vries vir ’n oomblik en al die data van elke mens wat op daai oomblik leef op te vang, om al die pyn, lyding, honger, verlange, vernedering, en alle ander emosionele en fisieke ongerief te kon vat, en dan ook al die blydschap, geluk, liefde, al die mooi en wonderlike dinge van die lewe, as jy aan alles ’n spesifieke gewig kon gee, sou die gevolgtrekking gewees het dat die gemiddelde menslike lewe op die planeet Aarde gevul is met meer pyn as liefde, met meer ellende en verlange en honger as geluk en tevredenheid.

Enige mens kan moontlik die geldigheid van hierdie punt protesteer, of verklaar dat hulle reken die mooiheid en geluk is die pyn en ellende werd wat ’n mens soms ervaar, al ervaar jy die mooiheid en geluk vir net ’n oomblik of net ’n dag. Miskien sal ek saamstem, miskien nie. Maar selfs hierdie mense sal vind dat ook hulle die Waarheid bevestig – dat die mooi en goeie dinge die pyn en ellende (soms) die moeite werd maak (en as hierdie mense verder wil gaan kan hulle selfs byvoeg, “vir sommige” – want vele ander gaan

lewenslank gebuk onder diepe oortuiging van die teenoorgestelde).

Alles wat ons doen is 'n bewustelike of onbewustelike poging om die “beste te maak” van ons lewens – asof ons weet, diep binne ons, dat die storie meestal nie goed eindig nie.

Diere – sommige troeteldiere uitgesluit – leef gewoonlik 'n bestaan gevul met gevaar, voedsel, plesier, en dood weens siekte, ongeluk, ouderdom, of aan die kaak van 'n ander, sterker dier.

Mense, aan die ander kant, word gebore, leer hoe om te oorleef in die omgewings waaruit hulle bestaan gespruit het, en begin van kleins af aksies te neem en maatreëls te tref om soveel as moontlik *geluk* uit die lewe te kry.

Meeste volwassenes bereik 'n punt waar hulle besef mense gaan soms makliker dood as vlieë, en dat mens soms jare se tyd en energie spandeer om iets op te bou wat jy in 'n oogwink kan verloor. Meeste weet, en erken, die uiteinde van (fisiese) lewe is dood.

Dié onder ons met 'n goeie waarnemingsvermoë besef ook dat om so lank as moontlik uit te hou op hierdie planeet eindig, as ons gelukkig is, in 'n ouetehuis of 'n gastekamer by familie, of – in minder gelukkige gevalle – in 'n hospitaalkamer, met buisies in jou neus, jou vel ineengekrimp, en jou sig en gehoor net 'n fraksie van wat dit voorheen was.

Soms etiketteer ons dié wat ons herinner aan hierdie waarhede as pessimiste, smartvrate en ellendelinge. Maar ongeag of jy dink daaraan of nie, die kans is skraal dat jy kan sê jy's nie net ietwat onrustig oor die moontlikheid dat jy oor drie dae dood kan wees nie. En wie kan sê hulle kan nie wag om sestig, of sewentig of tagtig te slaan nie? Kan enige iemand uiteindelik die waarde ontken wat geluk inhou vir die meerderheid inwoners van hierdie planeet as troos vir die onaangename waarhede van die lewe?

Waar pas God in hierdie waarheid in? Ek weet nie, maar ek weet wel dat ateïste, panteïste, monoteïste, Christene, agnostici, Hindoes, Moslems en Boeddhiste almal siek raak, pyn ervaar en dood gaan. Die Waarheid geld vir almal. Dis universeel.

Vyfhonderd jaar gelede het almal behalwe 'n paar eksentriekes geglo die aarde is plat. Die feit dat mense heftig geprotesteer het teen die idee dat die aarde rond was, het die aarde nie 'n millimeter platter gemaak het nie.

ONTKEN DIT OF AANVAAR DIT – TERWYL BLOED IN ONS ARE VLOEI, DOEN ONS ALLES WAT ONS DOEN TER WILLE DAARVAN OM ONS LEWENS DIE MOEITE WERD TE MAAK.

Wat sê dit van my kritiek oor die middelklas wat ek tot vervelens toe resiteer? 'n Middelklaslewe is dan mos net 'n eerlike poging om die lewe die moeite werd te maak! Wat sê dit van my voorkeur aan 'n lewe toegewy aan kreatiwiteit en studie? Ook dít is net 'n poging om te kan sê: hou aan probeer, dit kán die moeite werd wees ...

(Dis Vrydag 27 Februarie 2004, om agt minute oor een in die vroeë oggend.)

* * *

As bogenoemde die waarheid is, wat is dan die verskil tussen 'n “goeie lewe” en 'n “edel bestaan”?

'n Goeie Lewe is een waar lewe vir die betrokke persoon die moeite werd is, en as hy of sy 'n bydrae kan maak daartoe dat die lewe die moeite werd is vir mense wat hulle lewens die moeite werd maak, soveel te beter.

Die strewe na 'n Edel Bestaan kan gedefinieer word as aktiewe deelname aan 'n stryd om die lewe die moeite werd te maak nie net vir jouself en jou geliefdes nie, maar ook vir ander met wie jy geen persoonlike verbintenis het nie.

Wanneer jou lewe toegewy word aan (onder andere) die verbetering van ander se lewenskwaliteit, slaag jy daarin om meer waarde te gee aan jou eie lewe as wat die geval sou wees as jy bloot nog 'n enkele organisme was wat gestreef het na eie behoud.

Om aksies te neem wat bevorderlik is daarvoor dat jy, en selfs 'n uitgesoekte groepie betekenisvolle ander, oortuig kan wees dat die lewe die moeite werd is, maar wat ander *ontneem* van 'n oortuiging dat die lewe die moeite werd is, of wat hierdie oortuiging kompromitteer tot 'n ernstige graad, is om ... jou lewenswaarde te beperk tot slegs jouself, en 'n uitgesoekte groepie betekenisvolle ander.

Die aksies van 'n persoon wat ander sporadies, en in wisselende grade beroof van oortuiging dat die lewe vir hulle die moeite werd is, maak die permanente of tydelike isolasie van die betrokke persoon en die beëindiging van sy destruktiewe aktiwiteite (op wettige wyse) 'n edel strewe vir mense wat dit najaag om nie net die lewe die moeite werd te maak vir hulleself en vir betekenisvolle ander nie, maar wat ook 'n oortuiging dat die lewe die moeite werd is, wil fasiliteer vir lede van die breër gemeenskap.

Die lewe is 'n stryd? Ja, 'n stryd om oorlewing, en 'n stryd om die lewe die moeite werd te maak. 'n Goeie Lewe is om te slaag in hierdie stryd. 'n Buitengewoon Goeie Lewe is relatief tot wat vir jou die lewe die moeite werd maak. (As om te reis na onbekende plekke iets is wat vir jou die lewe die moeite werd maak, is om gereeld en moontlik vir uitgerekte periodes op reis te gaan, iets wat jou lewe buitengewoon goed maak – vir jou). 'n Edel Bestaan is om ánder individue – selfs vreemdelinge – by te staan in hulle stryd; ook om aktief te wees in die verkondiging van die oortuiging dat lewe die moeite werd is, of kan wees. Om jóú lewe te verloor sodat ander kan leef, is

Saterdag 28 Februarie 2004

Ek vra dus nie meer net na die betekenis van my lewe nie. Die vraag wat eers beantwoord moet word is, “Hoekom moet my lewe iets beteken?”

Die antwoord op hierdie vraag is, indien jy glo dat jou lewe iets beteken, sal jy rede hê om te leef; en as jy rede het om te leef, is dit heel waarskynlik omdat jy glo jou lewe het betekenis.

Nie een van ons het *gekies* om hier te wees nie. Meeste van ons weet alte goed dat die lewe nie altyd maklik is nie, en op tye kan dit bitter ellendig wees. Meeste mense is ook bewus van verskeie maniere om hulle lewens te beëindig. Dit sal dus nie onvanpas wees nie om op hierdie punt die gevolgtrekking te maak dat dit van die allergrootste belang is om redes te vind

HOEKOM

JY

WIL

LEEF.

Terloops, die laaste sin wat ek gister begin skryf het (“Om jôu lewe te verloor sodat ander kan leef...”) is steeds onvoltooid omdat almal aan hulle eie naamwoorde of frases kan dink om die sin mee klaar te maak. Moontlikhede sluit in, “... is om ’n held te wees”, “... is om ’n gewer van lewe te wees”, ensovoorts. Mense wat self rede insien hoekom hulle wil leef, maar steeds op die ingewing van die oomblik, of na lang bepeinsing besluit om die risiko te neem om moontlik hulle eie lewens te verloor ter wille daarvan dat ander kan leef, verdien om geëer en onthou te word.

Die ander rede hoekom ek nie gister die sin voltooi het nie, was omdat ek moeg was vir daai spesifieke gedagtegang.

Ek kan wel dink aan heelwat redes hoekom *ék* wil leef: samesyn met familie en vriende, liefde, moontlik my eie gesin eendag, om kreatief te wees, om meer van die wêreld te leer en te verstaan. Op die oomblik gee sommige van hierdie dinge

vir my rede op 'n daaglikse basis om voort te gaan met my bestaan. Ek is egter ook genoodsaak om ander dinge te doen wat nie op 'n daaglikse basis op hulle eie goeie redes is om voort te gaan met my bestaan nie, maar wat met die verloop van tyd hopelik 'n nuwe omgewing en bestaanstoestand sal bewerkstellig wat, so glo ek tans, vir my nog meer rede sal gee om te leef.

* * *

Om op te som en af te sluit:

Elkeen van ons word gebore in 'n bepaalde era en in 'n samelewing met sekere reëls en heel moontlik 'n bepaalde dominante kultuur, met 'n verskeidenheid hulpbronne om ons behoeftes mee te bevredig, en wisselende hoeveelhede daarvan. Teen die tyd dat ons 'n sekere fisiese en verstandelike volwassenheid bereik het, het ons gewoonlik 'n paar dinge geleer oor die lewe: dis soms hard, dis soms lekker; dis soms sleg, en soms is dit goed. Die mooiste dinge kom soms oor ons pad, en soms gebeur die teenoorgestelde. Ons raak ook bewus van die feit dat almal uiteindelik doodgaan, maar dat dit ook maklik genoeg is om ons eie dood te verhaas. Diep onder die invloed van al voorafgenoemde dinge besluit ons met die verloop van tyd WAT ons met ons lewens wil doen, WAAR, en moontlik SAAM MET WIE. Ons kontempleer ook moontlik die betekenis van ons lewens, en 'n moontlike doel vir ons bestaan.

Terwyl ons antwoorde op hierdie vrae probeer uitwerk, of moontlik ná ons reeds 'n paar bevredigende antwoorde geformuleer het, of soms nog vóór ons enige moontlikhede oorweeg het, moet ons weet of ons WIL lewe. (Ek sê “weet” eerder as om te sê ons moet dit “kontempleer”, want hoewel dit sekerlik 'n algemene verskynsel is dat mense dink oor sake soos wát jy met jou lewe wil doen, wáár en saam met wie, reken ek nie soveel mense gaan sit onder 'n boom of op 'n klip en kontempleer die vraag of hulle inderdaad wíl lewe nie.

Soms sal mense 'n punt bereik wanneer hulle bewus raak van 'n gebrek aan entoesiasme om voort te gaan met hulle bestaan. Tot iemand hierdie punt bereik, aanvaar hulle dit egter heel moontlik as vanselfsprekend dat hulle wíl lewe, siende dat dit reeds die bestaande realiteit is, en hulle ervaar wat beskou kan word as 'n aanvaarbare minimum entoesiasme vir hulle eie voortbestaan.)

As jy bewus is van 'n mate van bereidwilligheid om die lewe 'n kans te gee, of selfs 'n graad van entoesiasme, volg dit dat jy redes sal oorweeg hoekom jy sal wil voortgaan met 'n bestaan wat begin het sonder dat jy 'n keuse gehad het oor die dag, plek, en ander detail wat 'n deurslaggewende rol speel in wie en wat jy is.

Wil jy dus voortgaan met jou lewe?

Indien wel, hoekom?

Indien jy nié wil voortgaan met jou lewe nie en verkies om dit te beëindig, is jy bereid om verantwoordelikheid te aanvaar – terwyl jy steeds bewus is daarvan – vir die gevolge wat jou besluit sal hê vir die betekenisvolle ander persone in jou lewe?

* * *

Aan die einde het ons net onself, ons verhoudings met ander mense, en wat ons in glo. Die hoop is altyd dat ons iets sal vind om aan vas te hou, iets wat ons sal oortuig dat alles aan die einde van die dag die moeite werd is. Die hoop is verder dat hierdie goeie dinge ons pad na die afgrond sal blokkeer, sou ons dit wel ernstig oorweeg om op te gee.

Beginnels, stellings, en 'n vraag

Maandag 12 April 2004

Ek het hierdie knaende vermoede dat ek my eie grootste held is, die ou wat aanhou vorentoe storm al is die slag reeds beslis. (Ek weet dus hoe om te bly funksioneer.)

- 1) As jy nie afgetrek word nie, bly jy staande.
- 2) As jy nie staande gehou word nie, val jy.

* * *

Ek weet hoe om “normaal” te wees – hoe om te funksioneer in die omgewing waarin ek myself bevind sonder om my kansse op oorlewing te veel te benadeel.

Dinsdag 13 April 2004

Stelling 1: Vele mense raak na jare bewus van die feit dat “the odds are loaded against them”, en selfs al draai dinge oukei uit vir hulle, is daar massas ander vir wie dit nooit goed sal uitdraai nie. Die mens is ook bewus van sy bogemiddelde intelligensie onder die diereryk – wat onder andere beteken dat hy weet hoe om sy eie lewe te beëindig. Redes hoekom hy dit nie doen nie sluit in gebrek aan durf om voor 'n trein in te spring, besorgdheid oor geliefdes, of selfs vae idees oor wat met sy “siel” kan gebeur. Maatreëls word getref om “dinge die moeite werd te maak” ...

Stelling 2: Om te beweer dat goeie dinge nie met mens kan gebeur nie, is eenvoudig nie waar nie.

En 'n vraag ... Hoeveel premie moet mens plaas op jou *ideale* visie van hoe dinge moet wees, jou *ideale* plek en omgewing,

en jou *ideale* rol in die samelewing? Hoeveel premie moet mens plaas op dinge wat “altyd moontlik is”, as die feit dat dit nie in die proses is om gerealiseer te word nie, jou daaglik meer neerdrukkend maak? Of is dit die “duiwel” wat kleingelowigheid in my oor fluister?

Eindkontemplasie III

Saterdag 1 Mei 2004

Toe kry ek my verdiende loon vir gedagtes oor persoonlike geluk, en vir die doodslag wat ek 'n verwaande, dapper kakkerlak toegedien het net voor ek gaan slaap het – ek droom die heelnag van die dood!

Staan moeisaam op nege-uur, en ry om ontbyt te gaan koop. Son skyn lekker, ry tussen die mense deur by die oggendmark, en ek dink toe sinies, “Dis nou wat mens kry as jy reken jy voel gelukkiger deesdae – en as jy 'n kakkerlak doodgetrap het.”

Toe, om die volgende draai, wag 'n Halleluja-koor en 'n neon reklamebord wat nog 'n brokkie waarheid aankondig op my pad na verligting: “Ons moet streef daarna om gelukkig te wees juis *omdat* die dood elke dag op ons spoor is!”

Die enkeling en die gemeenskap

Sondag 9 Mei 2004

Was gisteraand uit – Mama Mia’s en toe Pig & Whistle ... almal wat ek gedink het van die aardbol af verdwyn het, was daar – die twee jong dames met wie ek gesosialiseer het verlede Maart, die een se broer, en ’n dame van die Green Jungle.

Een van die twee jong dames het my gegroet van waar sy gestaan het aan die anderkant van die kroegtoonbank. In gebrek aan iets beters om te sê, antwoord ek met, “Tyd gaan verby, nè?” Die broer het ’n opmerking gemaak wat veronderstel was om aan te dui dat hy my ken, en die dame van die Green Jungle het amper aan my lies gevat.

Teen die tyd wat ek oor die brug gery het wat die stad van my woonbuurt skei, was die lug vyfuur-in-die-oggend blou. Ek het verbasend goed gevoel ten spyte van die volgende vraag: Wat doen jy as mense ’n beskouing van jou het wat onakkuraat is, of wat nie belangrike aspekte van jou lewe in ag neem nie, of wat eenvoudig uitgedien is?

Ek reken jy het drie opsies: 1) Jy gaan na die plekke waar hierdie mense tyd spandeer, en manipuleer en intimideer hulle tot hulle jou die respek gee wat jy reken jy verdien. 2) Jy kruip weg, en probeer vergeet daarvan. 3) Tensy dit jou oorlewing bedreig, laat jy dit verbygaan, en jy glo indien jy kan aanvaar dat sommige mense ’n onakkurate, onvolledige of uitgediende siening van jou het, jy een stappie nader is aan waar jy hoop om te wees.

* * *

Baie mense se selfvertroue – soos gemanifesteer in, byvoorbeeld, die manier hoe hulle ander mense groet en dan wegstap – is gebaseer op een ding: lidmaatskap aan ’n groep.

Ek sê: ontmoet my persoon tot persoon.

Ek kan verder gaan en byvoeg dat 'n oppervlakkige vertoning van selfvertroue my nie meer beïndruk nie. Solank ek glo jou sogenaamde selfvertroue is gebou op niks meer as lidmaatskap aan 'n groep nie, het ek geen rede om jou te behandel met meer as die minimum beleefdheid waarmee ek meeste mense behandel nie. Wys my jou selfvertroue sonder die ondersteuning van jou groep, dan praat ons.

Kan dit wees dat ek die skyn van selfvertroue begeer wat groeplidmaatskap mens gee? Kan dit verder wees dat ek mense beny wat wél die voordeel geniet van groeplidmaatskap? Dis moontlik. Maar soos in vele ander gevalle herhaal ek die oortuiging dat ek glo my opinie, of my punte van kritiek, is geldig, en het waarde, ten spyte van die moontlike motiverings vir my opinie, of my kritiek.

Sondag 23 Mei 2004

Hierdie jaar blyk te wees 'n tyd van her-etikettering.

Voorheen was kerkgaande, dogma-resiterende mense “gelowiges”, en ék die “ongelowige”. Voorheen was ek die “alien” en almal wat nie soos ek is nie, “normale mense”. Voorheen was ek 'n wese van 'n ander tyd en plek, wat soms simpatie ontlok by mense omdat ek ook moet sukkel met dinge soos “ons aardbewoners”.

Nou sê ek, fok dit. Ek is die gelowige. Ek is die mens. En ek weier om verder beledig te word deur mense wat gebuk gaan onder 'n swak verbeelding of 'n onderontwikkelde intellek, wat hulleself blindstaar teen hul eie ontoereikende verwysingsraamwerk.

Verligte gees

Maandag 17 Mei 2004

Waar pas spirituele verligting in op die spektrum van persoonlike ontwikkeling? Wat is spirituele verligting? Is dit om jouself los te maak van 'n materiële bestaan in uitsluitlike strewe na spirituele reinheid, om jou gees, of siel, te “bevry” van die “cycle of birth and death”?

Een interessante aspek van sogenaamde spirituele verligting en om jouself los te maak van hierdie wêreld, is dat dit 100% selfsugtig is. Jy gaan op 'n missie waar die res van die mensdom nóg minder saak maak as vroeër ... behalwe natuurlik as dit is spirituele verligting nie deur jouself los te maak van die wêreld nie, maar deur betrokke te raak in en met die wêreld. Is dit enigsins 'n moontlikheid?

Wat beteken *intellektuele* verligting? Dit beteken jy bevry jouself van onkunde, vooroordele, en oortuigings wat gebaseer is op vrees eerder as rede. Jy leer ook om jou intellek te gebruik as 'n instrument om jou eie kanse op oorlewing te verbeter; ook om die ontwikkeling van jou persoon te fasiliteer, wat insluit om uit te werk wat jy met jou lewe wil doen wat verder strek as net blote fisieke oorlewing. Dit impliseer begrip van jouself en die mens as spesie asook begrip van jou omgewing – begrippe wat waarskynlik meer gevorderd is as opvattinge wat gehuldig word deur 'n meerderheid van die bevolking.

Ek weet wie ek is, deel twee

Vrydag 28 Mei 2004

Mense wat dink ek hou daarvan om alleen te wees, moet hulle koppe laat lees. Maar watse alternatief is daar vir die persoon vir wie alleenheid 'n daaglikse realiteit is anders as om sy waarde as individu te bevestig volgens sy eie standaarde?

Hierdie persoon sal poog om sy waarde as 'n enkeling te bevestig in 'n gemeenskap waar lidmaatskap aan 'n groep een van die gesogste pryse is wat 'n individu vir homself kan toeëien.

Om een lid te wees van 'n intieme twee-lid groep word egter veral hoog op die prys gestel, want dit impliseer onder andere dat die individuele lede seksueel aantreklik is vir ten minste een persoon. Dit weer beïnvloed die aansien van hierdie twee lede in die groter sosiale groep waarbinne hulle beweeg, en ook in die breër gemeenskap, want seksuele aantrekkingskrag (en die gepaardgaande bevrediging van 'n ander persoon se behoefte aan plesier) is saam met finansiële vermoëns van die belangrikste faktore wat 'n individu se waarde bepaal in die wêreld waarin ons van hierdie tyd leef.

As jy dus nie 'n gewaardeerde lid van 'n sosiale groepering is nie, en jou seksuele aantrekkingskrag is nie van so 'n aard dat mense fisieke gemeenskap met jou begeer nie (op wyses wat vir almal duidelik is), is daar slegs een moontlike etiket vir jou persoon, naamlik ENKELING-ALLEENLOPER. (As jy egter, as ENKELING-ALLEENLOPER, oor sigbare finansiële vermoëns beskik, sal jy wel mense aantrek wat die voordele wat jou finansiële status inhou, begeer.)

Om 'n ENKELING-ALLEENLOPER te wees, veral een sonder sigbare finansiële vermoëns, is uit die aard van die saak nie so genotvol soos om saam met iemand te wees nie. Dit het ook geensins 'n kalmerende effek op enige eksistensiële angste wat jy dalk ervaar nie. Dit is ook 'n persoonstoestand wat lei

tot geniepsige aanvalle op jou waardigheid, wat weereens jou bewussyn van andersheid beklemtoon, wat jou kanse nog verder verminder om wel ernstig opgeneem te word in 'n groter sosiale konteks.

Wat staan jou te doen? Moet jy voor 'n trein inspring? Moet jy ander mense eindeloos verveel met jou selfbejammering? Wat jy doen, is om jou waarde te bevestig volgens jou *eie* standarde, wat soms in konflik is met dié van die gemeenskap wat enkelinge met agterdog bejeën en lidmaatskap aan sosiale groepe aanmoedig. 'n Kritiese beskouing van sommige van die gemeenskap se standarde is dus te verwagte.

Terloops, vir wie maak ek hierdie aantekeninge? Selfs die moontlikheid dat dit net vir myself is, is ondraaglik.

En ek weet waar hierdie nuutste stukkie sosiale kritiek vandaan kom: Dit voel sleg om alleen te wees, so nou vleg ek 'n sweep uit woorde waarmee ek die gemeenskap kan wetter (of 'n sweep wat ek kan klap 'n veilige afstand van die naaste piekniektafel af – ek wil nie my kanse op 'n bietjie gemeenskap te erg in die wiele ry nie).

Ek trek nie 'n enkele woord terug van wat ek gesê het in die voorafgaande paragrawe nie, maar dit is ter wille van intellektuele eerlikheid weereens belangrik om te erken dat ek weet wat my kritiek aanvuur.

Ek is vasgevang in 'n dilemma. Die kloof tussen hoe ek myself sien, en “die gemeenskap” se beskouing van my – soos gemanifesteer word in die reaksies van mense op wat ek met my lewe doen, en wat ek soms in hulle gesigte kwytraak – raak toenemend onoorbrugbaar.

Twee moontlikhede: a) ek moet die erkenning kry van die gemeenskap wat ek glo ek verdien, of b) ek sal voortgaan om die gemeenskap met toenemend venynige minagting te bejeën. (Dit moet noodwendig so wees – as “hulle” nie saam met my is nie, is ek teen hulle. En die malhuis of die tronk kruip nader ...)

Hou ek die gemeenskap verantwoordelik vir my eensaamheid? Nee. Ek is reeds skuldig aan sinisme, ek kan nie bekostig om nog onnosel ook te wees nie.

[...]

Nietemin, soos jy die gras soms skud om 'n slang te laat uitkruip, so glo ek my eie gebrek aan gereelde intieme kontak en my afgeslotenheid van die gemeenskap is die medium waardeur ek sekere insigte bekom oor die posisie van die enkeling in die gemeenskap. Die bitterheid waarmee ek soms skryf daaroor, bevestig dat dit nie net 'n interessante onderwerp is wat ek met die objektiwiteit van 'n akademikus bestudeer nie. Ek weet waarvan ek praat.

Weereens kan ek verklaar dat ek weet wie ek is. Weereens kan ek vir mense wat tyd op hulle eie so ver as moontlik vermy, vra of hulle weet wie hulle is – buiten die kombinasie van na-apings om suksesvol te kan funksioneer binne 'n spesifieke sosiale gemeenskap.

Ek kan ook verklaar dat wie ek is nie altyd goed is nie, en definitief nie altyd lekker nie. Mens wonder ook soms wat dan so goed is aan breedvoerige selfkennis as die resultaat daarvan is dat jy jou dae en nagte alleen slyt ...

Nuwe benadering | Toewyding | Aanvaar jousef

Maandag 7 Junie 2004

'n Nuwe benadering?

Ek hoor daar's cool Mexikaanse hip-hop, maar selfs al koop ek daarvan, is daar cool Oesbekiese musiek waarna ek nooit in my lewe sal luister nie. En selfs al luister ek eendag Oesbekiese musiek, sal ek nooit 'n Oesbeek wéés nie. En selfs al trou ek met 'n Oesbekiese vrou en ons gaan woon in Indië, sal ek nooit 'n Indiër wees nie. En selfs al emigreer ons Amerika toe, sal ek nooit 'n gebore en getoë Amerikaner wees nie. En selfs al woon ek in New York vir dertig jaar, sal ek nooit 'n Fransman wees nie. En al gaan woon ek in Parys, sal ek nooit in Swede woon nie. En al woon ek vir tien jaar lank in Stockholm, sal ek nooit in Japan woon tydens die 14de eeu nie ...

Voorwaarde vir toewyding: As jy eers aanvaar dat jy 'n *spesifieke* mens is, kan jy jousef verbind tot 'n *spesifieke* lewe.

Dinsdag 8 Junie 2004

Aanvaar jousef – al is dit net om tyd te spaar

Ek aanvaar die partikulariteit van my agtergrond. Ek dink en skryf meeste van die tyd in Afrikaans, my vel is “wit”, my gelaatstrekke gedikteer deur die gene afkomstig van my hoofsaaklik Germaanse voorouers.

Ek kan verander hoe ek lyk. Ek kan ook moeilik wees en my taalagtergrond verwerp – omdat ek dit nie *gekies* het nie, en myself dwing om net in Engels te dink en te skryf. Ek kan selfs meer radikaal wees en 'n ander taal (as Engels) kies, die

taal bemeester, en uiteindelik net in daai taal dink en skryf. Aan die einde van so 'n proses – wat jare se harde werk sal verg – sal ek 'n pragtige illustrasie wees van 'n “self-made man”.

Ek is egter bereid om so 'n radikale illustrasie te laat vaar ter wille van tyd en energie, en bloot die partikulariteit van my fisiese voorkoms, en my moedertaal en kulturele agtergrond merendeels te aanvaar soos dit is, en as goed genoeg te ag as instrumente wat die proses van self-ontdekking en self-formulering fasiliteer.

Net sodat die skare weet | Die lewe is 'n plesier-rit

Dinsdag 8 Junie 2004

Net sodat die skare weet

Om in 'n liefdevolle verhouding te wees, is wat die lewe die moeite werd maak vir vele mense. Ek is nie in 'n liefdevolle verhouding nie, so ek moet heelwat harder probeer om my lewe die moeite werd te maak. My pogings mag uiteindelik blyk onvoldoende te wees, maar tot daai dag kom, neem ek voor om my kraag teen die wind te hou. En aan te hou stap.

Die lewe is 'n plesier-rit

Ek reken ek gaan dit dalk nie maak nie.

Ek weet hoe was my tienerjare. Ek weet hoe was my twintigs, en ek draf die dertigs nou jaar-vir-jaar kaf. Hoe gaan my veertigs wees? My vyftigs? Gaan ek dit maak tot veertig? *Wil* ek dit maak?

Feit van die saak is dit, ek wed alles waarin ek glo, al my hoop, die waarde en betekenis van my lewe, en wat my lewe nog die moeite werd gaan maak, ek wed alles op die wonderwerk van betekenisvolle verhoudings met enkele ander mense!

* * *

Dit is hoe dit is: Adam het alleen in die Paradys gewoon. Hy't gemeen dat dit 'n goeie plek was, maar tog het hy eensaam gevoel. Toe maak God vir hom 'n vrou. Toe's hulle gelukkig, en dis waar die storie moes eindig.

Maar toe doen hulle iets verkeerd – hulle eet.

Van die boom.

Van kennis.

* * *

Op pad terug van die dorp af, en ek reken: ek sál dit maak.
Baie van dié wat ek elke dag sien, gaan nie, maar ék sal dit
maak.

Resultate van 'n lewe

Vrydag 11 Junie 2004

Die vraag bly, wat is die verskil tussen “my, nou” en “my, tien jaar gelede”? Watse verskil maak dit dat ek myself nou “beter” ken, of beter gedefinieer het?

Ook, wat is die verskil tussen my en iemand anders wat nie sy SELF so goed ken of gedefinieer het nie? Maak dit my gelukkiger? Meer tevrede met myself? Stel dit my in staat om makliker vrede te vind met ander mense in my omgewing?

Kyk ek 'n groot waarheid mis? Hoe belangrik is RESULTAAT? Is dit wat die kunstenaar van die salaristrekker onderskei (as albei kinders het, wat kan tel as resultate van jou lewe, of albei nie kinders het nie)? Is dit wat die persoon wat tyd en geld opoffer vir 'n goeie saak onderskei van die persoon wat hoofsaaklik vir homself leef?

Ons kom uit Niks, en ons keer terug na Niks. Wat ons agterlaat is wat ons met ons lewens gedoen het – ons “handewerk”, dit wat aan ons lewens waarde gee, *terwyl ons lewe*. (Terloops, dis vreemd dat sommige mense die “Niks” verwysing as atëisties beskou, en tog is die lyn “stof is jy, en tot stof sal jy terugkeer” sentraal aan die Christelike begrafnisritueel.)

Nog 'n vraag: Hoe beïnvloed die vlak van VERLIGTING wat 'n INDIVIDU bereik tydens sy of haar leeftyd, die RESULTATE wat hy of sy agterlaat?

* * *

Op Vrydagaand, 11 Junie 2004 om 23:15 ag ek die volgende twee vrae as van die belangrikste wat enige persoon hom- of haarself kan vra:

1. WAT MAAK JOU LEWE DIE MOEITE WERD?
2. WATSE RESULTATE LAAT JY (OP DIE HUIDIGE OOMBLIK) AGTER VAN JOU LEWE?

Dis net 'n spel, en die reëls is ontsyferbaar

Sondag 20 Junie 2004

Ek dink ek is gereed om te verklaar dat die lewe tot 'n groot mate 'n spel is.

Dit werk soos volg: jy definieer vir jousef 'n *karakter* uit die mens-karakter materiaal wat jy waarneem in jou omgewing en ook waaraan jy blootgestel word uit ander bronne (of jy wees hoofsaaklik 'n karakter wat jou omgewing op jou afdwing of van jou vereis), en jy speel dan 'n *rol* wat jy vir jousef definieer of kies uit die moontlikhede (of jy speel hoofsaaklik 'n rol wat jou omgewing op jou afdwing of van jou vereis).

Verskille tussen VERLIGTE INDIVIDUE en ANDER INDIVIDUE kan gevind word in bogenoemde uiteensetting: Eersgenoemde definieer tot 'n groot mate hul eie karakters asook die rolle wat hulle wil speel, terwyl laasgenoemde hoofsaaklik die rolle vervul van die karakters wat die gemeenskap op hulle afdwing of van hulle vereis. VERLIGTE INDIVIDUE weet wie en wat hulle is, omdat hulle in praktiese uitdrukking van vrye wil onder talle moontlikhede die rolle en karakters gekies het wat hulle goedvind vir hulself. Hulle kan ook verduidelik hoekom hulle daai spesifieke rolle en karakters gekies het, en nie iets of iemand anders nie.

Hoe goed hierdie twee tipes individue funksioneer in die wêreld hang af van hoe goed hulle die Reëls Van Die Spel Van Die Lewe ken, en hulle bereidwilligheid om daarvolgens te speel.

Dit is dan ook so dat vele sogenaamde VERLIGTES nie 'n hoë dunk het van die Reëls nie. Nietemin, slegs 'n redelike graad van intelligensie word vereis om die reëls van die Hoofspel, asook van die verskeie sekondêre spele waaraan beide VERLIGTES en ANDER soms verplig is om deel te neem, te ontsyfer. Daar is dus altyd hoop.

[Ekstra nota: Die rol en karakter wat gekies word deur die tipe persoon wat ek die “verligte” noem, is nie noodwendig beter – in ’n morele sin – as die rol en karakter wat van ’n ander individu vereis word deur sy of haar gemeenskap, of wat hulle gedring voel om te kies ten koste van ander ambisies wat hulle moontlik mag gekoester het nie. Die rol in laasgenoemde geval mag dalk een wees van leierskap in ’n uitsonderlike moeilike tyd vir die gemeenskap, terwyl die gekose rol en karakter van die sogenaamde verligte in ’n soortgelyke tyd een mag wees wat gekenmerk word deur nie-betrokkenheid. Ek noem hierdie moontlikhede omdat, ten spyte van die feit dat die “verligte individu” my gekose heldefiguur is, ek nie blind is vir heldedade van sogenaamde ander individue nie.]

[Nog ’n ekstra nota: Net omdat ’n persoon nie sy of haar eie karakter en rol kies of definieer nie, is nie te sê dat hulle nie “verlig” is nie. So ’n persoon mag dalk ten volle bewus wees van alternatiewe karakters wat hulle kon wees of word, en alternatiewe, selfs meer genotvolle rolle wat hulle heeltemal bekwaam is om te speel. As gevolg van die beste van redes aanvaar hulle dalk hul voorgeskrewe rol en karakter (of dan die rol en karakter wat die gemeenskap van hulle verwag), ter wille van diens aan die gemeenskap, en ter wille daarvan om positiewe resultate van hul bestaan agter te laat.]

Die formule wat lei tot resultaat

Sondag 27 Junie 2004

Wat is die verskil tussen my en Josef Stalin, of tussen my en Bill Gates? Die verskil is resultate van ons lewens.

Ek, Josef Stalin, en Bill Gates was al drie gebore in partikulêre plekke, op partikulêre tye, in gemeenskappe met partikulêre behoeftes. As Stalin in 1979 gebore was in plaas van 1879, in dieselfde dorp in Georgië, met 'n relatief soortgelyke huislike agtergrond (aangepas vir 1979 werklikheid), sou sy lewe ander resultate opgelewer het. Dieselfde kan gesê word as ek in 1771 gebore was, en nie in 1971 nie. Die belangrikheid van noodlotsdata – waar jy gebore is, wanneer, en as wie se kind, asook gebeure later in jou lewe waarvoor jy geen beheer het, of gehad het nie – asook die behoeftes van die gemeenskap kan NOOIT onderskat word as bydraende faktore tot die eindresultate van 'n partikulêre mens se lewe nie.

Die enigste ander faktor wat 'n betekenisvolle rol speel, is keuses. Stalin het gekies *teen* die pad wat sou gelei het daartoe dat hy 'n priester sou word, en gekies *ten gunste van* aansluiting by Lenin en die Bolsjewiste. So ook het ek byvoorbeeld gekies *teen* watse betrekking ek ook al in Suid-Afrika kon losslaan, en gekies *ten gunste van* English teaching in Taiwan om myself aan die lewe te hou. Die keuses wat Josef Stalin gemaak het, het 'n dramatiese invloed gehad op wie en wat hy geword het, en op die resultate wat hy bewerkstellig het van sy bestaan. Die keuses wat ek sover in my lewe gemaak het, het ook 'n dramatiese invloed gehad op wie ek is op die huidige oomblik, en op die resultate wat ek sover bewerkstellig het van my bestaan.

Die volgende formule kan dus voorgestel word:
RESULTAAT VAN JOU LEWE = NOODLOT +
BEHOEFTE VAN DIE GEMEENSAP + PERSOONLIKE
KEUSES.

* * * * *

Saterdag 3 Julie 2004

Die ONVERLIGTE sê: Dit is wie en wat ek is, so ek moet dit maar net aanvaar.

Die VERLIGTE sê: Hier is die kaarte wat aan my gedeel is, en hier is die hulpbronne tot my beskikking. Hierdie is my vermoëns en beperkinge, en hierdie is my belangstellings. In ag genome al hierdie dinge, verklaar ek 'n bepaalde visie van WIE en WAT ek WIL wees, en WAAR ek sal verkies om dit te wees. Laat die werk dus begin.

* * * * *

Woensdag 7 Julie 2004

Om gelukkig te wees, is in die eerste plek 'n sintuiglike aangeleentheid.

Dink vir 'n oomblik daarvoor: Waarna kyk jy op die oomblik? Wat ruik jy? Wat proe jy? Wat hoor jy? Waaraan raak jy?

Net so belangrik, en dalk belangriker: Waarna kyk jy *nie*? Wat ruik jy *nie*? Wat proe jy *nie*? Wat hoor jy *nie*? Waaraan raak jy *nie*?

En dan, as geluk tot 'n groot mate afhanklik is van hoe jy jou onmiddellike omgewing ervaar: Waarna wil jy kyk? Wat wil jy ruik? Wat wil jy proe? Wat wil jy hoor? Waaraan wil jy raak?

* * * * *

Aangetrokkenheid tot stilte

Sondag 15 Augustus 2004

Ek is skielik baie aangetrokke tot stilte, soos om by of in 'n oop stuk veld te sit, en net te luister, en miskien met myself 'n fluistergesprek te voer.

Mens sal moontlik reken dit het te make daarmee om nie te wil verskyn nie, en die instink om jouself te beskerm. Ek glo dat ek toenemend vervreemd raak van mense omdat meeste mense wat ek ontmoet, nie op dieselfde reis is as ek nie – intellektueel gesproke, maar dit kan ook gesien word as 'n spirituele proses.

As ek myself byvoorbeeld bekeer het tot 'n ortodokse weergawe van Judaïsme, sou my verhouding met familieledede en sommige ou vriende op 'n soortgelyke vlak van vervreemding gewees het as wat nou die geval is. Maar nou is die oortuigings wat ek vir myself uitgewerk het, my eie geloof, met geen eksterne paraferalia soos kleredrag en spesifieke styl gesighare wat gedeel word met ander in 'n geloofsgemeenskap nie, soos in die geval van byvoorbeeld ortodokse Jode. Ek probeer dus steeds herkenbaar wees (“soos julle my nog altyd geken het”), maar dit raak toenemend moeilik.

[Tot 'n mate neem ek nie my familie kwalik nie. Hulle is lief vir my, en wens moontlik dat ek “meer soos ander mense kon wees” omdat hulle oortuig is van die feit dat ek miserabel is meeste van die tyd. Dit is ook moontlik dat as ek nie so hardkoppig was nie, en nie soveel vreemde oortuigings gehuldig het nie, hulle miskien makliker met my kon vereenselwig.

In terme van baie dinge waaroor ek praat is ek inderdaad 'n vreemdeling vir hulle wat my al 'n leeftyd ken,

en omdat hulle nie die proses dag-in-en-dag-uit met my saamleef nie, weet hulle nie aldag waar ek uit die spreekwoordelike bus val nie.]

Verveling, en aksies wat kompenseer (en my Engelse klas op 'n Maandagmiddag)

Maandag 13 September 2004

Ek is oukei teen 16:25: gemoed is hanteerbaar; woonstel is netjies; planne, nuut en oud, interessant genoeg vir 'n Maandag.

Binne 'n halfuur met 'n groep sewejariges (wat nie vreeslik onstuimig of lawaaierig is nie), oorval die verveling my, die absolute klug van wat ek besig is om te doen. Kort daarna begin my gedagtes in allerhande donker gange afstorm: Wat is die punt van alles? Waarheen is ons op pad? Staar die feite in die gesig! Ensovoorts. Standaard Maandagmiddag, 16:30 tot 18:00 verskynsel.

Ek reken toe, mens het sekere dinge nodig. As jy dit nie kry nie, gaan jy óf fisies en emosioneel agteruit, óf jy raak verveeld, óf albei (afhangende van jou spesifieke situasie, en van watse spesifieke behoeftes mens praat).

AKSIES OM TE KOMPENSEER kan die nadelige effek van die situasie verlig, maar as hierdie tipe aksies nie geneem kan word nie, is dit fisiese en/of emosionele agteruitgang, óf verveling en frustrasie, óf al voorafgenoemde.

Dit is hoe ek vir die soveelste maal my huis-ure, alleen, kan beskryf, en dan ook die resultaat van 'n gebrek aan aksies om te kompenseer, op 'n Maandagmiddag tussen 16:30 en 18:00.

* * * * *

Dinsdag 28 September 2004

As ek op Woensdag 28 Julie 2004 opgehou eet het, was ek heel waarskynlik nou dood. Een van die redes hoekom ek dus steeds lewendig is, is omdat ek nie opgehou eet het twee maande gelede nie.

Vrydag 1 Oktober 2004

Ek het gisteraand vir my tandestokkies, nuwe skeerlemmetjies, tandeflos en cotton buds gekoop. Vanoggend het ek ontbyt geëet, en toe later by die oggendmark gekoop wortels, appels, iets vir middagete, en twee 500 milliliter koppies groentee. Toe gaan haal ek water, en terug by die huis het ek my twee bottels volgemaak, en in die yskas gesit.

Wat beteken al hierdie dinge? Watse waarde het dit op die Groter Doek van My Lewe? Alles – die tandeflos, die wortels, die water, en al die ander dinge – is maatreëls wat bevorderlik is vir oorlewing. Dit alles dui daarop dat ek ook sover vandag, Vrydag 1 Oktober 2004, nog nie besluit het om op te gee, en “te laat gaan” nie.

* * * * *

'n Kronkelgedagte

Woensdag 13 Oktober 2004

01:27

Maandagmiddag om 16:45 het die bewoording van 'n gedagte by my opgekom. Die gedagte het my ietwat ontstel. Ek het gereken, as ek teen 18:00 steeds die gedagte onthou, dan kan ek dit neerskryf by die huis (ek was in 'n klas toe die gedagte uitgebrou het). Nie net het ek steeds die gedagte onthou nie, maar ook die gemoedstoestand wat aanleiding gegee het tot die gedagte het steeds geheers teen die afgesproke uur.

Nietemin, ek was by die huis, ek kon 'n bietjie TV kyk, op die rekenaar werk, musiek luister ... en ek het 'n vars, warm boksie gebraaide rys en garnale gehad om my aptyt mee te versadig. Die gedagte was steeds nie genoteer teen die tyd wat ek gaan slaap het nie.

* * *

Hierdie naweek gaan ek weer 'n verskyning maak tussen mense waartydens ek so laag gaan daal as om verleë te voel oor die groeiende kaalheid van my hoof. Ja, daar gaan ek staan, kaalkop, kaalvoet*, 33-jarige property-less, credit card-less, car-less, non-corporate, independent, unpublished "writer".

Ek sal moontlik een of twee dames vir 'n rukkie kan vermaak met my intelligente en – siende dat ek nie myself kan losmaak van die idee om 'n spesifieke dame uit te vra vir koffie nie – ietwat sjarmante geselskap. Kort voor lank sal ek egter opsy geskuif word ten gunste van 'n ander manlike karakter wat so geseënd is om hare op sy hoof te hê, en klere in sy kas waarin verskynings veel meer indrukwekkend, en volgens die mode van die dag gemaak kan word.

Ek sal dus, na ek weer my skoene styf vasgeveter het aan my voete, spore maak terug na die veiligheid van my woonstel wat ruik na eensaamheid, en ou sigaretrook. Ek sal miskien 'n bietjie TV kyk, aan 'n projek werk op die rekenaar, FreeCell speel, musiek luister, tee drink, en nog sigaretrook teen die mure en plafon blaas terwyl ek die volhoubaarheid van my huidige lewe kontempleer.

* [In Taiwan is dit die gebruik dat almal hul skoene uittrek voor hulle 'n woning betree.]

* * *

(Terug by die voorlaaste notasie)

Dit bring ons by Woensdagmiddag om 16:26, amper 48 ure na die oorspronklike gedagte – of die nuutste verskyning van 'n ou gedagte, want nuut is dit wragtag nie.

* * *

Verstaan iets, mis iets ... insigte, onkunde ... dis alles dieselfde ...

23:48

My lewe, soos dit tans is, is nie die moeite werd nie, en ek het nie die geloof of oortuiging om die nodige veranderinge aan te bring om dit die moeite werd te maak nie.

Ek is besig om my geloof te verloor. Ek het die einde van die pad bereik, en niks aan die einde is so rooskleurig soos onkunde en blinde geloof nie.

Ek dink aan seks en geld, asof ek desperaat glo dat dít die bestanddele is wat alles “anders” sal maak. Wat sê dit as dit my enigste oorblywende geloof is?

Ek hoop om môre-oggend op te staan, omdat ek honger sal wees, en lus vir koffie en 'n sigaret. Ek sal klas toe gaan

omdat dit minder stresvol is as om die telefoon op te tel en aan die skool te verduidelik dat ek nie lus is om te gaan nie. Plus, as ek nie die moeite doen om werk toe te gaan nie, sal ek weet die klein rooibaksteenhuus wat die uiterlike struktuur en fasade van my lewe is, begin te verkrummel.

Is ek werklik na aan 'n afgrond? Die snaakse ding is, ek weet nie. Ek is soos iemand wat geblinddoek op 'n pikswart nag op 'n krans staan – ek weet die afgrond is êrens in my omgewing, maar ek weet nie of dit een, of 'n honderd meter weg is nie. Hoekom nie? Omdat hierdie gemoedstoestand al heers in my lewe vir ... tien jaar? Al wat hierdie toestand hok geslaan het 15 jaar gelede, was godsdienstige oortuiging.

Ek kan hierdie dinge met niemand bespreek nie.

(Ons sien nie altyd die dinge wat ons al nader aan die afgrond stoot nie. Ons sien nie die gesigte raak vir wie hulle werklik is nie.)

* * *

Hoop. Nie eens geloof is enige iets werd sonder hoop nie.

* * *

(Wie kan verstaan?)

Dit mag vreemd klink, maar ek glo *actually* aan die bestaan van God – ek weet net nie wie of wat God is nie. Een van die redes hiervoor is my gebrek aan vertroue in mense; niemand wat oor God praat, is geloofwaardig genoeg in my oë nie (al is baie van hierdie gelowiges goeie en opregte mense).

Ek glo, en vertrou ook nie oorgelewerde waarheid nie. Wie moet ek immers glo? Protestante? Katolieke? Moslems? Hindoes? Jode? Almal het hul eie agendas, en daar is redes hoekom al hierdie groepe “gelowiges” verskillende “waarhede” aanhang, hoekom hulle glo soos hulle glo. Redes goed genoeg vir hulle om te glo, maar nie goed genoeg vir my nie. (Reeds Donderdag 01:26)

Geloof, hoop, en liefde – en die noodmaatreëls om op te maak vir die afwesigheid van hierdie dinge

Donderdag 14 Oktober 2004

Op die trein (09:22)

Ek weet nou dat ek al vir maande al – of afhange van hoe jy daarna kyk, jare al – besig is om my geloof te verloor: Geloof in die oorgelewerde “waarhede” van my jeug, geloof in mense, geloof daarin dat “dinge sal uitwerk”.

Dit is ook so dat vele mense daaglik dwelms misbruik om (onder andere) hierdie probleem te bekamp, of om op te maak vir die negatiewe effek daarvan op hulle lewens.

Ander mense, of soms dieselfde mense, gee hulleself (ook) oor aan kriminele aktiwiteite om (weereens) op te maak vir die afwesigheid van (onder andere) geloof in hoe hulle na die lewe kyk, en om aan hulle die vermaak, opwinding en/of geld te verskaf om hul lewens die moeite werd te maak.

Ek haat dwelms. Dit maak my dronk in die kop, en ek vermoed – en weet in een spesifieke geval – dat dit my meer angstig sal maak eerder as om my te laat ontspan. En ek wil myself nie oorgee aan kriminele aktiwiteite nie.

So, my ballas hang tussen ’n skêr en ’n woedende skerpioen.

Terloops, ek het die hele tyd gewonder wat dit beteken om te sê, “My lewe is nie die moeite werd nie.” Ek bevredig tog talle van my behoeftes elke dag, my werkslading is nie te sleg nie, en ek het nie drukkende finansiële probleme nie. Wat is dan die probleem?

Die probleem, en ek het nog nooit voorheen so daaraan gedink nie, is dat ’n mens drie dinge nodig het (behalwe natuurlik om nooit die grootste gebod te oortree nie, naamlik

om nooit sonder geld te wees nie): Jy het nodig geloof, jy het nodig hoop, en jy het liefde nodig.

Ek, “Brand Smit”, leef sonder liefde. Ek leef al vir tien jaar in verskillende grade van ongeloof, en selfs die geloof wat ek vir myself uitgekerf het as my eie die afgelope paar jaar, is besig om waarde, vir my, te verloor. Al wat ek dus oor het om myself aan die gang te hou, is hoop.

En hoop sonder geloof en liefde kan Thanatos net vir so lank by die tuinkekkie besig hou.

Kan ’n mens oorleef – fisies aan die lewe bly – sonder geloof, sonder hoop, en sonder liefde, en dan ook sonder verdowingsmiddels of vermaak om die pynvolle afwesigheid van geloof, hoop en liefde teen te werk?

Ek reken ... nee.

As jy nie geloof, hoop of liefde in jou lewe het nie, sal jy ’n sterk drang voel om jouself oor te gee aan die misbruik van verdowingsmiddels en/of om jouself oor te gee aan enige aktiwiteite, krimineel of andersins, wat aan jou onophoudelike opwinding en vermaak kan verskaf.

Enkele punte op Maandag 18 Oktober 2004

Ek het grootgeword met die God van die Rykes, wat jou *beproof* met armoede, en *beloon* met rykdom. Hoe sou die God van Armes dit doen? Jou beproef met rykdom en beloon met armoede?

* * *

My laagste punt op 'n Maandag kom deesdae tydens my 16:30 tot 18:00 klas. Vandag het ek egter 'n redelik vreedsame 90 minute met die sewejariges gehad. En die klas was vreedsaam nie omdat ek onverwags getref was deur positiewe gedagtestrominge nie – intendeel, ek het gedink aan my ouers, en hoe dinge na al die jare steeds nie vir hulle uitwerk nie.

Dit lei my toe tot die gedagte dat, ten spyte van ons neiging om hoop te kies bo niks (gevolg deur fisiese dood), mens soms moet erken dat “dinge” nie altyd in almal se gevalle “uitwerk” nie – wat ons dalk nie so ver kan kry om op te gee op ons hoop nie, maar dit staan steeds as 'n verifieerbare een-plus-een-is-gelyk-aan-waarheid tipe feit.

Ek dink toe hoe dit wil voorkom asof ek dieselfde probleem het as my ouers. Dis toe dat ek die konneksie maak tussen God en geld – dat dit wil voorkom asof dié met geld beloon word met dinge wat uitwerk, en dat dié wat arm is maar net aanhou hoop en glo dat dinge miskien ook vir hulle sal uitwerk.

Ek het verbasend vreedsaam gevoel na ek hierdie gedagtes gedink het, asof ek dit al vir 'n geruime tyd wou sê, maar miskien geglo het ek mag nie; dat dit sal kwalifiseer as rebellie teen God, strafbaar met die verdoemenis van my siel.

'n Uur of wat later – na aandete, besig om 'n bubble tea oorkant die coffee shop te drink – reken ek dis totaal aanvaarbaar om die gedagte te bedink van die God van die

Rykes, en die Middelklas, want hierdie god is *in diens* van die rykes en die middelklas, en derhalwe nie die Ware God nie.

[Hoop is 'n snaakse ding. Iemand kan dalk sy hand opsteek en sê, “Kyk na my lewe. Wat van as ek een van daai mense is vir wie dinge nie gaan uitwerk nie? Waar laat dit my?”

Ek glo nie die lewe is 'n draaiboek wat ons soos marionette of tweederangse akteurs vertolk en dan gaan ons dood nie. As jy nou al van mening is dat dinge nie vir jou gaan uitwerk nie, dan neem jy vir alle praktiese doeleindes 'n reuse sprong in presies daai rigting.

Nog 'n ding: my held is nie verniet die ou wat aanhou glo nie; die ou wat hardkoppig vashou aan sy hoop, al het hy 'n sterk vermoede die slag is reeds so te sê beslis.]

Noam Chomsky het die volgende gesê in 'n onderhoud: “You basically have two choices: you can give up hope, feel hopeless and therefore ensure that the worst is going to happen, or you can have hope, and then try to realize the hope, and then there's a chance that things will improve.”

* * * * *

Saterdag 30 Oktober 2004

Ek is oor die algemeen gelukkig met wie ek is, met wat ek doen, en met waarheen ek glo ek op pad is.

Die nare ding is, these things don't necessarily add up to happy Mondays. Ek ervaar veels te veel dae – ten spyte van al die sogenaamde tevredenheid – wat ek wonder of dit die moeite werd is. Ek moet ook soms die feite in die gesig staar dat dinge doodgewoon nie altyd vir almal uitwerk nie, en dat die punt in jou lewe “that might be as good as it's gonna get” nie noodwendig goed genoeg is vir jou nie.

* * * * *

Dinsdag 16 November 2004

Ek het vandag by [die skool vir volwassenes] effens verleë gevoel oor hoe ek verskyn het. Dit het alles te make gehad met my uiterlike voorkoms: ou, voos belt, en 'n kakkerige ou kortmouhemp.

Ook hierdie saak kan beredeneer word tot jou belt uiteindelik van jou middellyf afvrot, maar 'n elementêre waarheid bly staan: indien jy, om watter oppervlakkige rede ook al, verleë is oor hoe jy verskyn, vat dit net daai edge van jou selfvertroue af. Die teenoorgestelde is ook waar: as jy goed voel, om watter oppervlakkige rede ook al, oor jou uiterlike voorkoms, dan gee dit jou net daai ekstra boost in selfvertroue.

In ag genome hierdie besonderse insig, wat staan my te doen? Ek moet môre vir my 'n nuwe belt gaan koop; ek moet gaan kyk na 'n paar hemde, en ek moet die knoop vaswerk aan my groen broek.

* * * * *

Om te word wat jou sal bring waar jy moet wees

Woensdag 29 Desember 2004

Feit is, ek funksioneer nou beter as 'n mens as wat vier jaar gelede die geval was. Ek is meer bewus van die Reëls van die Spel, en ek het geleer hoe om volgens die reëls te speel sonder om myself te verloën. Ek is meer oortuig van my relatiewe waarde in die Breë Gemeenskap, en dan spesifiek ook in die Gemeenskap van Partikulêre Taal en Kultuur waaraan ek verbind is met die spreekwoordelike naelstring. Ek is meer oortuig van wie ek is, en ook van wie ek wil wees. Ek verstaan meer van waar ek vandaan kom, asook wat die waarde daarvan is vir die beantwoording van vroeë ooreenkomste en waarheen ek op pad is. Ek verstaan ook die redes en motiverings vir hierdie spesifieke toekomsvisie. Ek is derhalwe meer oortuig van my plek in die Groter Wêreld, en meer oortuig van my eie self as ek in 'n plaaslike kroeg of eetplek instap, of arriveer by 'n braai. Laastens, omdat ek nou 'n bietjie Chinees kan lees en praat, kan ek beter funksioneer in die partikulêre omgewing waar ek elke dag woon en werk as wat die geval was 'n paar jaar gelede.

Dit is uiteindelik so prakties soos die verskil tussen 'n fietswiel wat probleme gee, en een wat werk soos hy veronderstel is om te werk. Enige een wat al ooit fiets gery het, sal die verskil kan waardeer tussen 'n wiel met gebreekte speke, 'n deurgeloopte buiteband en 'n lekkende binneband, en 'n wiel met nuwe speke, 'n nuwe, goeie kwaliteit buiteband, en 'n splinternuwe binneband. Die een is doodgewoon beter. Die een is eenvoudig meer geskik om jou te bring waar jy moet wees.

Maandag 3 Januarie 2005

Tot 'n groot mate kom dit ook daarop neer hoe jy jou brein aanwend, nie net oor die algemeen nie, maar gedurende enige spesifieke periode van, sê 15 minute.

As jy vir 15 minute lank jou brein aangewend het om te besluit hoe jy jou sitkamer gaan skuif ... dan's dit goed en wel, maar daai 15 minute is dan opgebruik, weg, jy kan dit nie herwin nie. So ook met die volgende 15 minute, of enige ander kwartier van jou lewe.

Woensdag 5 Januarie 2005

Ek is vol entoesiasme vir hierdie jaar. Hoekom? Want ek leef ... en ek weet *no one makes it out alive*, maar tot dan leef ek. En dit beteken ek kan elke dag van my bestaan, elke uur, elke week en maand, en ook my hande, my voete, my brein, my oë en my ore aanwend tot iets, tot projekte, tot dinge waarna ek aan die einde sal kan terugkyk en sê, "Dis goed."

En wat betref die onvermydelike minder goeie? Wel, die lewe is 'n stryd, en solank jy staande bly, val jy nie.

Donderdag 10 Februarie 2005

Punt van Krag: Vanoggend op Kaohsiung lughawe gereken dat elke mens 'n punt van krag het. Alles wat jy doen, waar jy dit doen, hoe jy jou daaglikse bestaan voer, saam met wie jy jou bestaan deel, en hoe jy kies om jou lewe aan te wend, sal óf hierdie punt versterk, óf verswak.

[02/06/15: Dink aan jou bestaan as 'n salf, of 'n room, of iets dergeliks. As jy “Tiger Balm” is, mors jy jou lewe as jy jousef smeer aan 'n stuk hout. Wend jy jousef aan tot 'n insekbyt, is jy op die regte spoor – korrekte toepassing van 'n spesifieke waarde.]

* * * * *

Waarin mens moet glo

Dinsdag 12 April 2005

Het die afgelope paar ure (weer) bewus geraak van 'n paar dinge:

– die lewe is *altyd* 'n stryd – aanvanklik (of voortdurend) vir oorlewing, en daarna vir óf die handhawing van 'n goeie bestaan, óf vir iets beters – 'n buitengewone lewe, volgens jou eie beskouing;

– daar is soveel dinge om te vrees dat dit amper 'n wonderwerk is dat ons nie so vreesbevange is die healtyd dat dit ons funksionering belemmer nie;

– in ag genome die vorige punt kan dit gesê word dat selfvertroue die kenmerk is van 'n dwaas – maar as uitstekende illustrasie van die teenstrydighede van die lewe, sal jy fokkol uitgerig kry as jy nie selfvertroue het nie;

– ek kom absurd voor aan myself in die klaskamer – ek wat by die huis my selfbewussyn en vermoëns aanwend tot produktiewe en meestal interessante arbeid, wat dan skielik verskyn in 'n omgewing met reëls en regulasies en konvensies en 'n hemp wat uitgekies is om by 'n broek te pas, en swak Chinese uitspraak, en opgemaakte “professionele” Engelse aksent.

Ook baie bewus geraak van wat ek nog wil doen, maar nie tans doen nie; wat ek nog wil weet, maar nie tans weet nie; vaardighede wat ek wil bemeester waaroor ek nie tans beskik nie; vrae wat ek het waarop ek nie die antwoorde ken nie – soos, wat die verskil is tussen 'n aartsbiskop en 'n kardinaal (trein arriveer, 21:30).

Woensdag 13 April 2005

Mens moet glo dat dit MOONTLIK is
vir JOU
om FINANSIEEL ONAFHANKLIK te wees

en dat dit verder MOONTLIK is
vir JOU
om GELUKKIG te wees

en dat dit verder MOONTLIK is
vir JOU
om 'n POSITIEWE BYDRAE te maak

Te veel mense glo in slegs een ding: dat dit wat vir hulle “gegee” is, insluitende sosio-ekonomiese status en gepaardgaande rol, funksie, en relatiewe waarde vir die gemeenskap, die beste is wat hulle ooit uit die lewe kán en sál kry; dat dit selfs verwaand sal wees om ambisies te koester wat verder as dit strek. Hierdie oortuigings, glo ek, is tot 'n groot mate verantwoordelik daarvoor dat dit hulle werklikheid sal bly.

Poging en beloning | Persoonlike realiteit

Donderdag 14 April 2005

Ek reken ek kan dit regverdig dat ek tans in 'n slegte bui is. Ek kyk na die hoeveelheid arbeid, die hoeveelheid maande, weke, dae en ure se arbeid wat gedurende die afgelope vier jaar gesaai is op die landery van projekte met finansiële gewin as primêre doelwit.

Ek kyk ook na my huidige finansiële vermoëns.

Laastens kyk ek na uitgawes wat ek graag wil aangaan om my lewenskwaliteit te verbeter en reise wat ek wil onderneem, en dan praatjies wat ek maak oor hierdie twee aangeleenthede; ook die feit dat ek steeds vasgevang is in die “proses”, met vrugte en eindresultate steeds net in teorie op 'n horison altyd net 'n paar dagreise ver.

Ek sê nie ek is moedeloos nie; ek sê bloot ek reken dis oukei as ek 'n bietjie murmureer daarvoor ...

Maandag 18 April 2005

'n Amerikaanse ontwikkelingswerker (vrou met die naam van “Marla”) is die naweek oorlede in Irak (bom langs die pad). Sy was heel waarskynlik in vele opsigte 'n doodgewone vrou – net so gewoon soos meeste van ons. Wat wel buitengewoon was aan haar, was haar waarde vir 'n sekere gemeenskap van mense wat vasgevang is in 'n primitiewe stryd om oorlewing. Wat buitengewoon was aan haar, was haar bereidheid om haar lewe te verloor vir hierdie stryd.

Dinsdag 19 April 2005

Ek is op die oomblik, glo dit of nie, besig om 'n sensitiwiteit te ontwikkel oor die korrelasie tussen pogings en beloning wat betref die arbeid wat ek verrig by die huis. Ek meen, ek werk nou al vir hoe lank aan sekere projekte? Wat al hoeveel geld

ingebring het? En presies hoeveel mense het al gelees wat ek skryf? En dit help nie dat my fiets enige oomblik in sy tien onderdele gaan dekonstrueer op pad na die treinstasie toe nie, of dat my TV se klank steeds neuk, of dat my rekenaar al hoe stadiger raak, of dat ek nog steeds nie by die tandarts was nie ... maar jy bly staande solank jy nie val nie, en die stryd is daaglik. En om te kla oor sulke nonsens is immers middelklas.

Donderdag 21 April 2005

Walter Reuther (1907-1970), Amerikaanse vakbondleier: "There is no greater calling than to serve your fellow man. There is no greater contribution than to help the weak. There is no greater satisfaction than to have done it well."

Vrydag 22 April 2005

12:01

Die vraag is nie of elkeen van ons 'n dwaas is nie, die vraag is wat ons doen met ons lewens ten spyte van die feit.

Die vraag is ook nie of elkeen van ons gaan sterf nie ...

18:15

Tyd gespandeer in enige plek was die spreekwoordelike moeite werd as jy die tyd aangewend het om positiewe resultate te bewerkstellig. Die idee dat jy moontlik ook op 'n ander plek soortgelyke resultate kon bewerkstellig, is van verbygaande belang en dalk nie eens nodig om genoteer te word nie. Wat belangrik is, is die proses, die doel, die eindresultaat. Die plek is óf bevorderlik, óf nie bevorderlik nie, en moet volgens hierdie maatstaf beoordeel word.

* * * * *

Vrydag 29 April 2005

Geloof in jou medemens en in die lewe, is dwaasheid. /
Dwaasheid is noodsaaklik vir geloof in jou medemens, en vir
geloof in die lewe.

* * * * *

Stem van die Anderkant

Maandag 11 Julie 2005

12:34

Ek weet dit nou: jy stap nie weg van tien dae se amper onophoudelike pyn en ongemak in jou gesig sonder ten minste 'n kraak in jou moraal nie. [Ek het tien dae tevore 'n verstandand laat verwyder.]

12:51

Laaste paar dae se notas maak dit duidelik dat 'n gedagte aan die broei was. Ek is kwaad vir myself, en dit het te make met een ding: my lewe – en met *lewe* bedoel ek die ure wat ek wakker is elke dag – is gevul met take, doelwitte, projekte wat afgehandel moet word sodat ek meer take kan uitdink, en meer projekte kan begin, en meer doelwitte kan nastreef. En dan tref 'n bus my, en waaroor sal ek die spytste wees? Geluk. Daar's so min geluk in my lewe dat dit my naar maak. En ek het so ongelooflik baie geleentheid vir geluk.

Die afgelope twee weke was bevorderlik vir hierdie insig – die pyn in my mond, [N.] se afwesigheid, al die take wat ek afgehandel het, my nuwe rekenaar, die hersieningswerk aan “Persoonlike Agenda”, en tog ... daar's altyd nog take, nog projekte, nog doelwitte! Daar's geen einde daaraan nie! Ek bekommer myself vrek oor geld en wanneer ek weer Suid-Afrika toe gaan en hoe ek verskyn! Staan op, werk, dink, skryf, eet (bekommer my daaroor om nie vetter te raak nie!), kyk bietjie TV (nie te veel nie want daar's werk en take wat wag), en dan gaan slaap ek weer. En dan staan ek weer op en stort en werk, en eet en streef doelwitte na en dan tref 'n bus my. En dis alles oor. En die vrou by die teestalletjie maak steeds tee elke dag, en kinders gaan nog steeds Engelse klasse

toe, en nuwe TV-programme word gemaak, en hierdie Sondagaand is daar 'n nuwe feature movie op HBO.

En aan die ander kant van die Groot Rivier staan ek, en ek besef: take is belangrik; doelwitte is belangrik; projekte lewer resultate van 'n betekenisvolle lewe op. Maar as dit jou nie geluk gebring het nie, nie net in jou “lewe” nie, maar in jou ure elke dag, was dit dan werklik 'n lewe wat die moeite, die swaarkry, die vernederings, die verleentede, en die tandpyn werd was?

14:50

Die tyd het aangebreek om 'n nuwe stem te kultiveer: Die Stem van die Anderkant.

Die Stem van Rede sal byvoorbeeld sê: $X=2$. Die Stem van die Anderkant sal sê hoeveel dit saak maak – van die ander kant af.

Jy wen, al is daar chaos

Donderdag 22 September 2005

09:32

Vir 'n geruime tyd nou al kerm ek oor skottelgoed en stof en wasgoed en vuil teëls en chaos wat elke dag dreig om op my ineen te stort.

Besef ek gist'raand toe ek weer iets regpak of weggooi: Dit is 'n stryd, en ek wen solank chaos nie op my ineenstort nie. En hierdie stryd, is 'n daaglikse uitdaging.

21:34

Die oomblik van herstel is nie wanneer jy 100% gemotiveer is en weer aktief is nie, dit is wanneer jy van die rusbank opstaan, die lig bokant jou werkspasie aanskakel, en voortgaan om deur die aksies te gaan.

Vrydag 23 September 2005

1. Ek is uitvoerder van gedrag, konstruktief en/of destruktief, met Doel X in gedagte, en/of in die naam van Persoon Y, en/of ter wille van Persoon Z.

2. Alle kontemplasies en redenasies kom neer daarop dat ons óf die uitvoerders is van 'n plan wat ons bestaan pre-dateer, óf ons moet baie slim wees met ons lewens.

Triomf! Ten spyte van my veronderstellings

Woensdag 12 Oktober 2005

Ek word gekonfronteer met [N.] se Stellenbosch ervarings, en na aanleiding van kriptiese beskrywings word ek weer die slagoffer van 'n bitter onaangename sensasie: teleurstelling, selfs 'n sin van mislukking.

Hoekom?!

Daai vuil aartsvyand, die groot sondebok, is weereens verantwoordelik! Veronderstellings!

Feit is, om universiteit toe te gaan, en om Stellenbosch toe te gaan, was nie oorspronklike aksies van my kant af nie. “Universiteit” was nie 'n konsep wat ek uitgedink het een middag in 1987 nie. “Stellenbosch” was nie 'n fiktiewe dorp waarmee ek een aand in 1989 vorendag gekom het terwyl ek in die bad gelê en week het nie. Albei konsepte het bestaan, vol kleurvolle beelde en implikasies lank voor ek, Brand Smit, begin dink het daaraan om op Stellenbosch te gaan studeer. En van die oomblik wat ek daaraan begin dink het – teen '88 of '89, het veronderstellings in my kop vorm aangeneem oor hoe dit sal wees.

Ek het myself gesien met 'n boeksak oor die skouer, stappend saam met vriende van die kafeteria na een of ander klas toe. Ek het myself gesien in 'n sogenaamde studentehuis. Ek het myself gesien met 'n mooi meisie, en ons wat hande vashou terwyl ons na klas langs die Eersterivier gaan stap, of waar ons onder eikebome op 'n bankie sit en gesels. Ek het myself gesien op 'n fiets – my eie fiets! – of in 'n goedkoop motorkar.

Dit was die beelde, die veronderstellings.

Mý Stellenbosch was aan die einde gevul met kommer en angste en finansiële probleme en eensaamheid en verlange. My eerste kamer was by 'n familie wat totale vreemdelinge was vir my tot enkele dae voor ek ingetrek het. Na ses weke het ek al hoe ongemaakliker begin aansit vir aandete, wetende dat my

eerste maand se huur nog nie betaal is nie. Na twee en 'n halwe maande kon nie eens die eikeblare my laat vergeet van my agterstallige huur nie. Ek het Kaap toe gegaan onder andere om nader te wees aan 'n jong dame wat 'n jaar tevore my hart laat stilstaan het, en toe weer aan die gang geskok het met die uitlating dat sy van my hou. Ses maande na ek in Stellenbosch aangekom het, het ons ooreengekom dat ons eerder net “vriende” moet wees.

Vriende? Middagetes by die kafeteria? My eie fiets? 'n Motorkar? Ek het teen die einde van my eerste jaar gewoon in 'n buitekamer wat net-net groot genoeg was vir my én die bed. Ek het lensiesop met een aartappel in gekook op 'n stofie wat in die stort gestaan het. Geld om 'n meisie uit te vat op 'n date? Koffie en koek in die dorp? Ha!

So, my Stellenbosch ervaring was 'n teleurstelling? Kan mens verder gaan en sê dit was 'n mislukking? Net omdat dit anders was as hoe ek veronderstel het dit sou wees? Omdat dit anders was as wat dit móés wees? Watse tipe mens laat toe om soveel jare na die tyd steeds geboelie te word deur veronderstellings?

Ek sê: my Stellenbosch ervaring was 'n triomfantlike sukses! Ek-nou is gebore uit daai ervaring! Was dit 'n pynvolle geboorte? Ja. Is die volwasse resultaat van daai swangerskap en geboorte 'n mislukking? Wat is die standaard? Wat is die veronderstelling? Eiendom, vaste betrekking, huwelik, kinders, skoolfonds, rekeninge, braaivleis op Saterdaggaande saam met ou vriende? Is dit die veronderstellings van sukses as 'n volwassene, steeds? As dit is hoe dit is, is ek inderdaad fokken teleurgesteld!

Wil ek na al hierdie jare sê dat ek, Brand Smit, niks meer sal wil hê as om in 'n tydmasjien te klim en terug te reis tien, vyftien jaar in die verlede in nie? Sal ek wierook brand voor die altaar van die hoofstroom establishment, en mooi gebede resiteer voor die gode van Jan en Sannie Alleman, en mooitjies in my spoor trap om nie perdalks iets te ervaar wat nie strook met Hoe Dinge Behoort Te Wees As Jy Op Stellenbosch Studeer nie?

Is dit die saad van selfverloëning wat al die jare groei in my binneste sedert my Stellenbosch ervaring suid gedraai het? Is ek steeds teleurgesteld dat my studentejare nie gevul was met genoeg geld en 'n nice klein woonstelletjie en handjiesvashou langs die rivier en lag saam met vriende nie? Ek is wat ek is, vandag, omdat my studentejare nie so was nie!

Dis tyd om my vuis te lig, en uit te roep: “Triomf!”

Dis tyd om op 'n dak te klim en uit te skree: “My ervaring was bra kak, dis waar! Maar dank die gode daarvoor, anders was ek nie die mens wat ek vandag is nie!”

Dis tyd om, weereens, te sien dat ek lank reeds die einde van die tunnel bereik het, dat ek gebore is, dat ek geword het, dat ek nou in 'n posisie is om die bron van onnodige teleurstellings uit te wys en te sê, “Daar! Daar's die skuldige!”

Die lewe is 'n stryd, en solank jy staande bly, wen jy. En ek, Brand Smit, het staande gebly. Ten spyte van my veronderstellings.

* * * * *

Donderdag 13 Oktober 2005

17:42

Dog vir 'n oomblik dis 21 November. Toe onthou ek dis nou eers 13 Oktober. Ek het 38 dae gekry! Gratis en verniet! Om te geniet soos ek wil! Om te doen soos ek goedvind!

17:58

Nog een: ouderdom, en die ongemaklike sensasies wat daarmee gepaard gaan.

Bereken die rol en die negatiewe uitwerking van veronderstellings en kompetisie met ander mense van jou ouderdom en kulturele agtergrond.

Wat sou die resultaat wees daarvan as mens beide begin ignoreer – as jy ignoreer wat jy reken jy veronderstel is om te doen op ouderdom X of al moes gedoen het, en jy verloor belangstelling in hoeveel beter of slegter jy doen as ander mense van jou tyd en kultuur, en jy leef werklik op jou eie ritme, en volgens jou eie oortuigings?

* * * * *

Maandag 19 Desember 2005

As jy nie opstaan en loop nie, sal jy opeindig plat op jou gesig. Mense – vriende, familie, en 'n paar vreemdelinge – sal jou help tot op 'n punt. Maar na 'n ruk sal ook hulle hul eie reise voortsit. Dit is eenvoudig hoe die lewe is.

* * * * *

'n Lewensbeskouing om oor verleë te voel

Donderdag 26 Januarie 2006

20:13

Vrees vir verleentheid: die groot, verskuilde oorsaak vir 'n sekere benadering tot die lewe wat ek nog nooit kon skud nie. Ek het nog altyd gedink as mens kom op jou sterwensomblik, en jy't vyf minute te vore nog rondgespring en gelag van blydschap dat jy lewe, hoe verleë jy nie moet voel in daai oomblik voor jy jou laaste asem uitblaas nie. Dink net hoe laf, hoe simpel jy sal voel! Amper asof jy vir die Engel van Dood wil sê, "Jammer dat ek vyf minute gelede nog so ligsinnig was ... as ek geweet het ... en ek moes geweet het! As ek maar op daai oomblik gedink het daaraan dat ek oor vyf minute my laaste asem sou uitblaas ... sou ek soveel ernstiger gewees het! Ek sou nie grappies gemaak het en opgewekte musiek geluister het nie! Ek het inderdaad Dood disrespekteer deur so ligsinnig te wees! Kyk nou na my! Ek voel so ontsettend skaam ..."

So dan is 'n mens maar ernstig die heelyd. Of indien dan nie die heelyd nie, sorg jy dat jy gereeld genoeg dink aan die dood, en aan slegte dinge wat kan gebeur, en aan al die situasies wat dreig met moeilikheid as jy nie oppas nie, sodat wanneer jy in die moeilikheid kom, of nog erger, as jy Dood in die gesig staar, jy ten minste nie skaam hoef te wees nie. Sodat niemand, minste van almal jyself, op daai laaste oomblik kan sê nie, "Ja, en om te dink jy't oomblikke gelede nog so lekker gelag!" Of, "Jy was nou die dag nog so gelukkig. Kyk hoe simpel lyk jy nou!"

Vrees vir verleentheid – hoeveel kommervrye dae, hoeveel geluk offer ek nie op, op die altaar van hierdie vrees nie?

* * *

Wat is vrees vir verleentheid? Wat is skaamte? Is dit nie om ontbloot te word vir wat jy is nie – naak, klein, weerloos, bang, en aan die einde, sterflik, soos ’n plant of ’n insek? Dit ten spyte van ons beste pogings om onself te laat verskyn as beter en meer gesofistikeerd as insekte of plante of ander diere.

“Is ons dan nie belangriker as ’n plant of ’n insek nie?” mag jy dalk vra.

Natuurlik is ons, sal vele argumenteer. Maar op watter punt word Belangriker As ’n Plant of ’n Insek ons ondergang? Op watter punt raak trots en selfliefde die oorsake van ons vrees om ontbloot te word?

Aan die einde: Wat is ons werklik? Wat is ons werklike waarde? Hoe word dit gemeet? En is ’n laaste oomblik van skaamtelose erkenning van ons sterflikheid dit werd om die heelyd in ons spoor te trap om nie te gelukkig te wees nie?

20:43

Asof ’n mens verder sal val wanneer Dood en Onheil jou tref terwyl jy hard probeer het om jouself oor minder te bekommer en dalk ’n bietjie gelukkiger te wees, en so nou en dan geslaag het daarin.

Bly dan maar sukkelend, bly maar arm, kruip maar voort in die modder ... ten minste sal jy nie so ver val nie.

En droom! Ja, droom van baie geld en lekker tye en doen wat jy wil! Drome is goedkoop! Moet net nooit hard genoeg daaraan werk om dit waar te maak nie. Want as jy eers baie geld het, as jy sien hoe lekker dit is ... dat dae verby gaan wat jy nie bekommerd is oor enige iets nie, wat jy reis en interessante plekke sien en tyd spandeer met familie en dinge doen wat jy geniet ... gaan jy al hoe hoër klim ... gaan jy al hoe verder val.

Twintig jaar gelede sou ek gedink het God kyk na my met kwaai oë as ek te hoog wil klim. Nou is dit Dood en Onheil. En jy moet hulle respekteer. “Bly laag,” sê jy vir jouself. “Sukkel. Maar droom voort. Dit maak in elk geval nie saak nie ...”

Tyd weg uit die plek wat ek ken

Maandag 10 April 2006

Elke mens het 'n omgewing waar hy of sy optimaal funksioneer – waar jy op jou beste is, of waar jy jou beste werk produseer. Die omgewings waar ek tans vakansie hou, vereis van my 'n bepaalde verskyning – om beleefd te wees, om goeie geselskap te wees, om 'n goeie gas te wees, ensovoorts. Hoewel ek reken ek oukei doen daarmee, is ek bewus daarvan dat hierdie nie die omgewing is waarin ek optimaal funksioneer nie. Ek doen geen werk hier nie; ek produseer niks; ek skep niks. En hierdie is dinge waaraan ek waarde heg om myself te definieer en myself te onderskei van ander mense rondom my.

Donderdag 13 April 2006

'n Week in die Kaap, amper twee weke uit Benewelde Lig, sien die volgende gedagte as resultaat:

Religie – ritueel – omgewing met kernpunt – omgewing verander – ritueel word nie geadmistreer nie vanweë afstand van kernpunt – religie word ondermyn

Identiteit – aksies wat identiteit bevestig – omgewing met kernpunt – omgewing verander – aksies wat identiteit bevestig kan nie gedoen nie vanweë afstand vanaf kernpunt – identiteit word ondermyn

Resultaat: selfvertroue word ondermyn, spanning verhoog, potensiaal vir interpersoonlike konflik neem toe

Kort-termyn oplossing: geloof

* * *

Ek voel soms soos 'n marionet wie se verstand lewendig geraak het (die idee kom uit Fritz Leiber se boek, *You're All Alone*): intelligent genoeg om te sien wat ek sien, maar onbevoeg om die volle waarheid te weet of te verstaan, vasgevang in 'n skemeragtige half-lewe.

Watse advies sou ek gee vir iemand in my posisie?

Ek sal sê, vat wat jy wel weet en verstaan, en poog om resultate van jou bestaan te bewerkstellig wat meer positief is as negatief.

Ek reken dis goed genoeg vir 'n mens vasgevang in die skemer, of hoe?

* * * * *

Vrydag 16 Junie 2006

Sewe jaar gelede het ek gesê twee ellendes jaag my al vandat ek kan onthou. Alleen is ek nie meer nie, tog is eensaamheid iets wat maar altyd met 'n mens is omdat selfs dié met wie jy intiem betrokke is, nie altyd jou vrese en jou sorge deel nie. Armoede, of dan om platsak te wees, is 'n ellende waarmee ek nog stry dat die bloed spat.

* * * * *

“Brand Smit” en ’n beter lewe

Dinsdag 4 Julie 2006

As iemand op hierdie oomblik vir my moet vra, “The whole truth, nothing but the truth, hoe gaan dit?” wat sal ek antwoord?

As ek sê dit gaan goed, sal dit ’n positiewe antwoord wees wat ekself sal waardeer. Die waarheid is dat ek sekere dinge sal ignoreer met so ’n stelling: Ek moet redelik dringend by ’n tandarts uitkom; my fiets mag dalk nog een keer die kafee haal, maar hy sal dit heel waarskynlik nie terug maak nie; en ek het maande laas genoeg geld gehad om te spandeer op genotvolle aktiwiteite soos om by ’n behoorlike restaurant te gaan eet.

Aan die ander kant, as ek sê dit gaan sleg, sal dit ’n uiters negatiewe stelling wees wat een belangrike ding sal ignoreer: Ek het ’n maat gevind, ’n vrou wat my liefhet, wie ek bemin meer as enige vrou voor haar, met wie ek alreeds baie goeie tye gedeel het, en met wie ek die res van my dae op aarde wil spandeer. In my boek is die teenwoordigheid van so ’n persoon teenstrydig met ’n algemene stelling dat dit “sleg” gaan.

Donderdag 6 Julie 2006

“En so kom ons aan die einde van nog ’n dag in die lewe van Brand Smit. Vandag was die mees onlangse in ’n reeks van duisende dae in hierdie man se lewe, sommige soortgelyk aan vandag, sommige veel beter, ander – veel slegter.”

Dinsdag 18 Julie 2006

Snaaks hoe dit wil voorkom asof my brein oortyd werk as ek effens koorsig is. My berekeninge blyk dan ook altyd dieselfde te wees: *Ek gee voor asof die lewe dit werd is om te*

leef, want om die waarheid in die gesig te staar, sal eenvoudig te veel wees om te hanteer.

My nugter opinie oor hierdie sogenaamde berekening is eenvoudig: te hel daarmee. Stry daarteen wanneer jy gesond is, en stry daarteen wanneer jy siek en koorsagtig is.

As ons so 'n pessimistiese siening aanvaar as die somtotaal van ons bewerkings, dan is ons slagoffers van kulkuns. Die hand was vinniger as die oog. Ons het nie goed genoeg gekyk nie, nie fyn genoeg opgelet nie, en die resultaat is dat ons iets gemis het.

Dinsdag 25 Julie 2006

Jy kan 'n verskil maak in mense se lewens – spesifiek in die lewens van mense wat sukkel om kop bo water te hou – deur sekere aksies te onderneem, sonder om fisies teenwoordig te wees in 'n bepaalde gemeenskap.

Donderdag 27 Julie 2006

Ek het nodig om te glo aan 'n beter lewe. Hierdie geloof moet gegrond wees in realiteit. Vir die geloof om gegrond te wees in realiteit, moet ek werk daaraan om hierdie realiteit werklik te maak.

Dus, as ek nie werk nie, ondermyn ek die poging om my geloof te grond in realiteit. As my geloof nie gegrond is in realiteit nie, kan ek nie daaraan vashou nie. As ek nie hierdie geloof het om aan vas te hou nie, val ek.

Dit is hoe dit is. My werk – skryfwerk, en ander arbeid – is my religie, in die mees praktiese sin. Ek is die pous, die hoë priester en die predikant van my eie religie. Werk is die rituele wat bevestig dat my geloof meer is as net fantasie.

* * * * *

Saterdag 19 Augustus 2006

“A man only needs one thing: to have someone to love. If you can't give him that, give him some hope. If you can't give him that, just give him something to do.” ~ aanhaling uit 'n flielk oor 'n vliegtuig wat geval het in 'n woestyn

* * * * *

Waarde gemanifesteer | Natuurlike bestaanstoestand

Donderdag 12 Oktober 2006

Natasja is die tipe persoon wat 'n mens laat glo aan die lewe, en aan liefde.

Ons almal weeg onself op teen ander mense; ons kyk na wat hulle doen met hulle lewens, en hoe hulle hulleself sien. Op grond van hierdie observasies en gepaardgaande self-kritiek, bepaal ons ons eie waarde. In vele gevalle lyk die prentjie nie rooskleurig nie.

Tog, dit is juis in verhouding met ander mense wat ons waarde werklik gemanifesteer word. Bogenoemde stelling oor Natasja plaas haar in 'n uitgesoekte klas van edel aardbewoners: Een wat 'n Ander Mens laat Glo aan die Lewe, en aan Liefde.

Die vreemde ding is, ons is baie keer onkundig oor ons eie waarde, tot ons hierdie persoon word vir iemand anders.

Vrydag 13 Oktober 2006

So teen 04:00 vanoggend gaan ek toilet toe. Soos ek heel onskuldig daar staan, vorm 'n gedagte in die bloedvate wat my brein is: "Ek is 'n onsuksesvolle entrepreneur."

Vir 'n oomblik was ek effens geskok, en ietwat verward. Om myself beter te laat voel, herinner ek myself daaraan dat voordat ek 'n onsuksesvolle entrepreneur geword het, ek 'n ongepubliseerde skrywer was.

So much for that.

* * *

Miskien is die skrywer van daai een e-boek reg: die natuurlike bestaanstoestand vir die mens is geluk.

Dit beteken om ellendig te voel en gedurig onder stres te verkeer, is onnatuurlik, en moet ten alle koste bestry word as 'n gruwel.

'n Vry man se persoonlike stryd

Maandag 20 November 2006

Ek is moeg. Ek is moeg vir sogenaamde geld-projekte wat óf nooit klaarkom nie, óf drie stappe vorentoe gaan, en 2.999 stappe terug.

Ek is lus – ek het nodig en ek het lus om vir net aand te vergeet van geld, of vir net een aand en 'n dag, of miskien selfs vir een aand en die res van die week. Want op hierdie stadium, op hierdie aand, sal selfs sukses te veel wees vir my.

Woensdag 22 November 2006

Brand dink sy lewe is vervelig en hy spandeer nie genoeg tyd aan dinge wat hy geniet nie. Die enigste manier hoe hy sy daaglikse bestaan draaglik kan maak, is om homself te oortuig dat dinge anders sal wees oor ses maande. Oor ses maande sal sy lewe meer opwindend wees; oor ses maande sal hy meer tyd kan spandeer aan die dinge wat hy geniet – skryfwerk, studie, en so aan.

Wat Brand egter nie besef nie – of wat hy miskien tog besef maar waaraan hy skynbaar magteloos of onwillig is om enige iets te doen – is dat “ses maande” elke ses maande hernu word. Elke ses maande word daar dus opnuut gesweer: “Oor ses maande ...”

Dalk nader aan die werklikheid: Elke dag is 'n vorige ses-maand periode verby. Elke dag verbind hy homself plegtig tot die volgende ses maande.

Elke dag, elke maand, elke jaar. Elke ses maande.

Is hy magteloos om hierdie skynbaar oneindige siklus te verbreek? Gaan hy 37, en 40, en 45 en 50 jaar oud word en steeds glo dat alles beter gaan wees binne ses maande?

Niemand kan kwalik geneem word as hulle dink, “Ek is bly ek is nie hierdie Brand-ou nie.”

Ek, aan die ander kant, het nie daai opsie nie. Ek moet eenvoudig myself in die spieël kyk en sê: “Dit is ek, hierdie ‘Brand’. Dit is ek wat nie my doelwitte kan realiseer nie.” Of kan ek? (Moes net vra, anders lyk dit asof ek nie geloof in myself het nie.)

Vrydag 24 November 2006

Die studente skryf, so ek sit hier en doen niks nie. Ek het niks om te sê nie. Ek is moeg, en ’n bietjie moedeloos. Ek is 35 jaar oud. My grootste skryfprojek tot dusver is afgehandel, en ek weet hoe om ’n lesersmark te bereik – selfs hoe ek mense kan kry om te betaal vir wat hulle lees. Ek moet wel fokken baie geld in die hande kry om te kan betaal vir proeflees en sulke goed. Ek moet ook fokken baie geld in die hande kry om te kan betaal vir – en hier is ek opreg as ek sê ek is geseënd – my en Natasja se troue [ons het onlangs verloof geraak]. Ook moet ek fokken baie geld in die hande kry om my tande te laat regmaak, skuld af te betaal, my bokse in Suid-Afrika uit te sorteer, en vroeg volgende jaar op vakansie te kan gaan. Ook moet ek fokken baie geld in die hande kry om my ouers uit hulle suffering te (probeer) red. Ook moet ek fokken baie geld in die hande kry om te belê in projekte wat in die toekoms kan voortgaan om vir my baie geld te gee sodat ek kan voortgaan om te wees wat ek nou is: ’n vry mens.

Saterdag 25 November 2006

As jy streef na persoonlike vryheid, maar jy doen dit ten koste van ’n ander persoon se strewende na vryheid, dien jy nie die saak van vryheid nie; jy dien eenvoudig jou eie selfsugtige behoeftes.

Vrydag 8 Desember 2006

Dit wat ek wil word, dit wat ek wil wees, die leefstyl wat ek my eie wil maak, die tipe dae en nagte wat ek kenmerkend wil maak van my lewe, is nie vir almal beskore nie.

Hier is my advies – aan myself, en aan enige ander persoon met 'n droom: Hou aan om te glo daaraan, werk daaraan, vertroos jousef as jy lang dae en nagte werk aan projekte met geen einde in sig nie, met geen vrugte wat wag om gepluk en geniet te word nie. Smeer salf aan jou frustrasies, tye wat jy reken jy 'n Moses is wat die Beloofde Land sal sien maar nooit sal betree nie.

Dinge sal bymekaar kom. Glo dit ... en gaan voort om te werk daaraan om dit waar te maak.

* * * * *

Dinsdag 27 Februarie 2007

Groot verandering vind plaas in 'n mens se lewe, en die aarde bly draai sonder om een asemteug te mis. Jy wil skree, “Hou vas daai bal! Son, gee my 'n sekonde! Almal haak net vas – ek moet net 'n bietjie dink ...”

Helaas, hier is hoe dit gebeur: ontbyt, middagete, aandete, TV, slaap, ontbyt, massiewe verandering, middagete, aandete, TV, slaap, ontbyt, middag, kos, TV, nag, slaap, ontbyt ...

* * * * *

Sondag 18 Maart 2007

HUIS is nie noodwendig 'n enkele geografiese plek nie. HUIS is waar jy die vermoë het om te kan doen wat jy wil. HUIS – is waar jy vry is.

* * * * *

Donderdag 5 April 2007

'n Idee tref my 'n paar dae gelede: Almal is weerloos. Almal. Daar is nie 'n enkele siel op hierdie planeet wat nie op een of ander manier, op een of ander tyd, weerloos is nie.

Dit dwing 'n mens dalk om te erken dat ons almal in die moeilikheid is – of in alternatiewe Afrikaans, *that we are all fucked*. Is dit nie so nie?

Slegs een moontlikheid bly oor: om uit te kyk vir mekaar.

* * * * *

Veg vir die Vegtende Gees

Dinsdag 22 Mei 2007

Ek gesels 'n paar dae gelede met [iemand na aan my], en sy vertel hoe sleg dit gaan – geld, eiendom op die mark, tweede kind op pad, man wat nie stres kan hanteer nie. Ek besef toe ek kon nie regtig identifiseer met haar probleme nie, en omdat ek nie kon identifiseer nie, was my opsies vir bemoediging en advies beperk: “Byt vas!” is nie altyd van toepassing nie.

Wat sê 'n mens dan? Sê jy een ding, dan sê die ander persoon iets anders wat die toepaslikheid van jou advies, of die effektiwiteit van jou bemoediging ondermyn. Jy vind jouself in 'n posisie waar jy soek na iets waarteen niemand kan argumenteer nie, iets wat nie afhanklik is van iets anders wat moet gebeur voor die advies of bemoediging geldig kan wees nie. Byt vas ... want, wat? Dinge sal verander? Verander dit nie, klink die “Byt vas!” ook maar na niks.

“Fight for the fighting spirit,” sê ek toe, die oortuiging terug in my stem, “for the sake of fighting for the fighting spirit! Hierop sal ek nie kompromitteer nie.”

Hoekom? Dit is absoluut. Dit is nie afhanklik van iets anders soos beter tye om die draai om dit geldig te maak nie. Dit is geldig, want die alternatief is ondenkbaar. As jy nie meer veg vir die Vegtende Gees nie, sterf die Vegtende Gees. En as dit gebeur, sal jy nooit weer lewe nie.

Selfs al is beter tye werklik net om die draai.

Vrydag 25 Mei 2007

Natasja kom môre terug, so ek is besig om my woonstel skoon te maak – spesifiek die wanorde wat ek 'n stoorkamer noem. Kom af op 'n warm plaat, 'n boeksak wat nog nooit gebruik is nie – en my huidige een is juis ernstig uitgerafel, en 'n pakkie uitgedrukte papiere wat dateer van 'n reeks klasse wat ek in Julie en Augustus 2005 gedoen het.

Tussen die gewone vervelige lyste, woordeskat, sinskonstruksies en dialoë, die volgende nota van Dinsdag 2 Augustus 2005: “Van die oomblik wat jy jou oë oopmaak in die oggend, tot die oomblik wat dit toeval laat in die nag, is jy gewikkel in ’n stryd om oorlewing – en om geluk, om die oorlewing die moeite werd te maak.”

* * * * *

Donderdag 30 Augustus 2007

Die Mag van Een Persoon – nie net die mag wat een persoon het om ander mense se lyding te verminder nie, maar die mag van een persoon wie se lyding verminder is.

* * * * *

Maandag 19 November 2007

“Hy het dit in hom om sukses te *behaal*, maar het hy dit in hom om suksesvol te *wees*?” ~ deel van ’n gesprek in my kop

* * * * *

Dinsdag 18 Desember 2007

Ek kan dit vat om te verloor. ’n Pyn wat ek enige tyd sal wil systap, aan die ander kant, is ontnugtering.

* * * * *

Woensdag 9 Januarie 2008

Nou net onthou wat ek geskryf het ’n paar maande gelede: “Fight for the fighting spirit, for the sake of fighting for the fighting spirit.”

Hoekom? Hoekom staan jy op elke keer na ’n teleurstelling of ’n terugslag?

Jy staan op, want wat anders gaan jy doen? Opgee? Oudword binne weke, skielik sieklik, geïrriteerd, lus vir niks?

Fok dit. Count me in for another round.

* * * * *

Gereed vir nog 'n dag se reis

Donderdag 8 Mei 2008

Teen Woensdag of Donderdag of Vrydag raak herhaling van dieselfde vervelige aksies en gebrekkige kreatiewe vervulling 'n probleem. 'n Goeie manier om dit te verwerk, is om uit te gaan vir 'n bier, te gaan tennis speel, of om 'n film te gaan kyk.

Ek dwing myself egter terug in my kantoorstool, en sit die roetine voort – wat ook al die roetine is daai week. My gemoedstoestand is derhalwe vatbaar vir enige foute wat ek maak, resultate wat nie so goed is as wat ek verwag het nie, selfs vir goeie resultate wat “te min, en te stadig” is.

Die uiteinde is voorspelbaar: “Dit” werk nie. Ek moet “iets anders” doen. “Dit” is te stadig. Dalk moet ek weer na “dit” of “dat” kyk.

As ek net gaan sit het – op die groen rusbank, en gelees het, of 'n film gaan kyk het, was ek na 'n paar ure, of die volgende dag, weer op pad. Uitgerus. Gereed vir nog 'n dag se reis.

Hoe ék egter die probleem benader, is soos iemand wat op die pad is sedert kort na ontbyt. In plaas daarvan om 'n motel te soek wanneer dit begin donker raak, na tien of so ure op die pad, ry die man voort, sonder stop. Tot hy in 'n trok of 'n telefoonpaal vasry.

Solank ek nog staande is

Maandag 22 September 2008

Ons hoor gereeld onself en ander mense dinge sê soos, “My lewe behoort beter te wees,” “X moet eintlik Y wees,” “A moet eerder B wees.” Mens herinner jouself ook gereeld daaraan dat die lewe nooit heeltemal werk soos jy dit wil hê nie. Jy doen jou bes, en jy probeer tevrede wees met wat jy het. Tog streef jy elke dag vir ’n beter lewe, om dinge te verbeter.

Meeste van ons weet die lewe is ’n stryd – vir ’n hoër bestaansvlak. Soms slaag jy in hierdie stryd, en jou lewe is beter van daai dag af. Soms sukkel jy vir wat voel soos ’n ewigheid, en jy bly skaars staande. Maar – en ek weet ek het hierdie beeld meer as ’n paar keer al gebruik, maar hier kom dit weer – as jy nie op die grond lê nie, beteken dit jy staan nog. En solank jy nog staande is, stry jy voort.

* * * * *

Sondag 5 Oktober 2008

“Iemand het klappers geskiet in die straat, toe raak jy deurmekaar en val by die venster uit. Toe gryp ek jou arm, skop vas teen die vensterraam en trek jou terug. Toe raas ek met jou.” ~ wat Natasja vanoggend vir my vertel het sy gedroom het gisteraand.

* * * * *

Om meer te doen, of minder

Woensdag 8 Oktober 2008

Ek raak 'n bietjie moeg daarvoor om elke dag en nag te sukkel om 'n wonderwerk uit my rekenaar te trek. Dit voel asof ek voor 'n keuse staan: vat dit rustiger, of stry voort tot ek doodgaan, of dood neerslaan.

As ek oppervlakkig daarna kyk, of propagandisties wil wees, sal ek moet sê dan stry ek maar tot ek doodgaan, of dood neerslaan (of sukses behaal; ek het vergeet om dit by die oorspronklike moontlikhede te voeg – 'n mens stry immers vir iets). Maar ek sou graag wou weet wat presies dit beteken om dit “rustiger” te vat. Beteken dit dat jy opgee en 'n luitaard word? Beteken dit dat jy heeldag TV kyk totdat jy uiteindelik jou rusbank en jou TV moet verkwansel vir kos?

Kan 'n mens dit rustig vat, en net dalk meer gedoen kry – en net dalk langer leef, en gelukkiger wees?

Woensdag 15 Oktober 2008

Ek wil altyd *meer* doen, terwyl minder in soveel gevalle *beter* is.

Notas in die Januarie van nog 'n jaar

Maandag 12 Januarie 2009

Hier is my raad aan ander mense wat wil skryf: skryf jou gat af aan alles wat jou pla, en alles wat jou gelukkig maak. Skryf asof jy mal in die kop is; redigeer later. En wees beskeie. Opinies oor jou eie belangrikheid, dat die wêreld nie sonder jou sal funksioneer nie, dat jy oor kennis en insig beskik waaroor niemand anders beskik nie, vervaag soos die jare aanstap, en raai wat: dan sit jy maar weer op 'n klip langs 'n stowwerige pad, en jy moet maar weer jou eie kaart teken met 'n stomp potlood op 'n stukkie ou koerant, en jou tas vol stop met grond en gras en 'n bottel afgewaterde no-name brand cola in die hoop dat alles sal verander in iets beter as jy lank genoeg daarop sit.

Die lewe is 'n reis. Moet niks as vanselfsprekend neem nie. Stry voort.

En om te dink dis nou eers Maandag. In Januarie.

Sondag 18 Januarie 2009

Presies 'n dekade na ek in Taiwan aangekom het.

Kruispad, weer: Ek kan óf soos 'n nat klapper 'n laaste paar vonkies uitspoeg, of ek kan vlamvat vir nog vyf ... of net miskien, nog tien jaar.

Maandag 19 Januarie 2009

Mismoedigheid is 'n monster wat sy bewerige vingers om jou strot sal vleg en die lewe uit jou sal wurg – tensy jy hom doelbewus, en daaglik, systap, en sy herhaaldelike pogings aktief teenwerk, en ondermyn.

Dinsdag 20 Januarie 2009

Mite 1: Arm mense wat daagliks stry om te oorleef en niks as vanselfsprekend ag nie, raak nooit verveeld nie. Verveling is die eksklusiewe reg van die bourgeoisie.

Mite 2: Geluk is 'n luuksheid wat jy net kan bekostig as jy ryk is, of as jy onnosel is en nie van beter weet nie.

Jou getroue dienskneg, Amper Man

Donderdag 12 Februarie 2009

Oorgelaat aan my eie lot, aan my eie genade, oorgelaat aan my eie toesig, is ek goed vir 'n paar dinge. Ek kon nog altyd notas maak tot die pen opdroog, of skryfwerk redigeer asof ek nege lewens het om dit klaar te maak. Ek is ook goed met navorsing. Ek kan dosyne PDF's van die mees obskure bronne vind en aflaai, en dis nie asof ek dan die dokumente net los in 'n donker hoekie van my hardeskyf en daarvan vergeet nie. Ek kan myself absoluut verdiep in die uitsortering van inligting en die kategorisering daarvan.

En as ek my oë uitvee, het nog vyf weke verbygegaan. Whatever.

Om geld te maak op die Internet, word 'n mens geleer om spesifieke dinge op spesifieke maniere te doen, en jy moet gereeld genoeg, genoeg daarvan doen. Werk hierdie geldmaak-op-die-Internet-stories werklik, of is dit alles net 'n slenter? Is dit alles net stories wat sogenaamde Internet bemerkers spin om jou helder oordag te beroof van jou hardverdiende kontant?

Gebaseer op my ervaring moet ek sê die moontlikheid is werklik genoeg. Die feit dat ek feitlik die hele Januarie oorleef het – ontbyt geëet het, aandete geëet het, tandepasta kon koop, tee kon koop, saam met Natasja kon gaan koffie drink en selfs 'n versnapering saam met my koffie kon geniet, en dat ek al die ander items en aktiwiteite kon bekostig wat 'n mens se lewe alledaags maak – is te danke aan 'n paar dollar wat ek gemaak het omdat ek 'n paar dinge op 'n spesifieke manier gedoen het, en dit ten minste op 'n stadium gereeld genoeg gedoen het, en genoeg daarvan.

(Word vervolg ...)

Maandag 30 Maart 2009

Ses weke en vier dae later. (word vervolg) was veronderstel om te eindig met, “Ek het ’n bestuurder nodig, want ek is soos ’n rock band wat goeie musiek kan skryf as hulle op hul eie gelaat word, maar die rock band het ’n bestuurder nodig om optredes te reël, en vervoerreëlings te tref, en die band op die lughawe of bus- of treinstasie te kry sodat hulle by een of ander dorp of stad of land kan kom om op te tree en geld te maak.

(20 minute later)

Ek voel asof ek met ’n geheim rondloop, ’n persoonlike geheim wat ek altyd bang was iemand anders ontdek. Enigste verskil is, ek *brand* om hierdie geheim uit te blaker.

Saterdagmiddag sak ek vir ’n oomblik neer in die rottangstoel in die kombuis en ek dink, “Ek moes lankal gerol het in die geld met alles wat ek weet, en alles wat ek kan doen.”

Die rede, reken ek toe, hoekom ek nie rol in die geld nie, is omdat ek nie in staat daartoe is om myself te verkoop nie. Ek kan dit nie doen nie; of, ek kan, maar dit skaaf so teen my dat ek onbewustelik altyd die proses sal bederf.

Wat bedoel ek met “verkoop myself”? Ek bedoel om na myself te kyk, my belangstellings, my natuurlike aanlegte, my aangeleerde vermoëns, en dan te kyk na die ope arbeidsmark en te oorweeg waar en hoe ek myself en my dienste kan aanbied teen vergoeding; hoe ek my arbeid, en die potensiële waarde daarvan vir die koper, op die tafel kan plaas in die hoop en verwagting van redelike kompensasie.

Goed en wel, dit is tot ’n mate presies wat ek gedoen het toe ek Noordoos-Asië toe gekom het – maar omdat taalsentrums in lande soos Korea en Taiwan gretig is om universiteitsopgeleide Westerlinge so te sê op eerste blik te huur en in ’n klaskamer te druk en redelik goed te betaal vir hulle moeite, het ek nooit nodig gehad om baie hard te probeer

om myself te verkoop nie. Ek was ook gelukkig genoeg in die verlede dat ek genoeg klasse aangebied is om my hele skedule te vul. Daar was enkele gevalle waar ek gereageer het op geadverteerde aanbiedings van werk – Korea 1996, en ’n skool in Kaohsiung wat geadverteer het in die plaaslike koerant in die somer van 2001. Al die ander Engelse klasse wat ek oor die jare gedoen het, was vir my persoonlik aangebied. Ek sou gewoonlik ’n telefoonoproep kry van iemand wat my nommer by iemand anders gekry het, en hulle sou verduidelik dat hulle dringend ’n Engelse onderwyser nodig het. My interne reaksie was altyd, “Verdomp! Moes dit nou gebeur het?” Maar, ek is ’n redelike mens. Ek weet ek het geld nodig, so in meeste gevalle sou ek ’n paar dae later inval by die nuwe werk, en natuurlik na die eerste paar weke gretig besit neem van die kontant wat my kant toe gekom het as vergoeding vir my arbeid, en vir my vrye tyd wat ek opgegee het.

Van die werk wat ek oor die jare gedoen het, en steeds doen, is vervelig. Soms glo ek dit is benede my. Maar ek doen dit, as gevolg van die kompensasie. En as my telefoon nou moet lui, met ’n stem aan die ander kant wat my werk aanbied wat ek reken vervelig sal wees, en moontlik by tye benede my, sal ek weereens heel waarskynlik die werk aanvaar. Want ek het die ekstra geld nodig. En ek is ’n redelike mens. Ek dink soms ek is spesiaal, maar nie so spesiaal dat ek ’n geleentheid van die hand sal wys om van my tyd te verkwansel vir harde kontant wat ek nogal redelik kwaai nodig het op die oomblik nie.

Bereidwilligheid om sekere werk te doen, is een ding. Probleem is, ek kan myself nie sover kry om myself te adverteer nie. Ek is bekwaam op ’n paar gebiede. Daar is individue en besighede wat wins kan maak, of dinge vir hulleself geriefliker kan maak, of hulle eie situasies kan verbeter, deur gebruik te maak van my kennis of arbeid. En hulle sal my vergoed vir my kennis of arbeid – as hulle net geweet het my kennis en arbeid is beskikbaar.

Dit bring my by die geheim wat ek in my binneste rondra, die geheim wat *brand* om uitgeblaker te word aan almal vir wie dit sal saak maak. Ek dink nie my finansiële situasie gaan verbeter binne die volgende paar weke nie. Ek dink ook nie my finansiële situasie gaan veel beter lyk oor twee of drie maande nie. Teen einde Junie? Julie? Teen September? Desember? Volgende jaar? 2011? Ek kan aanhou nommers en maande uitgooi, vol hoop dat ek teen daai maand, of teen die middel van 'n ander jaar daarin sou slaag om beter te doen as wat ek tot nou gedoen het. Maar die opinie sal dieselfde bly.

As ek op hierdie oomblik mismoedig was, of onder die invloed was van 'n gemoedstoestand wat ek voorheen sou assosieer met 'n Sondagaand, of 'n Maandag, of Maartmaand, dan het ek hierdie nota afgeskryf as die resultaat van emosie, en dit soos 'n swak gedig onder 'n klomp ou rekeninge ingedruk. Feit van die saak is, ek is nie mismoedig nie, en ek gaan nie tans gebuk onder 'n gebrek aan geloof of entoesiasme nie. As ek dit nie nodig gevind het om op hierdie oomblik hierdie nota aan myself te skryf nie, kon ek vol oorgawe gewerk het aan enige van 'n halfdosyn projekte.

Dat ek nie glo my finansiële situasie gaan verbeter oor die volgende twee tot drie dekades nie, is 'n berekende opinie. Ek glo dit sal bly soos dit nou is, tot een of ander krisis die storie onderste-bo gooi. Dan sal ek skop en spartel en mooi praat net om dit weer so goed te hê soos nou. Want beter sal dit nie wees nie.

Moet dit noodwendig so wees?

Die versoeking is daar om te sê: Ja. Brand Smit het sy bes gedoen. Hy't die einde bereik van sy natuurlike talente. Dis soos om te ry en te ry en te ry, en dan stop die pad skielik, in die middel van nêrens. Of soos wanneer iemand vir jou in Kazak 'n komplekse wetenskaplike vraag vra. Al wat jy kan doen is om verleë te glimlag, want die vraag is in 'n taal wat jy nie praat nie – en selfs al kon jy gebroke Kazak praat, sou jy in elk geval nie die vraag kon beantwoord nie, want jy weet nie genoeg van wetenskap nie. In kort, skaakmat.

Maar dan, die dowwe, soms irriterende stem van rede: Is dit skaakmat? Hoekom is dit skaakmat? Wat kan gedoen word om die naderende krisis af te weer? Kán iets gedoen word om die naderende krisis af te weer?

1. Die krisis sou lankal 'n doodsknal toegedien kon word as ek myself beter geken het. (En ek hoor die skrywer van “Persoonlike Agenda” stik in sy springmielies en tee.)

2. Daar sou nie 'n krisis gewees het as ek met ander mense kon saamwerk nie – nee, as ek ander mense kon nader en hulle kon oortuig om saam met my te werk nie.

3. Die krisis voed op homself. As ek nie die heelyd nodig gehad het om my fokus te verander na iets wat “vinniger” geld kon maak nie, het ek moontlik lankal meer geld gemaak. Of dalk nie – maar dis moontlik.

4. Ek gaan waarskynlik vir die res van my lewe arm bly, bekend staan aan myself en ander as Amper Man. Jare van nou af sal ek sê, “As ek maar net ...” – wat aan my die alternatiewe titel sal besorg van As Ek Maar Net Man, wat dalk handig sal inkom wanneer Amper Man afgesaag raak.

Genoeg slim praatjies. Feit is, ek gaan arm bly tot ek iets kan bewerkstellig om meer gereeld geld te maak as wat nou die geval is, en meer geld te maak as wat ek tans maak. Daar is ander maniere hoe ek dit kan verwoord, maar dit het nog altyd neergekom op dieselfde ding.

Arm, tot dan
Jou getroue dienskneg
Amper Man

Dink aan kerk, en wees soos water

Donderdag 12 Maart 2009

Die Chinese filmregisseur, Chen Kaige, praat van “cinema as church” – waar ’n klomp mense in die donker gaan sit, voor hulle uitstaar, en nie net vermaak word nie, maar iets ontvang.

Dit wat hulle ontvang, is nie soseer boodskap nie, maar stimulus, iets wat hulle krities laat kyk na hul eie lewens, wat maak dat hulle wonder, en dink, en hulle eie toekoms kontempleer.

Donderdag 8 April 2009

“Be like water,” resiteer Bruce Lee steeds in my kop. Dit kan ook toegepas word op geldmaak.

Ek weet ek kan geld maak deur een of ander produk te bemark of deur dinge te verkoop, maar as ek dink aan myself as ’n verkoopsvertegenwoordiger, ’n glorified door-to-door salesman, dan is ek nie soos water nie. Dan is ek soos dik, klipperige modder wat jy deur ’n nou papiertregter moet gooi.

Aan die ander kant, as ek dink daaraan om hulpbronne beskikbaar te stel of aan te beveel wat ander mense se proses tot ’n beter lewe sal fasiliteer, of om my vaardighede en kennis teen ’n redelike prys aan te bied om ander mense te help waar hulle vasbrand, dan raak die modder waterig, en die klippe verkrummel.

Identifying and removing the obstacles in your way will increase the probability of you achieving your goal; it will significantly enhance the possibility of you reaching your destination in good time. As nie Bruce Lee óf Confucius dit gesê het nie, is ek seker daarvan iemand anders het.

Die pad wat agter my lê

Donderdag 6 Augustus 2009

Ek oorleef. Ek eet baie groente, en hoender en vis, en ek drink baie tee en water. Ek ry fiets en doen oefeninge in die oggende. Ek drink min alkohol, en ek het opgehou rook.

Ek oorleef, maar ek sal nie sê ek handhaaf dieselfde kwaliteit lewe as voorheen nie. Ek het min sosiale kontak met my tydgenote, en ek geniet min sosiale ontspanning van 'n aard wat algemeen is onder mense wat oppervlakkig as my sosio-ekonomiese gelyke beskou kan word. Ek het amper 40 maande gelede laas my familie gesien. Ek het geen kontant om op terug te val sou ek per ongeluk van my fiets afval, of wat meer waarskynlik is, as een van my tande dalk uit my mond uitval nie. Laastens skuur ek meer as ooit tevore elke maand deur op die naat van onderbroeke vol gate – en ek is nie meer 19, of 28 nie; ek het in alle eerlikheid verwag om teen 38 ten minste deur te skuur op beter kwaliteit onderklere.

[Redakteursnota: Die laaste verwysing was 'n onbeplande gemengde idioom van die Engelse “flying by the seat of your pants” en “pulling through by the skin of your teeth”. Wat ek bedoel het om te sê, was natuurlik dat my finansies redelik knap was, oftewel, dat dit “broekskeur” gegaan het.]

Donderdag 27 Augustus 2009

Kom ons wees eerlik: Wat ek deurgemaak het sedert 2006 kwalifiseer volgens vele standaarde as 'n volslae en algehele, mees betekenisvolle en diepgaande mislukking.

Ek sê dit met die grootste agting vir myself. Ek sê dit ook met 'n ope hart en 'n goeie gemoed, want ek weet die pad vorentoe lyk goed; ek weet ook die pad wat agter my lê, is deel van my lewensverhaal.

Maandag 5 Oktober 2009

In die woorde van Koos du Plessis: “Ek het soveel vermoed, geglo, so min bewys.” Of, om Steven Wright aan te haal: “If at first you don’t succeed, destroy all evidence that you tried.”

Nou ja, ek hét baie geglo, en veel gepropageer. Ek hét baie probeer, en probeer steeds, en wat genoem kan word konvensionele sukses ontglip my steeds – net-net, sal ek bysê. Ek glo altyd ek is warm op die spoor.

Laastens, ek dra my mislukkings en my verleentheid soos ’n bokser sy littekens dra – dit is nie wie ek is nie, maar dit sê wel: Ek was al in die kryt. Ek steek nie die bewys daarvan weg nie, en ek dra nie ’n masker nie.

Geld en selfrespek

Maandag 23 November 2009

20:46

Ek het net een ding nodig wanneer ek oor drie weke en vyf dae Suid-Afrika toe gaan, en dit is nie 'n klomp geld nie. My enigste versoek is dat ek kalm vertrou in myself sal manifesteer.

Dit is wel so dat geld gewoonlik 'n bron is van oppervlakkige selfvertroue. Vele mense se koppe spin ook van verwarring as jy kalm en selfversekerd is ten spyte van die feit dat jy nie baie geld het nie.

Die vraag is, kan jy jousef respekteer as jou beursie aan die dun kant is? Kan jy regtig kalm vertrou in jousef manifesteer as jy jou sente 'n paar keer moet omdraai voor jy dit spandeer?

Daar is uiteindelik baie redes hoekom iemand nie rol in die geld, of dik in die krediet is nie. As ander mense dit moeilik vind om jou te respekteer as jy nie geld het nie, is dit hulle probleem. As jy steeds jousef kan respekteer al is finansiële hulpbronne skaars, is kontantvloei jou enigste probleem.

21:41

Diere kan vrees ruik, en reageer onwillekeurig daarop. So ook het meeste mense 'n aanvoeling vir gebrek aan selfrespek in 'n ander persoon. Ook dan, is die reaksie onwillekeurig.

* * * * *

Dinsdag 3 November 2009

Almal is op hulle eie reise. Almal se stryd is anders, en ewe werklik. Almal weet iets, baklei met iets, sukkel met iets, probeer iets oorleef, of probeer om iets na te streef, waarvan jy niks weet nie. (Dieselfde kan natuurlik oor jou, vir iemand anders gesê word.)

Voor jy jouself vergelyk met iemand anders, vra jouself: Begryp jy die kompleksiteit van die ander persoon se lewe?

* * * * *

Ek probeer om radikaal te wees, sonder my blou kitaar

Woensdag 3 Maart 2010

11:58

Twee (moontlik) onverwante gedagtes:

1. My blou elektriese kitaar wat ek in 2000 aangeskaf het in 'n maniese periode toe ek gedink het ek gaan 'n popster of iets word, het uiteindelik sy ware doel en waarde ontbloot: om na tien jaar verkoop te word vir kosgeld wat moontlik so lank as twee weke sal hou.

2. Vir as ek dit gemis het, die punt is opvoeding, en meer spesifiek, ek wat ander mense se opvoeding fasiliteer. Ek reken die onderwerp is voor die hand liggend: finansiële onafhanklikheid. (Hoe werk dit, as ek self sukkel om kop bo water te hou? Ons leer uit mekaar se foute, en uit wat ons wyspraak op pad êrens heen.)

20:39

Dit is beter om psigoties te wees en/of in 'n waan te leef as om op te gee. "One can never be radical enough; that is, one must always try to be as radical as reality itself," het Lenin blykbaar op 'n dag gesê.

Vrydag 5 Maart 2010

Drie beelde:

- die suksesvolle persoon – familie en vriende ag hom as suksesvol, so ook kollegas en kennisse, maar bowenal ag hy homself as suksesvol

- die een wat opgegee het – trek lewensenergie uit enige een wat nog probeer om iets te doen; skiet alle pogings en idees af; versuur ander mense se hoop; kritiseer alles; bitter

- die een wat aanhou probeer – selfs as dit op 'n punt kom wat sy vriende en familie begin dink dat hy dit nooit sal “maak” nie, selfs al slaag hy nie daarin om sy doelwitte te verwesenlik in die redelike tyd wat hy vir homself gestel het nie, sal hy aanhou werk daaraan, en hy sal heel waarskynlik aanhou tot die dag wat hy verwelk en in die niet verdwyn

Sondag 21 Maart 2010

Niks beklemtoon jou skande en verleentheid heeltemal soveel soos om absoluut geen kontant in jou beursie te hê nie, en nie genoeg geld in die bank om dit wat jy het, by 'n OTM te trek nie.

Vrydag 26 Maart 2010

Ek toon al vir jare hierdie neiging om ongemaklik te wees oor die moontlikheid van oormatige geluk.

Sê 'n stem in my kop: Jy doen op die oomblik omtrent 25 of 30% op die geluk-skaal. Baie mense kan gaan tot so 80% voor hulle ongemaklik begin raak. Jy kan self gaan tot so 60 of 65% voor jou kop sal ontplof, so ten minste vir die afsienbare toekoms het jy niks om oor bekommerd te wees nie.

Maandag 29 Maart 2010

Beskerm die gees – dit is jou primêre verantwoordelikheid. Wanneer die gees begin kwyn, begin alles ontrafel.

Selfs wanneer jy besig is om te verloor, kan jy wen

Dinsdag 10 Augustus 2010

Dit kom nou al 'n paar maande. 'n Week of twee gelede wou ek 'n nota daarvoor maak: die Waarheid.

Die Waarheid is vibrerende subatomiese deeltjies. Dit – dit is die werklike, eindpunt-na-jy-al-die-res-afgestroop-het, werklik-soos-wat-werklik-kan-wees waarheid.

Wat ons dink en wat ons doen as deel van hierdie “Uber” Realiteit, word óns realiteit, óns lewens.

Vrydag 27 Augustus 2010

Jou realiteit is, tot 'n baie groot mate, wat jy BESLUIT dit is.

“Dis baie waar,” sal iemand ingedagte opmerk.

Dan, eendag, tref dit soos 'n betonmuur.

Woensdag 15 September 2010

Ek dink ek is besig om 'n les te leer. Dit het te make met die hele besigheid van my wat probeer geldmaak op die Internet sedert 2006. Ek reken verder ek is nog nie klaar met die leerdery nie.

Die LES: Ek moet ophou om mense te probeer oortuig dat ek van beter weet, en dat my manier vinniger en beter resultate oplewer. Soms het ek nie die vaagste benul waarvan ek praat nie, en as ek dan voorgee ek weet meer as wat ek werklik weet, dek ek net die tafel vir my eie vernedering. Ek moet eenvoudig meer beskeie wees.

Donderdag 23 September 2010

Sedert 2006 het ek net een ding op die brein gehad, een obsessie, een projek: maak geld van die huis af.

Ek kry egter die idee dat daar parallelle storielyne is. Een praat van hernude self-ontdekking. Nog een praat van praktiese opleiding. Die kersie op die koek is 'n storielyn wat sê, al my avonture (of gebrek daaraan) sedert 2006, was die beste ding wat met my as skrywer kon gebeur.

Maandag 27 September 2010

“That’s what learning is ... not whether we lose the game, but how we lose and how we’ve changed because of it and what we take away from it that we never had before ... losing, in a curious way, is winning.” ~ Richard Bach, skrywer van *Jonathan Livingston Seagull*

Die noodtoestand is verby

Woensdag 9 Februarie 2011

'n Noodtoestand het geheers in my lewe die afgelope vyf jaar. Hierdie eksistensiële toestand dikteer dat ek moet ... dat ek nodig het ... dat ek absoluut verplig is om eers geld te maak voordat ek kan bekostig om weer enige ernstige tyd te spandeer aan my skryfwerk. Dit impliseer dat skryfwerk 'n luuksheid is wat ek nie kan bekostig in 'n tyd van nood nie.

Wel, ek dink dit is pynlik duidelik dat die noodtoestand nie werk nie. So, ek gaan dit laat vaar. (Of het ek die noodtoestand nodig om myself sover te kry om werk te doen wat geld maak? Ek glo: Nee.)

Waarop kom dit neer? Dit beteken eerste skof van die dag, na ontbyt tot aandete, werk ek aan literêre projekte. Tweede skof, na aandete tot slaapyd: besigheid, insluitende Engelse klasse.

Ek het 'n goeie idee wat ek moet doen met al my besigheidsprojekte. Indien van die projekte egter soveel werk behels dat ek nie aan enige iets anders kan werk nie, sal dit beteken ek byt te veel af. Ek sal in so 'n geval eenvoudig ander mense moet betaal om van die werk te doen, en as ek dit nie kan bekostig nie, sal ek dit moet laat gaan.

Feit van die saak is, sonder my skryfwerk is ek net 'n ou wat sy bes probeer om geld te maak. Soms slaag hierdie ou, soms misluk hy. Die res van die tyd lees hy sy geskiedenisboeke en kyk hy TV. Is dit ek? Dalk oor vyf jaar, in alle eerlikheid, of oor tien. But I'll be doomed, if not damned as well, as ek my skryfwerk verlore laat gaan.

“Maar jy werk mos aan jou skryfprojekte – soort van,” sal my denkbeeldige gespreksgenoot van vele jare laat hoor.

Nie regtig nie, sal ek antwoord. Die bietjies werk wat ek so nou en dan doen, kan vergelyk word met die droë korsies en bene wat iemand vir 'n hond onder die tafel voer. Dis nie

genoeg nie. Dis nie genoeg om 'n hond wat veronderstel is om wag te hou, lewendig te hou nie.

Ek kies nie my skryfwerk hier bo pogings om geld te maak, of soos ek dit graag noem, “besigheid” nie. Ek kies beide. Ek weet wat ek moet doen. Ek doen dit. Ek hoef nie die heelyd myself daarvoor te bekommer nie. En ek hoef beslis nie te glo dat ek een of ander geldgod moet beïndruk met hoe hard ek probeer nie.

Ek herhaal: Ek weet wat ek moet doen, ek is reeds besig om dit te doen, en ek sal voorgaan om ses dae per week te werk daarvan. Maar die tyd het gekom om weer aandag te gee aan iets wat verder strek as net geld.

Elke man het sy plafon

Donderdag 19 Mei 2011

My fiets se binneband het gisteraand op pad huis toe ontplof, so ek moes vanoggend die fiets stoot na my ou buurt toe waar my “kantoor” is. Toe ek by die fietsherstelwinkel kom naby my ou woonstel, was dit nog toe. So ook toe ek twee ure later weer gaan kyk het. Derhalwe moes ek vanmiddag skool toe stap. En terug. Op pad terug loop ek toe verby die fietswinkel – wat toe uiteindelik oop is. Tien minute later is ek daar met my fiets en die gebarste binneband.

“NT\$450,” probeer die ou my beroof toe ek hom vra hoeveel dit sal kos om die binneband te vervang.

Sekondes later stoot ek toe maar weer my fiets kantoor toe, en kort daarna pak ek weer die twee kilometer aan terug huis toe. In my sandale.

Twee insigte:

1. Dis ’n jammerlike waarheid dat nie elke donker wolk ’n silwer randjie het nie. Maar as jy nie die silwer rand raaksien nie omdat jou houding verkeerd is, moet jy jouself afvra: Is my probleem terminaal, of kan ek iets daaraan doen?

2. “Every man has his price, Bob, and yours was pretty low,” sing Roger Waters. So het elke persoon ook sy plafon waar hy sê: “Ek kan nie verder nie. Ek kan nie meer nie ...”

Vraag is: Waar is jou plafon?

Dalk is jou bitter ervaring iets van die verlede oor vyf minute, of oor twee dae, of oor ’n week. Gaan jy dan, wanneer dit verby is, terugkyk en verleë sê: “Deksels, ek wens ek het nie so gou ingegee nie ... Ek wens ek het nie so gou opgegee nie ... Ek wens ek het nie op daai punt al so hard begin kerm en kla nie ...”

Naby aan die einde van my stappery vanmiddag was my bene al stokstyf, en ek het ’n dosyn klein klippies opgeskep met my sandale soos ek geskuifel-stap het. Ek het gedink aan soldate wat kilometers ver moes marsjeer in haglike

omstandighede, net om die volgende oggend in 'n sloot te moet lê, en op ander stappers te moet skiet.

Dis toe wat ek dink aan die Roger Waters lirieke: “Every man has his price ... and yours was pretty low.”

Ek besef toe, as ek op daai punt hard aan die kerm gegaan het, sou dit my plafon gewees het. En dit sou *pretty damn* laag gewees het.

* * * * *

Donderdag 2 Junie 2011

As jy nie gelukkig is nie, sal sy jou help om die hindernis uit die weg te ruim, om jou probleem op te los. Sy sal *aandring* daarop – selfs, as dit nodig is, ten koste van haar eie geluk. Maar as jy nie saamwerk nie, as jy nie jou deel bybring om jouself gelukkig te maak nie, dan kan jy in jou moer in vlieg.

* * * * *

Nota nommer 517 aan myself

Donderdag 3 November 2011

Hou op om met elke man en vrou op straat te baklei.

Hou op om met elke persoon wat jy teëkom 'n argument aan te knoop.

Hou op om elke geleentheid wat jy kry aan te gryp om rusie te maak.

Hou op om die hond te wees wat elke kat jaag wie se reuk die wind na hom toe aanwaai.

Hou op om die hond te wees wat by ieder en elke boom op blaf, of daar 'n kat in is of nie.

Stry die stryd waar jy 'n redelike kans het om te wen.

Vrydag 23 Desember 2011

As mens in 'n betekenisvolle verhouding is ... Of, kom ek maak dit meer persoonlik. Ek vind my verhouding met Natasja maak dit vir my makliker om myself toe te laat om gelukkig te wees. Die rede is omdat ek weet die geluk van die vrou wat ek liefhet en vir wie se welsyn ek omgee, hang tot 'n groot mate daarvan af of ék gelukkig is.

As jy nie jouself toelaat om gelukkig te wees nie, gaan die mense naaste aan jou geaffekteer word daardeur. As jy omgee vir die mense naaste aan jou, as jy opreg hoop dat hulle daaglikse bestaan 'n graad van geluk sal insluit, sal jy jouself dit vergun om gelukkig te wees.

Dis die onbaatsugtige ding om te doen.

Tyd om op te gee

Woensdag 22 Februarie 2012

Een van die min populêre frases wat ek aanhang soos 'n universele waarheid, is dat mens nooit moet opgee nie. Ek glo dit nou al vir baie jare, en resiteer dit gereeld aan myself asof dit gebed is. Almal wat ek respekteer wat enige iets te sê het oor die lewe, bevestig dit ook. Jy gee nie op nie. Jy mag nooit, ooit opgee nie. As jy opgee, is dit verby. Jy sit plakkate teen jou mure op wat jou daaraan herinner. Jy koop vir jou T-hemde met bewoording wat dit bevestig. Jy stuur skakels aan na video's wat dit preek. Jy deel kort stories op Facebook sodat ander mense dit nie dalk vergeet nie. En as dit nodig is, skryf jy dit met 'n swart pen op jou tekkies se sole: "Never give up."

Die opgee waarna ek hier verwys, is die fatale tipe, die eksistensiële tipe. Ek verwys hier na 'n besluit om nie meer dinge te doen nie – jy's klaar met alles, klaar met probeer.

Tog, ten spyte van die lewensnoodsaaklike oortuiging wat so na aan 'n mens se hart lê, het jy soms nie veel van 'n keuse nie. Verskil is, dit wat jy opgee is nie lewe nie, en dit beteken nie dat jy nooit weer sal probeer nie.

Soms moet 'n mens opgee op dinge wat nie meer werk nie, of nog nooit regtig gewerk het nie. Soms gee mens op op 'n verhouding, of op 'n huwelik. Soms, na jy jare lank probeer het om uit te hou by 'n maatskappy want die hemel alleen weet jy't die geld nodig gehad, gee jy op. Jy bedank, en vee jou hande af aan iets waaraan jy jou bes gegee het om te laat werk. En soms los jy die stuur van projekte wat jy oor 'n duisend klipperige paaie gery het. Jy los die stuur, maak jou sitplekgordel los, en spring uit die kar uit voor dit oor die afgrond stort.

Want soms moet mens opgee om te oorleef.

Meetstok van jare se wegry van dieselfde plek af

Donderdag 19 April 2012

Ek ry vroeg vanaand weg by die skool waar ek al vir meer as dertien jaar werk en wonder hoe dit sal wees om die laaste keer daar weg te ry. 'n Paar draaie later dink ek hoe ek hierdie gewoonte ontwikkel het om te dink aan my lewe aan Taiwan wanneer ek wegry na 'n klas by hierdie spesifieke skool – die groot, breë tema van my lewe in Taiwan, nie spesifieke sake wat net relevant is tot daai dag of daai week nie.

Ek werk toe uit dat ek al meer as 1 500 kere daar moes wegry het sedert vroeg 1999, wat beteken ek het seker al om en by 'n duisend keer my lewe in Taiwan gekontempleer nadat ek 'n paar ure tussen daai mure spandeer het.

Dat hierdie spesifieke skool die mees stabiele, bestendigste aspek is, en sover was, in my meer as dertien jaar in Taiwan, was die volgende trok in die gedagte-trein. Niks, nie woonplek, vervoermiddel, wat en waar ek eet, met wie ek sosialiseer, wat ek doen in die aande, hoe laat ek opstaan in die oggende, die hoeveelheid geld wat ek verdien, my finansiële verpligtinge, of my verhouding-status het dieselfde gebly gedurende die laaste dertien jaar nie. Ek het selfs deur vier verskillende rekenaars gegaan! Wat dit dus nie verbasend maak dat ek neig tot groot gedagtes wanneer ek nog 'n keer my tydkaart pons by hierdie plek nie.

Wat hierdie tipe konsekwentheid aan 'n mens gee, is 'n maatstaf.

As 'n man na dertien jaar nog steeds dieselfde werk doen in dieselfde kantoor en dieselfde inkomste verdien – aangepas vir inflasie – sal hy tereg dink sy lewe het gestagneer, veral as hy sien hoe sy kinders in dieselfde tyd verander het van kleuters met vetkryt tussen hulle vingers tot tieners met iPhones in hulle hande.

Met die skool ter sprake sou ek stagnasie waardeer. Die werklikheid is dat my situasie by hierdie skool toenemend versleg het soos die een jaar homself bo die ander jaar bly pak het. Ek het begin met ten minste 15 ure per week, wat my gegee het omtrent NT\$30,000 per maand. Ek doen nou twee ure per week by die plek, wat my omtrent NT\$5,000 per maand in die sak bring (ek gee darem ook klas by een of twee ander plekke, soos ek ook dertien jaar gelede gedoen het).

As ek my lewe in Taiwan moet meet aan die maatstaf van die bestendigste deel van my lewe hier, is ek nie besig om te stagneer nie, ek is besig om agteruit te gaan.

Ek kan sê dat dit onwetenskaplik is om jou lewe te meet aan net een maatstaf. As almal hulle lewens moet meet aan die een ding wat volhardend deel van hulle lewe gebly het vir 'n lang tyd – ongeag of hulle hou van hierdie ding of nie, sal meer mense dalk soos mislukkings voel. Ander sal dalk tot hulle verbasing besef dat hulle nie die groot mislukkings is wat hulle altyd gereken het hulle is nie. Mens moet jouself ook afvra waaraan mense hulle lewens meet as daar min of niks is wat konstant gebly het oor die laaste dekade of so van hulle lewens nie.

Gelukkig vir meeste van ons bestaan die legkaart van ons lewens uit dosyne groot stukke, en honderde kleiner stukkies. Sommige van hierdie stukke is dalk dieselfde na vele jare; sommige is dalk al afgedop en vaal; ander is skitterblink nuwe stukke, gemaak uit die beste tipe materiaal waarin legkaartstukke kom.

So is dit ook met my lewe.

Ek sal nietemin erken, geoordeel aan my situasie by die plek waar ek al werk vanaf my eerste week in Taiwan, dat sommige aspekte van my lewe in hierdie land wel agteruit gegaan het.

En as dit so is? Dalk as ek 'n bietjie terugstaan vir 'n oomblik, sal ek kan sien dat dit maar net is hoe die lewe soms is.

Resultaat, Proses, Identiteit en Geluk

Saterdag 11 Augustus 2012

RESULTAAT is wat saak maak. En met RESULTAAT word nie net bedoel die bewerkings wat gemaak word die dag na jou dood nie, maar die resultaat van elke taak, elke onderneming, elke projek wat jy aanpak.

PROSES is wat RESULTAAT voorafgaan. PROSES is óf bevorderlik vir goeie RESULTAAT, óf dis nie bevorderlik daarvoor nie.

IDENTITEIT is wat jou in staat stel om te funksioneer in die historiese tydvak wanneer jou bestaan uitspeel, en in die plek waar jy gebore is, of waar jy jouself bevind as volwassene. Jou IDENTITEIT is goed genoeg as dit jou in staat stel om te oorleef, en as dit jou in staat stel om goeie RESULTAAT na te streef.

GELUK is een van die kondisies wat PROSES die moeite werd kan maak.

OM GELUKKIG TE WEES maak dit meer waarskynlik – hoewel daar altyd uitsonderings is – dat die PROSES sal lei tot goeie RESULTAAT.

Voorgedagte:

Ek het hierdie week my kantoorspasie begin oorskuif na 'n huis so vyftig meter van my ou woonstel af. Die nuwe plek – eintlik net twee leë vertrekke op die tweede verdieping van 'n huis waar die eienaars so een keer elke twee maande kom oornag as hulle besigheid in die stad het – is orraait, maar nie perfek nie.

“Die resultaat van die proses is wat uiteindelik belangrik is,” het ek gedink op pad terug huis toe vroeg vanaand, “en die plek is goed genoeg om ten minste nie die proses te ondermyn nie.”

Hou jouself staande, anders sál jy stof byt

Woensdag 5 September 2012

Mislukking, en die hernude indruk dat, omdat ek nie geld maak nie, ek nie werk nie. Dit ten spyte van boeke gepubliseer – beide persoonlike materiaal en kommersiële projekte, talle webwerwe en ander internet eiendomme, en jare se dag in en dag uit, week in en week uit, en maande aaneen se gesukkel met pogings om geld te maak wat opeindig as geskrapte projekte en pakke weggoopapier.

Wat mens laat wonder hoekom jy nog probeer. Wat, presies, is die punt? Probeer, want dis beter as opgee? Dan spandeer ek eerder al my tyd daaraan om te skryf – oggend, middag en snags, weekdag en naweek, twaalf maande van die jaar tot ek verstryk, en om te publiseer wat ek geskryf het, en te bemark wat ek gepubliseer het.

Is dit nie genoeg nie? Wie doen beter? Mense wat kinders kry? Doen hulle noodwendig beter? Laat hulle meer agter? Is dit wat hulle agterlaat noodwendig goed? Wat van as hulle kinders fokops en kriminele word? Wat van as hulle kinders gierige, korrupte bedrieërs word, of dwelmslawe en alkoholiste?

Ek probeer geld maak. Want dis die regte ding om te doen. Want ek hou daarvan om te eet. Want ek hou daarvan om met seep te was, en ek hou daarvan om ten minste twee keer per dag my tande te borsel. Want ek hou van skoon klere, al het my hemde en broeke beter dae gesien.

Ek moet geld maak. En my vrou moet geld maak. Na werk kyk my vrou TV, of sy maak die huis skoon. Na werk, wat op hierdie stadium sinoniem is met verskynings as Engelse onderwyser want dis al wat ek skynbaar kan doen om geld te maak, doen ek meer werk, want ek wil nie méér verskynings maak as Engelse onderwyser nie, en dis in elk geval nie volhoubaar nie. Ek as ek klaar die ander werk gedoen het, moet ek verder skryf, en publiseer wat ek skryf, en bemark

wat ek publiseer. Werk, werk, skryf – wat ook eintlik werk is, maar net tel as werk as dit geld maak.

Elke dag byt mense stof. Elke dag. En die wêreld gaan voort. Dis nie dat mense nie omgee nie, dis net dat hulle eie lewens nie stilstaan net omdat iemand gesnuwel het nie.

Elke dag byt mense stof, slagoffers van omstandighede, slagoffers van ander mense se bose dade, of slagoffers aan eie hand.

Dis eenvoudig: Jy móét jouself staande hou, anders sál jy stof byt. En die wêreld sál voortgaan sonder jou.

Kersdag is 'n bietjie soos die lewe

Dinsdag 25 Desember 2012

Kersdag is 'n bietjie soos die lewe.

As 'n hele tafel vol kos voorberei word op die vyf-en-twintigste dag van die twaalfde maand van die jaar, 'n spesiale boom die sitkamer binne gesleep word en vol liggies en balletjies en poppies en sterretjies gehang word, speelgoed vir die kinders gekoop word en toegedraai word in kleurvolle papier, 'n paar liedjies dalk gesing word, en almal hulleself trommeldik eet en lag en kuier en gesels, dan's dit "Kersfees".

As jy nie bogenoemde dinge doen nie, is dit net die vyf-en-twintigste dag van die maand, en die maand is toevallig die twaalfde van die jaar.

So ook, is dit met die lewe.

Slaan hard met dit wat jy die beste doen

Woensdag 21 Augustus 2013

As jy dit wil maak in hierdie wêreld – as jy wil slaag in belangrike doelstellings wat jy vir jouself gestel het, hetsy finansiële welvaart, óf om op 45 of 55 of 65 terug te kyk op jou lewe en te dink jy't orraait gedoen – moet jy die beste ure van jou dag spandeer deur te woeker met die vaardighede waarin jy die meeste ervaring en/of natuurlike aanleg het.

Indien jy dit wat jy beter doen as enige iets anders opsyskuif ter wille van korttermyn oorwegings, is die kans dat jy 'n mate van sukses kan behaal nie ten volle uitgesluit nie, maar die waarskynlikheid verminder by die dag.

Dis 'n eenvoudige strategie: Slaan hard met dit wat jy die beste doen. Of soos die digter, W.H. Auden, gesê het: “You owe it to us all to get on with what you're good at.”

Donderdag 22 Augustus 2013

Dalk hou jy nie van die idee van kompetisie nie. Dalk glo jy jou enigste wedloop is met jouself. Dalk dink jy die lewe is nie net wiskunde en wetenskap nie.

Wat ook al jou gevoelens oor hierdie aangeleentheid, as jy dit wil maak in hierdie wêreld, beter jy gereed wees om te kompeteer. Vir elke rand wat jy wil maak, is daar 'n ander man of vrou wat hulle visier instel op dieselfde rand. Vir elke produk wat jy hoop om op die mark te sit, of vir elke diens wat jy wil aanbied, is daar ten minste een ander man of vrou wat besig is om te werk aan 'n soortgelyke produk, of wat 'n soortgelyke diens aanbied. As jy dink jy weet iets, weet maar net, iemand anders weet dit heel waarskynlik ook.

Wat staan jou dan te doen? Is daar hoop vir die gemiddelde nie-geniale man of vrou wat nie toegang het tot onuitputlike hulpbronne om op te maak vir tekortkominge nie?

Die hoop is dit: Fokus op jou talente, elke dag. As dit is om koekies te bak en een vars dosyn na die ander te verruil vir harde kontant, dan doen jy dit. As dit is om kitaar te speel of liedjies te komponeer, dan doen jy dit. As dit is om mense bymekaar te bring en hulle iets te leer wat hulle nie geweet het nie, doen dit. As dit is om mense in nood te versorg, doen dit. As dit is om gedigte of essays of stories te skryf ... dan weet jy wat om te doen. Slaan so hard as wat jy kan met jou nommer een vaardigheid.

Wat gebeur indien jy sukkel om geld te maak met jou nommer een vaardigheid, of as jy oortuig is daarvan dat daar nie veel van 'n mark is daarvoor nie? Sug jy, “Dis nou maar hoe die lewe is,” voor jy die geklassifiseerde advertensies fynkam vir die eerste en beste geleentheid om jou tyd te verkoop?

Die sentimente wat ek verwoord in hierdie aantekening is nie gemotiveer deur my oortuiging dat die kreatiewe lewe beter is as 'n lewe waar jy bloot oorleef van een salaris tot die volgende nie. Dis gemotiveer deur 'n oortuiging dat jou beste kans op oorlewing – oorlewing! – is om te fokus op jou beste vermoëns.

Steeds, indien jy reken dat die beste wat jy die wêreld kan bied, geen kommersiële waarde het nie, vra jouself: Is daar enige manier hoe jy met jou vaardighede of talente 'n probleem kan oplos vir iemand anders? Is daar enige manier hoe jy iemand kan help om te kom op 'n goeie plek waar hulle graag wil wees? Is daar enige manier hoe jy iemand kan help om weg te kom van 'n plek vanwaar hulle graag wil wegbeweeg? Selfs al maak jy nie geld deur 'n probleem vir iemand anders op te los nie, kan dit dalk lei tot iets anders wat jou omstandighede sal verbeter.

Die harde werklikheid is dat meeste van ons moet betaal vir ons eie brood en botter, en dalk nog vir enkele ander mense se brood en botter ook. Soms beteken dit dat ons onself moet besig hou met aktiwiteite waar ons nie ons beste talent of vaardighede benut nie, maar dit bly belangrik om nie jou tyd te mors nie. As jy dan gedoen het wat jy moet doen om kos op

die tafel te sit, kom terug by die dinge wat jy beter doen as meeste ander mense. Jou oorlewing, en ook jou uiteindelijke sukses, hang af daarvan.

Middelmatigheid of steek jousef aan die brand

Woensdag 30 Julie 2014

13:15

Meer as 'n maand van stilte ... en dan hierdie:

Is Brand Smit 'n middeljarige verloorder? Wie maak die aantying? Wie verdedig my? Wie argumenteer teen my? Wie is die magistraat? Die samelewing? Onmoontlik. Die samelewing se waardes en standarde is primitief.

Feit is, in hierdie eksistensiële klag maak ekself die aantying, en ekself is die aanklaer, die advokaat, en, uiteindelik, die magistraat. Jy vind jousef skuldig? Dan sal die samelewing jou as skuldig behandel. Jy vind die aantying ongegrond, en verwerp dit? Dan het die samelewing nie 'n saak nie.

16:15

Twee moontlikhede vir my:

Opsie een: Middelmatigheid: Ek publiseer my boeke, maar ek bemerk dit nie; ek weet hoe om geld te maak, maar ek doen dit nie omdat ek nie van geld wil afstand doen om kans te waag nie; ek weet hoe om in beter fisieke toestand te kom, maar ek is te lui.

Opsie twee: Aan die brand: Leef die res van jou lewe soos 'n protesterende Boeddhis in Saigon in 1963.

Jy beter opstaan as jy getel wil word

Maandag 20 Oktober 2014

Ek dink vanoggend dat Medium.com 'n eksklusiewe platform geword het vir skrywers in hul twintigs.

Vyf sekondes later verander ek my opinie. “Bullshit,” sê ek hardop vir myself. “Dis soos om te sê boeke het die eksklusiewe domein geword van jong mense omdat baie mense in hul twintigs boeke skryf.”

“Jy moet opstaan as jy getel wil word,” herinner ek myself. Of eerder, jy moet opstaan as jy 'n kans wil staan om getel te word.

As jy wegkruip in 'n donker hoekie, gaan jy nie getel word nie.

As jy jouself kamoefleer, gaan niemand jou raaksien nie.

As jy platlê, agter 'n bos, gaan jy geïgnoreer word.

Is dit belangrik dat jy getel moet word?

Feit is, baie mense is gelukkig genoeg om hulle lewens te lei sonder om erken te word as enige iets meer as gewone sterflinge.

Maar, as jy deur ten minste 'n paar mense erken wil word vir iets wat jy sê of doen, veral as dit wat jy sê of doen in jou opinie waarde het, dan beter jy op jou voete kom.

Jy bou nog so lekker aan jou kaartehuis ...

Vrydag 19 Desember 2014

Jy's besig om vir jouself 'n huis te bou – met speelkaarte. Iemand stap nader, kyk na wat jy besig is om te doen, en stamp die huis om. Die kaarte fladder aarde toe. Jy's woedend. “Wat de fok ...” gil jy. “Hoe durf jy? Ek was besig om 'n huis te bou – 'n tuiste! Beteken dit niks vir jou nie? Beteken dit niks vir jou dat ek al maande lank bou aan hierdie huis nie?!”

“Ek het jou 'n guns gedoen,” begin die ou te verduidelik. “Ek verstaan dat jy besig was met iets waaraan jy baie waarde heg, maar goeie aarde ou vriend, jou huis was gebou met kaarte! Met speelkaarte! Wat dink jy sou gebeur het as jy en jou familie hier ingetrek het en die eerste storm steek op?”

Jy stap woedend weg, skree elke nou en dan iets vieslik oor jou skouer.

Die volgende dag sien jy weer die ou. Jy skud sy hand. Jy sê, dankie, ek verstaan nou. “Ek was so gefokus op my plan,” gaan jy voort, “op die idee van 'n tuiste, 'n huis van my eie, dat ek die werklikheid misgekyk het.”

Daai selfde dag begin jy, weereens, van voor af.

Geluk en blydskap is die eerste muur, en die laaste boom

Vrydag 30 Januarie 2015

Vir lank het ek geglo blydskap en geluk is luukshede wat slegs geniet kan word deur mense met geen probleme nie. Ek het hard probeer om myself te oortuig dat dit oukei is om gelukkig te wees – dat mens nie 'n aartsonde pleeg en deur 'n bliksemstraal getref sal word as jy met 'n glimlag rondstap en vriendelik is met mense en grappies maak en oor die algemeen redelik positief voel oor die lewe nie.

Met die verloop van tyd het ek myself begin glo.

Helaas, ek val alte maklik terug in ou denkgroewe. Elke nou en dan vang ek myself dat ek weereens dink dat slegs onkundiges, kinders, psigopate en dwase kan wegkom daarmee om geluk en blydskap te ervaar as 'n normale bestaanstoestand.

Die waarheid, soos vele mense reeds weet, is dat geluk en blydskap die eerste muur is wat jou beskerm teen die aanslae van die lewe; geluk en blydskap is ook die boom in die agterplaas waar jy jou laaste posisie sal inneem om jouself lewendig, en min of meer gesond te hou.

Enkele aangename en onaangename waarhede

Vrydag 13 Maart 2015

Meeste ondernemings wat aangepak word, misluk.

Meeste beleggings wat gemaak word, betaal nooit 'n dividend nie.

Meeste boeke wat geskryf word, word deur baie min mense gelees.

Meeste webwerwe word weinig besoek.

Meeste nuwe musiek word deur min mense gehoor.

Optimisme en geloof stu jou soms voort, en soms is dit jou ondergang.

Dit moet ook genoem word dat indien jy een onderneming aangepak het en dis suksesvol, is die waarskynlikheid beter dat jou volgende onderneming ook suksesvol sal wees.

As jy een belegging gemaak het wat wins oplewer, is daar 'n goeie kans dat jy hierdie sukses sal herhaal in jou volgende belegging.

As jy een boek geskryf het wat gelees word deur ten minste 'n paar honderd mense, is die waarskynlikheid goed dat jou volgende boek ook deur ten minste 'n paar honderd mense gelees sal word.

As jy een webwerf ontwikkel wat gereeld besoekers kry, is die kans goed dat jou volgende webwerf ook besoek sal word.

As jy 'n paar van jou eie liedjies beskikbaar stel en 'n duisend mense luister daarna, is die kans goed dat hierdie mense ook na die volgende snit sal luister wat jy uitreik, en dalk vir ander mense sal vertel daarvan.

Sukses, soos die spreekwoord sê, verwek immers meer sukses, en as jy min het van enige iets, sal jy waarskynlik in die toekoms nog minder daarvan hê.

Een alternatief om voor 'n trein in te stap

Maandag 16 Maart 2015

In mens se affer tye dink jy soms dinge wat bietjie rof is. Dan, wanneer jy weer beter voel, besef jy hoeveel van daai dinge eintlik waar is.

In my geval: In die eerste plek sal ek nooit verwar kan word vir 'n Viking kryger nie. Kan ek myself of my geliefdes beskerm in 'n oomblik van nood? Ek weet nie. Tweedens, ek is amper 44, en hoewel ek nie skuld het nie, maak ek nie veel geld met my paar deelydse posisies nie. Derde plek, ek het nie kinders nie, en sal heel waarskynlik nooit kinders hê nie. Vier: Ek het onlangs 23 keer “Ja” geantwoord op 'n lys van 27 vrae om vas tel of ek kwalifiseer as 'n Hoogs Sensitiewe Persoon – wat onder andere beteken dat ek meer vatbaar is vir fisiese pyn, en selfs emosioneel geaffekteer kan word deur 'n groot lawaai. (Nie een van die vrae was oor hoogtevrees nie, maar ek kon dit ook nog byvoeg.) Punt vyf: My ouers en my susters dink ek is 'n verlore saak wat deksels gelukkig was om 'n goeie vrou te ontmoet. Ses: Ek sukkel vir jare om geld te maak met allerhande projekte ... en sukkel steeds voort.

Wat staan 'n mens te doen? Wat is my opsies?

Een is selfmoord. Get it over and done with. Maak plek vir iemand anders, dalk iemand beter.

Nog 'n moontlikheid is om regtig hard te werk en een na die ander beskouing van jou op sy kop te draai en almal hulle woorde, en hulle opinies, te laat eet. Klink lekker. Kan werk.

'n Ander moontlikheid is om voor te gee dat nie al die slegte dinge wáár is van jou nie, dat jy nie soveel van 'n verloorder is nie. Terwyl jy doelbewus sommige dinge ignoreer, werk jy daaraan om te verbeter wat binne jou vermoëns is om te verbeter.

Moeilik om voor te gee, mag jy dalk sê. Nie maklik om te ignoreer wat vele mense van jou dink of sê nie, mag jy dalk byvoeg.

Dink so daaraan: een alternatief is om voor 'n trein in te stap.

Net genoeg projekte, en goeie stelsels om dit te behartig

Woensdag 25 Maart 2015

Op Vrydag 13 Maart en Saterdag 14 Maart het ek aantekeninge gemaak oor die probleem dat ek te veel projekte onderneem.

Die laaste paar dae dink ek weer oor my mislukkings, bowenal die oorkoepelende mislukking om 'n meer skaflike inkomste te verdien, en my enkele suksesse – veral my skryfwerk, wat, indien dit kommersieel suksesvol was, ek nie nodig sou gehad het om hierdie nota te maak nie.

Dit bring my toe by 'n vraag waarom ek al soveel besin het dat sommige professionele mense sal sê ek het 'n obsessie hieroor. Twee dinge staan uit as redes hoekom ek vashaak by my huidige inkomste:

1) Ek het vanaf 2006 'n tendens voortgesit wat ek reeds in 1999 begin het, en dit is om te veel projekte aan te vat (soos ek reeds genoem het).

2) Ek het nie goeie stelsels in plek om projekte te bestuur en selfs 90% outomaties te laat loop nie.

Aanvanklik het ek gedink dit is óf die een rede óf die ander een, maar toe besef ek selfs al het jy net een onderneming, of een projek, as jy nie 'n goeie stelsel het om dit te bestuur nie, gaan dit nie op die langtermyn suksesvol wees nie. En selfs al het jy 'n goeie stelsel vir een of twee verskillende projekte, kan jy nie aanhou om projekte aan te vat nie want goeie stelsels val nie uit die lug wanneer jy dit nodig het nie – dit vat tyd en moeite en dalk geld om 'n goeie stelsel te ontwikkel.

Dus, vir elke projek of inkomste-genererende onderneming wat jy aanpak, het jy 'n goed uitgewerkte stelsel nodig ten einde die waarskynlikheid van sukses ten minste 50% te maak, indien nie beter nie.

Dus twee: Goeie stelsels vat tyd, moeite en heel waarskynlik geld om te ontwikkel. Weerhou jouself derhalwe

daarvan om projekte aan te pak of ondernemings te begin voor jy nie 'n goeie stelsel het om die nuwe projek te bestuur en uiteindelik op outomaties te sit nie (indien moontlik).

Dus, drie: Fokus daarop om goeie stelsels te ontwikkel, werk dan een vir een jou projekte in die stelselmasjien in, en oorweeg dan om iemand te betaal as opsiener of assistent om seker te maak die masjien loop goed.

Neem eienaarskap van jou mislukkings

Donderdag 7 April 2016

Ek lees vroeër vanaand 'n nota wat ek geskryf het op Vrydag 28 Augustus 2015. Die nota gaan oor sukses, maar soos die storie maar is, gaan dit meer oor mislukking. Ek hou regtig van die stuk. Ek is vies toe ek bevestig wat ek vermoed het: ek het nog nie die teks geredigeer nie so dit is nog nie gepubliseer nie.

Ek reken die rede vir die vertraging is dat die deel oor mislukking my 'n bietjie te kaal laat voel, te weerloos.

Bespring 'n gedagte my toe soos 'n besete kat: Neem eienaarskap van jou mislukkings.

Ek is reeds eerlik oor my mislukkings, maar ek dink nou al vir 'n geruime tyd aan die ongemak wat ek steeds daarvoor ervaar.

Feit is, mislukking in my pogings om meer geld te maak vanaf 2006 is 'n integrale en belangrike deel van my lewensverhaal. Ek behoort dit nie toe te gooi, of met suiker te besprinkel nie. Ek moet dit nie probeer wegpraat, of praat daarvoor asof dit nie heeltemal waar is nie (in elk geval bietjie te veel van 'n uitdaging).

Net soos wat ek ander goed wat ek gedoen het waarmee ek gelukkig is, aanvaar as deel van my storie, so is mislukking ook deel van my storie. Dit is my mislukking. Dit is my proses. Dit is my lesse geleer. Dit is my emosionele ongemak, en my teleurstelling. Ek het duur betaal daarvoor, en ek moet maak daarmee wat ek wil.

Ek het al misluk in vele ondernemings wat ek aangepak het sover in my lewe. Ook dit, is ek.

Die winsgewende periode 2006 tot en met die begin van 2011

Donderdag 8 September 2016

Sedert 2011 al dink ek aan die jare 2006 tot en met die begin van 2011 aan 'n periode van verlies. Wat presies het ek verloor? Tyd, het ek nog die heelryd gereken – want ek het soveel daarvan gemors om te probeer geld maak op allerhande maniere.

Hier is 'n meer positiewe siening van daai periode. Ek het geleer hoe om my skryfwerk te publiseer – insluitende formattering van manuskripte om gedrukte kopieë te kan maak, die skepping en formattering van elektroniese boeke, die opstel van 'n WordPress webwerf, basiese webontwerp, bemarking; ek het geleer van sportweddenskappe en pryshandel op sportmarkte, en ek het begin leer om geld te maak op die finansiële markte.

En, dames en here, binnekort sal ek kan sê dat die periode 2006 tot en met die begin van 2011 ook opgelewer het 'n projek bestaande uit meer as 70 stukke [Post Ongetiteld, volume drie] oor onder andere die lang en moeilike proses om te probeer geld maak sonder om vir iemand anders te werk – wat die materiaal heelwat anders maak as die materiaal wat dit voorafgegaan het, want dit gaan oor foute maak, op jou gesig val, jouself in die verleentheid stel, misluk keer op keer op keer ... en aan die einde besluit jy om meer tyd te spandeer aan dinge wat jou gelukkig maak.

* * * * *

Die wetenskaplike, Donald Hoffman, sê ewolusie begunstig nie mense met 'n goeie begrip van objektiewe werklikheid nie – dit wil sê, realiteit soos wat dit werklik is, maar dat dit diegene begunstig wat die werklikheid waarneem op 'n manier wat hulle in staat stel om op effektiewe wyse te oorleef en suksesvol voort te plant. (Verwysing in die stuk “What If Evolution Bred Reality Out Of Us?” deur Adam Frank, op NPR.ORG.)

* * * * *

Was dit die tyd en geld werd omdat jy iets geleer het oor jousef?

Woensdag 21 Desember 2016

Mens leer jousef ken in uiteenlopende situasies: deur te reis na vreemde lande toe, deur tyd te spandeer met mense van wie jy nie werklik hou nie, en in moeilike tye, alleen of saam met ander mense.

Jy leer ook baie oor jousef deur te spekulereer met geld, sê nou maar op die finansiële markte. Jy sien hoe jy voel en optree na 'n goeie wins, en hoe jy voel en optree na 'n verlies. Jy leer ook hoe jy voel, en hoe jy optree, na 'n katastrofiese mislukking.

Hoe lank dit jou vat om op te gee, is nog 'n belangrike ding wat jy van jousef leer, asook hoe lank jy aanhou met 'n ding omdat jy nie wil opgee nie, al kan selfs 'n stokblinde mens sien jy kom nêrens nie.

Kwalifiseer dit as opgee as jy jou ervaring verskuif na iets anders toe, of as jy dinge wat jy geleer het toepas op 'n totaal ander mark? Het jy dan steeds jou tyd gemors? Het jy dan steeds jou geld gemors?

Hoe bereken 'n mens "wins" as dit kom by selfkennis? En beteken dit noodwendig iets was minder van 'n mors van tyd omdat jy 'n paar waardevolle dinge geleer het oor jousef?

'n Goeie en suksesvolle dag word opgebou laag vir laag

Woensdag 28 Desember 2016

Wie begin sy dag met 'n manifes op sy lippe, en 'n fyn-uitgewerkte bloudruk in sy kop?

Feit is, meeste mense se dae begin met noodsaaklikheid: jy staan op want jy't nodig om badkamer toe te gaan, omdat jy honger is, en omdat jy afsprake gemaak het met mense en ondernemings en as jy nie opdaag nie, gaan jy in die moeilikheid wees.

En so begin jou dag. Uiteindelik stort jy en jy borsel jou tande, jy trek aan, en jy gaan êrens heen om jou brood en botter te verdien, of om andersins van waarde te wees vir die gemeenskap.

Laag vir laag word jou dag opgebou. Hier en daar maak jy 'n fout. Hier en daar sê jy iets of doen jy iets wat jou in verleentheid stel, maar na 'n paar minute of 'n uur of so is jy weer volstoom aan die gang.

Teen die tyd wat die dag verby is, kyk jy dalk terug na 'n goeie en relatief suksesvolle dag. Het jy dit begin met slagspreuke wat oor jou lippe gerol het, en 'n plan wat netjies uitgedruk langs jou bed gewag het vir jou om dit meganisties te volg? Heel waarskynlik nie, hoewel jy sekerlik 'n goeie idee gehad het hoe jy graag sou wou hê jou dag moet verloop.

So is dit met ander ondernemings en projekte wat jy aanpak. Jy het 'n goeie idee wat jy moet doen om redelike goeie resultate te bewerkstellig. Jy het 'n goeie idee wat jy nie moet doen nie om uit die moeilikheid te bly. Jy maak nogtans so nou en dan foute, en jy gly so nou en dan op 'n piesangskil. Maar suksesvolle resultate sal soos 'n goeie en suksesvolle dag opgebou word laag vir laag – tien, twintig, honderd groot en klein aksies en stappe wat een na die ander volg om 'n goeie resultaat te bou.

Slagspreuke is goed. Manifeste het hulle plek. Sekerlik moet jy weet wat jy moet doen. Maar sukses is meestal die resultaat van een laag klein, oënskynlik onbelangrike aksies op die ander. Net soos 'n goeie en suksesvolle dag.

Nie presies op dieselfde onderwerp nie, maar in dieselfde gees: Scott Adams skryf die volgende op sy blog by Dilbert.COM: “The idea of a talent stack is that you can combine ordinary skills until you have enough of the right kind to be extraordinary. You don’t have to be the best in the world at any one thing. All you need to succeed is to be good at a number of skills that fit well together.”

Slaan die drom met oorgawe, of laat sak jou kop in skaamte

Maandag 13 Februarie 2017

Ek kyk 'n program getiteld *Heart of Taiko*, oor die tradisionele Japannese drom. Die program volg drie Maleisies-Japannese tienermeisies wat 'n taiko-groep gestig het in Penang. Hulle word genooi om 'n werkswinkel by te woon by 'n legendariese vervaardiger van taiko-dromme in Japan. Hulle ontmoet drie van die land se top vroulike spelers, wat hulle een na die ander onder hande kry om hulle te leer van tegniek en korrekte optrede. Aan die einde van die paar dae word daar verwag van die groep tieners om saam met die Japannese dromspelers 'n vertoning te lewer voor 'n uitgesoekte gehoor.

Die jonger van die drie Japannese meesters neem die voortou met die opleiding. Sy is krities van die begin af. Die meisies speel nie saam nie. Hulle vertoon 'n gebrek aan toewyding. Sy gee vir hulle pakke tydskrifte toegedraai in papier om op te oefen, en sy wonder die volgende dag hoekom die pakke nog nie stukkend geslaan is nie. Sy kyk na hulle handpalms. Hoekom is dit nie stukkend nie? Hoekom is daar geen blase nie? Sy vat hulle na 'n winderige strand toe waar hulle wydsbeen moet staan en swaar dromstokke bo hulle koppe moet hou terwyl hulle iets gil. Dit terwyl 'n sterk wind dreig om hulle om te waai. Hulle doen oukei, maar steeds is hulle leermeester nie beïndruk nie.

Die volgende dag gaan hulle na 'n klooster toe om te mediteer – hulle sit stil op kussings en staar na 'n wit muur. Aan die einde daarvan beskryf die een meisie dit as 'n baie leersame ervaring. Sy sê sy het geleer dat mens ten volle teenwoordig moet wees in die oomblik.

Hulle gaan terug na die opleidingsentrum toe. Hulle oefen harder.

Die dag daarna moet hulle weer dromme speel vir hul leermeester – die jong, professionele taiko-speler. Hierdie keer glimlag sy. Hulle maak nog baie foute, sê sy. Daar's nog baie wat hulle moet leer. Maar, en dit sê sy met groot tevredenheid – sy sien meer toewyding in hulle oë. Sy sien dit ook in hulle armbewegings: die arms word hoog opgelig, en hard afgebring op die dromvel. En hulle skree lekker hard.

En hulle leer: Tegniese foute is een ding; ons werk daaraan. Almal maak foute aan die begin. Foute is vergeeflik. Wat onvergeeflik is, wat om die waarheid te sê 'n groot verleentheid is vir almal, is gebrek aan toewyding.

Indien jy hierdie bundel geniet het, of dit opvoedkundig gevind het, oorweeg dit asseblief om 'n gedrukte kopie te koop, of 'n elektroniese kopie vir jou leestoestel.

Onthou: die skrywer moet ook eet en huur betaal!

BRANDSMIT.NET/BOEKWINKEL



* * * * *

Beskikbare titels deur Brand Smit – in beide digitale en gedrukte formaat:

*In die greep van ketters – of, Die Christen
Nie tafel, hond of potlood nie
Die werklike, of nie-werklike doel van ons bestaan
Solank jy staande bly ...
Die noodsaaklike onaangenaamheid
Die volwasse lewe
Oor skryfwerk en die skrywer
Ballingskap*

*Dertien minute op 'n Saterdagavond
Tyd vlieg nie regtig nie*

Koors/Fotografie: Twee versamelings gedigte

Meer inligting is beskikbaar op die skrywer se webwerf:

BRANDSMIT.NET

* * * * *